

HOOFSTUK 1

1. VERANTWOORDING

"The aim of poetry is to create from language a closed relation system by resolution of the two forces of order and disorder, not by the total exclusion of one or other, but by utilizing each so that each may cancel the other out and a momentary equilibrium be formed." (Sewell, 1951:85.)

1.1 INLEIDING

Hierdie studie poog om 'n ondersoek te wees na die verwikkeldheid van die vrouebeelding in die poësie van Shiela Cussons.

Die Franse simbolistiese digter, Charles Baudelaire (1821-1867) en sy geesgenote, onder andere Arthur Rimbaud (1854-1891) het die digter gesien as "le poète voyant" (die digter-siener) en Chadwick (1971:3) voeg vervolgens by: "... endowed with the power to see behind and beyond the objects of the real world to the essences concealed in the real world".

In die representasie van die werklikheid soos 'n mens dit in Sheila Cussons se poësiebydrae vind, is bogenoemde beskouing van Baudelaire in 'n groot mate toepaslik. Die uitgebreide navorsing wat al oor die oeuvre van Cussons gedoen is, dui op die onmiskenbare waarde en die belangrikheid van haar poësie in die Afrikaanse literatuur. Verskeie aspekte van haar werk is al in formele en ander studies nagevors en dit toon duidelik die voortdurende belangstelling in die wye navorsingsterrein wat die uiteenlopende aard en tematiek van die poësie van Sheila Cussons bied. Daar het ook verder gereeld artikels in toonaangewende Afrikaanse literêre tydskrifte oor die poësie van hierdie digteres verskyn.

J.C. Kannemeyer sê oor haar werk (1983:209): "... sy skryf van die beste Afrikaanse poësie in die sewentiger- en tagtigerjare". In haar poësie-oeuvre wat oor twaalf bundels strek, vind 'n mens 'n sterk stilistiese groei en ook die beklemtoning van 'n ander faset in die Afrikaanse Christelik-religieuse literatuur.

1.2 PROBLEEMSTELLING EN AKTUALITEIT

Afgesien van die feit dat daar reeds talle navorsingsprojekte aangepak is waarin verskillende aspekte van haar poësie verken is, is daar nog geen diepgaande studie gedoen oor vrouepersonering soos dit in haar poësie manifesteer nie.

Die probleem wat met hierdie studie ondersoek sal word, is die belangrikheid en die verwickeldheid van die personering in Cussons se poësie, die frekwensie en wyse van verwoording van die vrouefigure om sodoende 'n moontlike indelingsprinsiep te formuleer. Aangesien hierdie onderwerp nog nie diepgaande ontgin is nie, hoop ek om 'n bydrae te lewer tot die begrip van vrouepersonering in Cussons se poësie.

As Christelik-religieuse digter met sterk Rooms-Katolieke inslag, gebruik Cussons as kernfiguur in haar vrouebeelding die Maagd Maria. Verskillende aspekte van Maria se lewe en persoonlikheid word belig, byvoorbeeld die smart oor die dood van 'n geliefde Seun:

...
 het jy die swaard in jou hart verduur
 so stil, so stil
 Moeder van God, tot jou laaste uur.
 ...

(Cussons, 1978a:21.)

Verder kry ons die uitbeelding van Maria as middelaar tussen mens en God:

...
Ave Maria gratia plena Domine tecum
bid vir ons nou en in die uur van ons dood.

(Cussons, 1978a:71.)

Die strewe na eenwording met God word ook verbeeld in Maria-gedigte, byvoorbeeld "Die tussenkoms" waarin haar nabyheid aan God beny en nagestreef word:

Was die fees te rojaal
en die wyn te min
dat u Moeder u eerste wonder
moes doen?
Vinnig om 'n verleentheid
af te wend,
roekeloos seker van haar (u) saak
toe sy die dienaars nader wink
om te doen soos U sê, en toe sê U dit,
sy die Geloof en U die Woord -
En soos dit was so sou dit wees:
dat u haar nooit iets weier nie,
dat sy ons steeds na U toe wink,
soos daardie dag by die bruiloffees.

(Cussons, 1988:28.)

Maria word hier uitgebeeld as die moeder wat nooit iets geweier sou word deur haar kind nie. Die implikasie in versreël 3 en 4 is dat Maria eintlik die wonder moes inisieer. Hierdie intieme eenheid van moeder en Seun is die belangrikste strewe wat deur die spreker hier verwoord word.

Die tradisionele Rooms-Katolieke dogma is vir Cussons ondergeskik aan haar noue verwantskap met Christus en die Godsopenbaring van die Bybel. God word altyd eerste gestel en alle dogma is ondergeskik aan die genade van Christus. Rondom die Maria-figuur as kern van die vrouepersonasies, vind ons 'n ryke verskeidenheid ander vrouefigure: die heiliges van die Rooms-Katolieke kerk uit die Middeleeue, soos Teresa van Avila (Cussons, 1978b:1), verskeie nonfigure (Cussons, 1978a:64) en

andere - verder kry ons historiese figure uit sowel die Griekse as die Romeinse mitologie asook figure uit die Rooms-Katolieke geskiedenis uit die Middeleeue:

... - Dan hoe swerm die ou geheime
weer terug, hoe róér die donker bronne
onder die denke waar die potige Graeae hou
en Aphrodite die wit mossel:

...

(Cussons, 1978a:29.)

Die verweefdheid van haar poësie met die mitologie, religie en sprokies blyk byvoorbeeld uit die gedig "Die werf":

...
O verlore werf, ek kon die hele Ou Testament
in jou vind, en die Griekse legendes en Andersen.

(Cussons, 1978a:14.)

Daar is ook heelwat kunstenaarsfigure in Cussons se poësie; met sommige verkeer sy in gesprek; ander se werke bring 'n skielike ingewing vir 'n gedig. Sy verklaar haar wye kunsliefde soos volg:

...
Teken, skilder, musiseer of min, dis alles een,
verloop langs een en dieselfde lyn, styg tot dieselfde
uiterste: ...

(Cussons, 1983:21.)

Laastens kry ons ook kontemporêre vrouefigure uit elke vlak van die samelewing: Bediendes en meesteres, jong meisies en ou dames, siekes en gesondes. In "Desibel" word twee generasies saamgebring:

Alles leef gekramp in 'n eie noodsaak:
die adolessent klap met die boude van sy hande
teen die stomp tafel en jou luidrugtig
op die maat van 'n popmusiekplaat.
Die ouma peul byna blind
na 'n beeldradioprent
en ek skreeu geluidloos al my kontinente
se agonie uit 'n penpunt.

(Cussons, 1978a:37.)

'n Verdere kategorie vrouefigure is die Bybelse figure uit die Ou en Nuwe Testament. Cussons (1983:8) sê self: "Kuns en beskouing is êrens één aktiwiteit." Gesien vanuit haar Christelike lewensbeskouing is hierdie vrouebeelde totaal geïntegreer in haar poësie-oeuvre. In "Ecclesia" sê die persoonlike spreker dat handeling 'n rigting het en geen taak is waardeloos nie:

... So sommer so -
 die hene het besig bly skrop -
 so weerlig-gewoon het Kerk gebeur:
 tussen Martha wat 'n huisvrou was
 en God die timmerman.

(Cussons, 1979b:70.)

Weereens het ons die strewe na 'n nabywees aan God, soos sy dit in haar gedigte oor Bybelse vrouefigure verwoord. Sy gebruik hierdie vroue as "objective correlatives" om haar eie strewe na intieme samesyn te beeld, soos in "Martha":

My lewe lank wou ek hom ken
 soos sy, wat lui beweeg het
 en nooit by hom verleë
 was - nie net aan my tafel ete gee,
 maar aan sy voete aandagtig sit
 soos sy - maar nee.
 Ek had te weinig 'nood' miskien:
 ek ook kon gee, (vergeef my trots.)
 Hy was U wakker Water self ... en God,
 ek toe te min ... te min benarde rots!

(Cussons, 1970:29.)

Die probleem waarmee dus in hierdie studie omgegaan sal word, is die verwikkelde personering van die vrouegestaltes in Cussons se poësie. Deur 'n diepgaande studie van die vrouefigure in hulle historiese konteks, die wyse van vergestaltung en die frekwensie van voorkoms van verskeie vrouepersonasies wil ek poog om die belangrikheid van hierdie konsepsuele strukturelement in die poësie te belig. Ek wil verder die problematiek van individuasie, soos dit by Cussons voorkom, deur die bestudering van die keuse van haar vrouefigure en die wyse waarop hulle verbeeld word, belig.

1.3 BEGRIPSOMSKRYWING

Soos reeds genoem, is die titel van hierdie studie Die verwickeldheid van die vrouebeelding in die poësie van Sheila Cussons. Die begrip "verwickeld" word verklaar as: "betrek of verstriek in, in moeilikhede verwickel" (De Villiers, 1971:586) en ook as: "baie ingewikkeld, erg verwickelde geval" (Odendal, 1988:1277). Met hierdie studie word geponeer dat daar so 'n verwickeldheid in die poësie van Sheila Cussons bestaan en dan wel in die volgende opsigte: haar tematiese keuses, byvoorbeeld die alledaagse in die lewe van 'n vrou: kombuis, musiek, letterkunde, ensovoorts; gestaltegewing soos Hercules Seghers, Chandler, Brönte, St Teresa de Avila, Abélard en Hera, maar soos reeds vermeld veral die Maagd Maria en ander Bybelse vrouefigure.

In hierdie poësie kom 'n groot aantal gestaltes na vore en ek sal poog om die verwickeldheid in hierdie gestaltegewing aan te dui ten opsigte van die keuse van gestaltes, kategorieë gestaltes en die verband tussen die verskillende vrouefigure.

Ook op die vlak van die mistiek, die religieuse en die mitologiese verwysing word daar 'n verwickeldheid bespeur. Een- en deelwording met God is deel van die mistieke verlange by Cussons.

Die term mistiek het baie omvattende konnotasies. Merril (1976:19) noem dit: "a trend of experience leading towards a union with God". 'n Relevante opmerking word gemaak deur Buchler (1974:131): "We cannot say, of what prevails, that it is unreal. We cannot say, of what is that it does not prevail in any order. The task of the query of course, is to ascertain (...) in what way it prevails, in what order, in what kind of order." Dat die mistieke ervaring vir Cussons 'n absolute werklikheid is, is egter duidelik in haar poësie merkbaar.

Mistiek, is die intense, subjektiewe gevoelservering waartydens die siel of innerlike van die mens hom afkeer van die empiriese en rasionele wêreld in sy strewe om hom met God te verenig. Dit is "'n belewenis wat uniek is ten opsigte van die ervaring van eenheid met Christus, verligting en suiwering" (Pretorius, 1981:16). In Cussons se poësie is suiwering uitgelig, veral as ervaring met God asook kennis van God wat deur kontemplasie heen 'n ontdekking van versluierde waarhede is. Cussons verwoord hierdie suiwering soos volg in "Gebed van die loot aan die wynstok":

...
 U sal uit die vurige sap
 wat U nou tot besinning kasty
 iets wat helder en edel is eindelik distilleer.

(Cussons, 1979a:33.)

Olivier (1985:63-64) onderskei tussen twee soorte mistiek, naamlik "die spekulatiewe mistiek" wat gerig is op kennis van die godheid en "affektiewe mistiek" wat gerig is op 'n kennis-making met die godheid. Edsman (1970:10-11) gee die volgende definisie van 'n mistieke ervaring: "(It) is ineffable, filled with a particular feeling of happiness and love for all things. The whole world is experienced as coherent and meaningful ... and the experience thus implies new knowledge. In the brief experience of the depth of existence the sense of time and space is suspended or rather expanded."

Cussons het met haar mistieke verwoording teruggegaan na die oudste bron van die mistiek, naamlik die Rooms-Katolisisme. In haar poësie kom die verlange na die godheid en die mistieke wonder by herhaling voor. Aangaande haar poësie sê Olivier (1985:245): "Die besef van die godheid, is in hierdie gedigte aangedui as 'droom' en staan teenoor die poging van die verstand of gees om die godheid te kan omvat ...".

Om hierdie droom te verwerklik, word die wese van die mens verander; Olivier (1985:245) sê in die verband: "die

waardesisteem van die mistikus het in sy ervaring verander, en vir ander mense lyk dit inderdaad of die mistikus gek geword het".

In Cussons se poësie staan transformasie en transfigurasie sentraal. Met ander woorde daar is sprake van 'n spanning tussen twee werklikhede, soos Olivier (1985:278) dit stel: "... die grootste enkele organisasiebeginsel" in die mistieke poësie. Cussons verwys voortdurend na 'n aardse werklikheid en dan 'n êrens "bo", 'n "daar", 'n veranderde toestand, soos sy dit verwoord in "Karmeliet in haar sel":

...., maar iets du
my boontoe weg van jou
én dit lók my én ek gru.
O maar dit lók my
soos 'n verre vuur
en o ek kóm, heilige geweld
teen my natuur.

(Cussons, 1978a:64.)

Verweef daarmee is 'n bewussyn van die historiese, 'n realisering van die antieke verlede in die hede, soos verwoord in "Antieke wandeling":

... - Dan hoe swerm die ou geheime
weer terug, hoe róér die donker bronne
onder die denke waar die potige Graeae hou
en Aphrodite die wit mossel:
...

(Cussons, 1978a:29.)

Sy weef mites en religie ineen in 'n indringende soeke en deurgronding van haar verwantskap met God. Sodoende vind ons 'n jukstaposisie van teenoorgesteldes en 'n genadige eenwording van onversoenbares. Sy ontgin die magie en misterie verbonde aan die transfigurasies in sprokies, legendes, mitologie en die Bybel.

1.4 AFBAKENING VAN DIE STUDIE

Alhoewel daar talle gestaltes in Cussons se poësie voorkom, sal hierdie ondersoek slegs gerig wees op die vergestaltung van die vrouepersonasies. Gesien in die lig van Cussons se eksplisiete Rooms-Katolisistiese lewensbeskouing, het die keuse geval op die figuur van die Maagd Maria, wat die belangrikste rol speel in die gestaltegewing soos dit by Cussons voorkom.

Al die vrouepersonasies sal in hierdie studie bespreek word, asook die verband tussen hulle. Die motivering vir die keuse van spesifieke vrouefigure sal ook aangetoon word.

Die ondersoek sal beperk word tot toepaslike gedigte uit haar hele poësie-oeuvre en uit die toepassing sal die resultaat geformuleer en geverifieer word aan die poësieteorie wat in die studie van toepassing is.

Die studie word gebaseer op die strukturalisties-semiotiese teorie en daar sal aangetoon word dat die verwikkelde persone-ring in Cussons se poësie bydra tot die assosiatiewe krag en ikonisiteit van haar gedigte. Sheila Cussons se indringende soeke na omsetting, na deurgronding kom telkens tot uiting in die vrouepersonering en dui eksplisiet op haar Jungiaanse strewe na individuasie en haar bewussyn van die kollektiewe onbewuste.

1.5 OORSIG VAN VORIGE NAVORSING OOR CUSSONS EN LEEMTES WAT NOG BESTAAN

Sheila Cussons is een van die groot digters in die Afrikaanse letterkunde, soos die talle bekronings vir byna al haar bundels bewys, asook talle studies en artikels wat die lig gesien het oor die verskillende aspekte van hierdie onuitputlike oeuvre. Ek sluit 'n volledige lys van gepubliseerde studies en artikels in die bibliografie in.

Die indrukwekkende navorsingslys aangaande Cussons se poësie dui eerstens op die rykheid en geskakeerdheid van haar poësie en verder dui dit ook op die feit dat die gestaltes, en veral dan vrouepersonasies, nog nie ontgin is deur navorsers nie. Dit was dus my motief by die keuse van hierdie spesifieke studieterrein om sodoende 'n verdere bydrae te lewer tot die omvattende navorsing wat oor hierdie digter se werk bestaan.

1.6 SENTRAAL-TEORETIESE STELLING

Daar word van die veronderstelling uitgegaan dat personering in die poësie op 'n unieke wyse deur elke digter verwoord word. T.T. Cloete gebruik onder andere selfobjektivering in sy personering en hy skryf uit 'n suiwer Protestantse lewensbeskouing, soos dit in "Diere" verwoord word:

Here God U het my bekeer
tot diere hou my
nou aan U dierlik toegewy
die hond geheg aan sy Heer.

(Cloete, 1982a:73.)

Antjie Krog skryf 'n selfportret waarin sy ontblotend eerlik haarself aan die bod stel:

...
Wat die spieël met die reëngedempte lig nie sê nie
is dat sy smôrens skilfers op haar wenkbroue kry
hare uit haar neus moet knip
haar snor moet afhaal met room op die kruissteek bo-lip.

(Krog, 1981:47.)

Omdat Cussons vanuit 'n Rooms-Katolieke lewensbeskouing skryf, kry ons 'n opvallende herhaling van die figuur van Maria, assosiatiewe beelde, simbole en verwysings wat 'n sterk bindingsmiddel in haar poësie is, soos "Klein ballade" (1978:20), "Maria" (1978a:21), "Ses op 'n tema" (1978a:66) om maar enkeles te noem.

Op grond van haar Rooms-Katolieke lewensvisie veronderstel ek 'n verband tussen die Maria-figuur en die ander vrouepersonasies. Veral haar uitbeelding van die vroue uit die Nuwe Testament dui op so 'n verwantskap. Sy lê besondere klem op die vroue se naby-wees aan Christus, op hulle sondigheid en alledaagsheid, op Christus se aanvaarding van hierdie gewone, sondige vroue en dan ook op hulle toewyding aan Hom. Dit dui op 'n vereenselwiging met hierdie vroue soos ook met Maria in die gedig "Aanskouing":

Ek is die Vrou
 Ek is sy gewreek in my eie vlees deur die Ondraaglike
 Ek is die Maagd.

(Cussons, 1990:42.)

Omdat argetipes so prominent figureer in haar poësie, kan 'n mens aanvaar dat Jung se individuasiëteorie 'n geïntegreerde element van haar vrouepersonasies sal wees, en ek sal poog om 'n duidelike verband te lê. Onder individuasie word verstaan: "... that a person amalgamates the conscious with the unconscious, whereby the centre of the personality is shifted from the ego to the Self" (Jung, 1959:44). Aangaande argetipes lui sy teorie soos volg: "The contents of the collective unconscious are called archetypes" (Jung, 1959:4) en verder sê hy: "Archetypes are primal ideas or forms or universal images." (Jung, 1959:5.) In hierdie studie sal gepoog word om die verband tussen hierdie teorieë en Cussons se vrouepersonasies aan te dui.

Die hipotetiese kompleksiteit, die intertekstuele verweefdheid, beïnvloeding en verwickeldheid van die vrouepersonasies sal ondersoek en aangetoon word op semantiese so wel as linguistiese vlak. Sy stel dit só in "'n Sny brood":

...: as net die woord
 gevind kan word, maak elke
 duister en tergende en verwickelde
 ding meteens verbasend sin.

(Cussons, 1979a:53.)

In 'n gesprek met Johan Bruwer in Rapport (19 Aug. 1979) sê Cussons onder andere die volgende: "... ons loer net deur 'n klein gaatjie in 'n heining en ons kan nie alles of altyd helder sien nie. Maar af en toe kry jy 'n klein genade, 'n klein blik op 'n groot patroon, ook in jou eie lewe." Dis hierdie "klein genade" wat helder in die verwikkelde patroon van haar oeuure blink.

1.7 DOELSTELLINGS VAN DIE NAVORSING

- Om die ars poëtiese werkwyse van die digter ten opsigte van vrouebeelding te ondersoek en te beskryf.
- Om die poësieteorie toe te pas ten opsigte van vrouepersonering soos dit in die oeuure van Sheila Cussons verwoord word.
- Om die verwickeldheid van die ars poëtiese manifestasie in Cussons se poësie in al sy geledinge te ondersoek.
- Om die hele oeuure van Cussons te bestudeer, waarna spesifieke gedigte geselekteer word om die verwickeldheid van die personering te ondersoek.
- Om die geïdentifiseerde vrouepersonasies te kategoriseer en te beskryf.

Die doelwit van die studie word in die volgende woorde van Staffer (1946:264) in mindere of meerdere mate omlin: "We may best approach the realm of poetry as if we assume that it is neither to be glimpsed at casually nor passed over as incomprehensible. We do not travel into its domain to escape from life, but to understand life. And there, for moments at least, we discover human experience at its fullest, noblest and best."

1.8 METODOLOGIE

Ten einde 'n sintese te bereik aangaande personering in die poësie van Cussons moet ingegaan word op die teoretiese begronding van karakterisering in die roman en drama, so wel as personering in die poësie soos dit in die poësieteorie geldig is.

Die skepping van vrouepersonasies deur verskillende digtegnieke sal nagevors moet word: Perspektief, faktore wat die seleksie van vrouegestalties beïnvloed, objektivering en die opvallende poëtiese kommunikatiewe elemente by personering. Die oeuvre van Cussons was 'n voor die hand liggende keuse aangesien daar so 'n wye verskeidenheid personasies in haar poësie voorkom – manlik so wel as vroulik. Ooreenkomstige opvallendhede van vrouefigure uit verskillende kategorieë word uitgebeeld, byvoorbeeld religieuse, historiese, mitologiese, kunstenaars- en kontemporêre vrouefigure.

Aangesien die mitologiese personasies 'n kollektiewe onbewuste suggereer, sal 'n studie van C.G. Jung se individuasieteorie en sy beskouings oor die argetipe en die simbool ook noodsaaklik wees.

Daar sal ook 'n studie gedoen moet word van die Rooms-Katolieke dogma en in hoeverre dit van die Protestantisme verskil. Die klem sal val op die rol van vroue, veral Maria, ten opsigte van die Rooms-Katolisisme. Deur die bestudering van sekondêre bronne oor die poësieteorie in die besonder, sal dan 'n bepaalde teoretiese begronding saamgestel word. Uit die oeuvre van Cussons sal 'n aantal toepaslike gedigte geselekteer word en hierdie primêre bronne sal bestudeer word ten einde die verskillende vrouepersonasies te kan identifiseer en kategoriseer, die verwickeldheid van die personering aan te dui en om die invloed van die Rooms-Katolisisme in die gedigte te ondersoek.

A.P. Grové (1983:181) het gesê dat: "... die metode of metodes wat ons by die bestudering van 'n stuk literatuur toepas, alleen

van belang is in soverre dit ons in staat stel om reg aan die teks te laat geskied. Daarom is dit vir my onaanvaarbaar om die geslaagdheid al dan nie van 'n ondersoek aan 'n bepaalde metode te verbind."

In hierdie studie sal daar primêr vanuit 'n strukturalisties-semiotiese benaderingswyse gewerk word, maar daar sal ook wel rekening gehou word met ander benaderingswyses ten einde 'n omvattende insig te verkry in die gekose literatuur.

Die Strukturalisme is die wetenskaplike ondersoek van "vaste relaties tussen klassen van verskynselen" (Van Luxemburg, 1983:50). Strukturalisme is nie net beperk tot die literatuur nie, maar 'n stroming wat vanaf die vroeë twintigste eeu op alle vakgebiede merkbaar geword het. Jan Mukařovský, 'n belangrike figuur uit die Praagse groep, doen 'n spesifieke ondersoek oor die strukturalisme en semiotiek in die literatuur. Mukařovský (1977:89) sê dat die geesteswetenskappe "met materiaal werken dat zowel tot de zintuiglijk waarneembare wereld als tot het collectieve bewustzijn behoort en daardoor min of meer duidelik het karakter van tekens vertoont".

Die sentrale begrip van die semiotiek is die "teken". Alle sosiale en kulturele verskynsels word as sulke "tekens" beskou wat dan bestudeer word ten einde die sisteem van reëls en konvensies wat betekenis moontlik maak, te ontdek en ondersoek. "Volgens gangbare definitie is het teken een zintuiglijk waarneembare realiteit, die betrekking heeft op een andere realiteit en deze moet oproepen." (Mukařovský, 1977:91.)

Die taal word deur die strukturaliste as baie belangrik beskou, die manier van sê word voorop geplaas en nuwe insigte kom in die literêre werk tot stand deur verskillende soorte afwykings van die gewone taal: afwykende sins- en woordbou, beeldspraak, groter patroonmatigheid wat betref klank, morfologiese en semantiese vlak. Dit gaan by die strukturaliste oor die organisasiepatrone in die teks. Verskillende strukture en manifestasies

word geïsoleer en hulle funksies binne die literêre teks word vasgestel.

Volgens Barthes (1967:897) is Strukturalisme "in its most specialized and consequently most relevant version", 'n metode om die kulturele artefak te analiseer en dit het sy oorsprong in die kontemporêre linguistiek. Culler (1975:4) sê: "to discuss structuralism one must define both the promise and the limitations of this use of linguistics ...".

Die literêre werk word beskou as 'n sisteem/struktuur van tekens wat aan 'n spesifieke en estetiese doel beantwoord. Hierdie "struktuur" is egter dinamies en verander terwyl dit deur lesers, kritici en medeskrywers bestudeer word. Om die literêre teks in sy totaliteit te kan analiseer, moet ook na die taalelemente van die teks gekyk word.

Omdat die literêre teks primêr uit taal bestaan, is dit vanselfsprekend dat daar eerstens na die taalaspekte van die teks gekyk moet word. Wellek & Warren (1963:75) bevestig hierdie stelling soos volg: "The meaning of poetry is contextual: a world carries with it not only it's dictionary meaning but an aura of synonyms and homonyms. Words not only have a meaning but evoke the meanings of words related either in sound, or, in sense, or in deviation -."

Die strukturaliste gaan van die standpunt uit dat die literêre werk gekenmerk word deur 'n vorm van taalgebruik wat afwyk van die manier waarop die taal in die alledaagse lewe gebruik word. "De communicative taal vraagt onze belangstelling voor hetgene wat uitgedrukt wordt, de poëtische taal vestigt onze belangstelling op het hoe van de uitdrukking." (Mukařovský, 1977:106.) Jakobson sit hierdie denkwys voort in sy opstel Linguistics and Poetics (1960) waarin hy ses taalfunksies onderskei: die emotiewe funksie, waarby die taaluiting veral op die sender, die spreker self gerig is; die konatiewe funksie, waar die taaluiting op die ontvanger gerig is; die metatalige

funksie, waar die taaluiting op die kode gerig is; die fatiese funksie, gerig op die kontak; die referensiële of denotatiewe funksie, waar die taaluiting gerig is op die konteks, en die poëtiese funksie, waar die taaluiting gerig is op die boodskap self. Dit is duidelik dat die gerigtheid op die konteks juis dié wyse is waarop Cussons se poësie benader moet word ten einde die verwickeldheid in haar vrouebeelding aan te dui.

Die metodes van navorsing sal dus bestaan uit 'n bestudering van verskillende literatuurteorieë soos verkry word uit die sekondêre bronne en daarna sal die primêre bronne bestudeer word, naamlik die twaalf bundels van Sheila Cussons, soos dit verskyn het vanaf 1970 tot 1990.

1.9 VERDERE VERLOOPSPLAN

In die eerste hoofstuk word die probleem gestel, die aktualiteit daarvan, die begrensing van die onderwerp en die metodologie met die struktuur-semiotiese literatuurteorie as uitgangspunt.

In hoofstuk twee word karakterisering en personering in die onderskeie literêre genres teoreties begrond en beskryf met besondere klem op die poësie. Verder sal daar aandag gegee word aan Jung se individuasiëteorie so wel as die Rooms-Katolisisme en die klem wat op Maria geplaas word in die Rooms-Katolieke dogma.

Hoofstuk drie sal die kategorisering van die vrouefigure behels. Vervolgens sal in hoofstuk vier die vrouebeelding as opvallend **verwikkelde tendens by Cussons beskryf word en daar sal verwys word na die taalaspekte soos dit aangewend word in die vrouepersonering.** Hoofstuk vyf sal die bevindinge van die navorsing daarstel en 'n sintese sal geformuleer word.

'n Volledige bibliografie sal laastens daargestel word.

HOOFSTUK 2

TEORETIESE VERANTWOORDING

... the test of theoretical discussion is its success in providing instruments to help the critic provide better interpretation

(Culler, 1983:7).

2.1 INLEIDING

Ten einde die verwikkeldheid van die vrouebeelding by Sheila Cussons te kan ondersoek en uit die waarnemings 'n waardeoordeel te kan formuleer, sal daar in hierdie hoofstuk oor drie verskynsels diskoers gevoer moet word. Eerstens sal daar na karakterisering en personering in die literatuur gekyk moet word – eers in die verhaalkuns en drama en daarna met besondere klem op die manifestasie daarvan in die poësie. Tweedens sal die individuasiëteorie van C.G. Jung onder die loep geneem word met betrekking tot die keuse en gestaltegewing van die vrouepersonasies in Cussons se poësie. Jung beweer dat mites en godsdiens die band is tussen die bewuste en die kollektiewe onbewuste (Jung, 1959:153). Cussons lê 'n noue verband tussen mites en godsdiens in haar strewe na volkommenheid en heelheid in haar menswees, soos dit dan ook treffend verwoord word in "Kombuis van Hera":

...

Maar goedig is die gode, my dom bestanddele
was in die toorkombuis teen die omtoorvuur bestand
en met die bykom vind ek hulle het in my ingevlug:
ouvrou, kind en gans, koekoek, net effens aangebrand ...

(Cussons, 1978a:30-31.)

Derdens sal daar vlugtig gekyk word na die Rooms-Katolieke beskouinge aangaande religieuse vrouefigure, aangesien Cussons skryf vanuit 'n Rooms-Katolieke lewensingesteldheid en dit dus 'n besliste rol sal speel in die seleksie van die vrouepersonasies. Maria as moeder van Christus speel soos reeds herhaaldelik gesê, 'n belangrike rol in die Rooms-Katolieke leerstellinge en as sodanig vind sy in veelvuldige gestaltes neerslag in Cussons se poësie. In "Tant Emily van oom Naas" (Cussons, 1978a:16) is tant Emily die vrugbaarheidsgodin, 'n Juno (wat in die Griekse mitologie as Hera verbeeld word) maar sy word ook geassosieer met Maria in die afkorting "tant Em":

...
 Oom Naas was maer en goedig en het sy Em verwen
 en sonder klagte haar diëte saamgeëet -
 hy was die sterweling, die uitgekosene,
 en sy die immer-somerse godin.

(Cussons, 1978a:16.)

Tant Emily word verhef van gewone vrou na mitiese godin en uiteindelik tot oermoeder, tot Moeder van alle mense.

2.2 KARAKTERISERING IN DIE LITERATUUR

2.2.1 TERMINOLOGIE

Nieteenstaande die feit dat die karakters in die literêre kuns-werk van kardinale belang in die evaluasie van die teks is, is daar slegs enkele studies oor die teorie van karakterisering soos dit in die poësie gevind word, byvoorbeeld G.C. van Rooyen se verhandeling Objektivering van die mensgestalte in die resente Afrikaanse en Nederlandse poësie. Oor die essensie van personasies of karakters in die narratiewe teks sê Bal (1979:2): "Met hun lotgevallen leven de lezers mee. Kritieken van literaire werken gaan dan ook meestal in op de personages, hun geloofwaardigheid, levensechtheid, diepgang, morele waardes."

De Villiers (1971:243) definieer karakterisering as "... kenmerke noem, karakter beskrywe, kenskets". Die term "karakter" word gedefinieer as: "gesamentlike kenmerke van aard en gedrag wat een mens van 'n ander onderskei; kragtige persoonlikheid; beginselvaste aard. Aard, wese. Persoon wat in 'n letterkundige werk uitgebeeld word. Gesamentlike eienskappe wat iets kenmerk."

Die HAT (1988:526) sê die volgende oor karakterisering: "Kenmerkend: 'n Karakteristieke gebaarspel, geur. 1. Bepaalde kenmerk of eienskap: 2. Kensketsende beskrywing."

Van Gorp (1984) gebruik glad nie die term "karakter" nie, maar wel "personage" en hy definieer personasie soos volg (1984:232): "De acteur in een verhaal voor zover die door de lezer beschouwd wordt als een concrete individuele persoonlikheid. Als dusdanig is het ruimer dan het begrip acteur, dat alleen betrekking heeft op de functie van figuren voor de fabel van een narratieve of dramatische tekst. Het personage wordt gevormd op grond van de combinatie van verschillende factoren: wat het focaliseert, hoe het focaliseert; door wie en hoe het zelf gefocaliseerd wordt; zijn gedrag o.m. als acteur in de verhaalgeschiedenis; en de tijd en ruimte (sfeer) en thematische opposities in het werk, die als referentiekader indirect mee het personage bepalen."

Hierdie definisie het egter meer betrekking op die karakters in die narratiewe teks, anders as in die poësie waar 'n intiem persoonlike ervaring of siening weergegee word deur 'n liriese ek-spreker. In die poësie word daar nie 'n verhaalgeskiedenis gegee waardeur die personasie uitgebeeld kan word of waarin daar karakterontwikkeling kan plaasvind nie.

Die polisemie van die bestaande terminologie, naamlik persoon, personasie, persona, karakter, ensovoorts en al die dubbelsinnigheid wat daaruit kan voortvloei op teoretiese vlak, is voor die hand liggend. Bal (1979:2) tref die volgende onderskeid: "Het personage is geen mens, geen persoon. Het verschil tussen

mensen en personages zou zijn dat mensen van vlees en bloed zijn, en personages van papier."

Vanaf Aristoteles tot die hede is daar vele besprekings gewy aan wat onder karakter of personasie verstaan word. James (1960:17) wys veral op die verband tussen karakter en handeling. Hy vra dan ook: "What is character but the determination of incident? What is incident but the illustration of character? What is either a picture or a novel that is not a character?"


Vir James is daar dus 'n noue verband tussen karakter en handeling. Aangesien daar nie in die poësie sprake is van handeling in dieselfde sin as in die verhaalkuns nie, sal ons dus nie dieselfde noue verband tussen karakter en handeling in die poësie verwag nie. In die poësie kry ons eerder die skepping van 'n persoonlike ruimte waarbinne 'n personasie sekere denke, emosies of gewaarwordinge ervaar en tot selfkennis of begrip probeer kom. Van Luxemburg (1983:232) stel dit soos volg: "De manier waarop het thema ontwikkeld wordt in een poëtische tekst verschilt van de manier waarop dat gebeurt in narratieve en dramatische teksten. Terwijl het bij deze laatste altijd gaat om de ontwikkeling van een geschiedenis rond een of meer handelende personen, is de poëtische tekst primair een monologische uiting waarin handelingen - zo die er al zijn - van secundair belang zijn."

Die struktuur-semiotiese model van A.J. Greimas is bekend. Daarin onderskei hy tussen akteurs en aktante (Greimas, 1966) en hy beweer dat binêre opposisies die basis is van 'n diepliggende aktansiële model (modèle actantiel) waaruit die kunsmatige oppervlakstruktuur van individuele verhale dan afgelei kan word. Die aktant word beskou as die algemene kategorie wat algemeen geldende kwaliteite besit wat in alle verhale geld, soos die held, die skurk, ensovoorts. Die akteurs (acteur) manifesteer spesifieke kwaliteite in verskillende verhale (Greimas, 1966:173-174). Die aktante het dus eerder 'n fonemiese as 'n fonetiese rol - hulle funksioneer op die

funksionele vlak eerder as op inhoudsvlak. Die aktant is 'n abstrakte rol wat deur een of meer karakters vertolk word. Dit is bloot 'n abstrakte rol wat naamloos en gesigloos is en eers karakter word deur karakterisering, dit wil sê deur naamgewing, voorkoms, gesprekvoering, ensovoorts. Greimas onderskei drie pare binêre opposisies of teenstellende aktante en hy beklemtoon die strukturele verband tussen hulle (Greimas, 1966:175-180):

- Subjek versus objek. Dit wil sê die held (subjek) en die saak of persoon wat die held wil verwerf (objek).
- Sender (destinateur) versus ontvanger (destinataire). Du Plooy (1986:178) verduidelik dit soos volg: "Die klas akteurs, dit wil sê die aktant, wat die onderneming van die saak aanhelp of begunstig, is die begunstiger (destinateur) en die ontvanger van die objek is die begunstigde (destinataire)."
- Helper (adjuvant) versus opponent (opposant). "Die aktante van helper en teenstander staan nie in 'n direkte verhouding tot die objek nie maar tot die funksie wat die subjek en objek verbind." (Du Plooy, 1986:179.)

Vir Greimas is dit prinsipiëel waar dat alle aktante in elke verhaal teenwoordig is. Greimas gee 'n eenvoudige voorstelling van wat hy noem die mitiese aktansiële model van die semantiese universum (Greimas, 1971:165).



Greimas veronderstel dat alle menslike denke en optrede gerig is op 'n doel; daarom is sy model daarop gerig om die verhouding tot die doel weer te gee.

Na aanleiding van die verhouding waarin die akteurs dan tot die nagestreefde doel staan, maak hy dan die klassifikasie van akteurs. Elke klas akteurs word 'n aktant genoem.

Bal (1980:35) stel dit so: "De klassen acteurs die Greimas onderscheid noem hij actants. Een actant is een klasse van acteurs die een gemeenschappelijk kenmerk vertonen. Dat gemeenschappelijke kenmerk staat in verband met de hele geschiedenis, gezien als een naar een doel gerichte onderneming. Een actant is daarom een klasse van acteurs die allen dezelfde relatie onderhouden met het streven, dat de kern vormt van de geschiedenis. Die relatie noemt Greimas de functie (F)."

Met ander woorde die akteurs streef na 'n doel en hierdie doel is die bereiking van iets gunstigs of ongunstigs. Die gemeenskaplike kenmerk waarvan Greimas praat, staan in verband met die hele geskiedenis. Bal definieer 'geskiedenis' soos volg: "Een geschiedenis is een series logisch en chronologisch aan elkaar verbonden gebeurtenissen die worden veroorzaakt of ondergaan door 'acteurs'" (1978:12) gesien as 'n doelgerigte onderneming. 'n Aktant is dus 'n klas akteurs wat almal dieselfde verhouding behou tot die strewe wat die kern van die geskiedenis vorm.

J. Lotman (1977a:240) lewer 'n belangrike bydrae met sy beskrywing van die konsep "persona": "... it has become clear that a persona represents an intersection of structural functions". 'n Personasie kry dus eers bestaansreg as daar bepaalde eienskappe aan hom gegee word. Dit blyk dat die literêre personasie gekomplementeer word deur die manifesterende kulturele kodes in die betrokke konteks. Die personasie funksioneer in die teks as 'n paradigma. "The hero's behaviour is always unpredictable, first because his character is constructed not as a previously known possibility but as a paradigm, a set of possibilities unified on the level of the conceptual structure and variational on the level of the text." (Greimas, 1970:225.)

Klaus (1979:73) gee die volgende omskrywing van 'n personasie: "Iemand die iets meemaakt in een verhaal. Dit houdt in dat het personage antropomorf is (iemand) zich actief opstelt als toeskouer of als handelend 'persoon' (meemaakt; ook in de betekenis van mede bewerkstelligen) en zich laat beschrijven met behulp van concepten uit de narratologie (verhaal)." Hierdie beskrywing geld ook vir die personasie in die poësie, aangesien ons in die poësie te doen het met 'n persoon wat toeskouer kan wees, of draer van gevoelens en gedagtes, of beskrywing kan gee van persoonlike ervaring en problematiek.

Aangesien daar by die poësie selde van karakterontwikkeling sprake is, so wel as die feit dat die poësie eerder 'n intieme ervaring van 'n persoon in 'n gegewe situasie verwoord, sal ek in hierdie studie konsekwent die term personering in die poësie gebruik en karakterisering by die verhaalkuns en die dramakuns. Myns insiens beteken 'karakter' reeds 'aard' en is dit 'n eensydige term wat nie veel sê oor die struktuurasppek van dié begrip nie. Die nadruk lê op die 'menslike' sy daarvan. Vanuit 'n streng struktuuroogpunt betrag, behoort 'n term soos 'figuur' die aangewese een te wees, aangesien die klem hier oorwegend op die ander uiterste val. Bal beweer onder andere dat daar by karakters meer klem gelê word op die feit dat hulle eintlik "mense van papier" is wat in 'n fiktiewe wêreld leef en beweeg as volledige persoonlikhede (Bal, 1980:87). In die poësie is daar nie van 'n volledige persoonlikheid sprake nie, slegs van 'n momentele waarneming of belewenis wat uit 'n spesifieke fokalisasiepunt weergegee word. Daar vind ook selde karakteropenbarende handeling in die poësie plaas en as gevolg van die monologiese taalsituasie in poësie, bly baie dinge implisiet en word dit nie eksplisiet gesê soos by die verhaal of die drama nie.

Cloete (1982b:38) se siening aangaande karakter en persona word soos volg verwoord: "Juis die poësie met sy nie-menslike gestaltes wys vir ons hoe onaanneemlik terme soos 'karakter' of selfs die meer neutrale 'persoon' is." Ek sal die meer neutrale

term gebruik aangesien dit in die poësie gaan oor gestaltegewing van persone en nie oor die uitbeelding en ontwikkeling van 'n bepaalde karakter nie. Die term is ook ruimer in betekenisomvang.

Van Luxemburg et al. (1983:223) sê dan ook: "Extra betekenissen ontstaan ook deur 'de versvorm en de tekstuele verbindings die daarvoor worden gelegd.'"

'Personasie' blyk die aanvaarbaarste te wees omdat dit die meeste reg laat geskied aan beide aspekte: dit het verwysingsmoontlikhede ten opsigte van mense in die werklikheid en herinner terselfdertyd aan die struktuuraspek daaraan verbonde. Hoewel dit in sommige werke byvoorbeeld oorwegend om struktuur mag gaan, sal die ander aspek altyd latent aanwesig wees. Voortbouend op hierdie sienswyse word daar van 'personering' in plaas van 'karakterisering' gepraat.

2.2.2 KARAKTERISERING IN DIE VERHAALKUNS

Die onderskeiding tussen akteurs en personasies wat Bal (1980:33,87) maak, hang nou saam met die onderskeiding tussen fabula en sjužet óf soos Bal dit noem "geschiedenis" en "verhaal". Tomaševskij bespreek die karakters slegs soos hulle in die sjužet voorkom (Tomaševskij, 1965:88) as hy praat van 'n karakter as "the living embodiment of a given collection of motifs".

Die karakter word gekarakteriseer deur 'n versameling motiewe wat die besondere eienskappe van die karakter aandui. Tomaševskij (1965:89) onderskei tussen direkte en indirekte karakterisering en ook tussen statiese en dinamiese karakters op grond van die mate van verandering waartoe die karakter in staat is in die verhaalverloop.

Die karakter kan nooit losgemaak word van tyd en ruimte nie en het as belangrikste funksie om as betekenisdraer in die struktuurgeheel van die roman te dien. Die karakter rig die handeling of gebeure en sal dus met bepaalde karaktereienskappe vergestalt word deur die implisiete (ook genoem abstrakte of fiktiewe) verteller (Daiches, 1960:14).

Van Luxemburg (1983:169) stel die onderskeid tussen die eksterne en interne verteller soos volg: "Een verteller is intern, wanneer hij, naast verteller, tevens acteur is in de geschiedenis waarvan hij het verhaal vertelt ... Wanneer een verteller extern is, betekent dat niet dat er geen sporen van hem in de tekst te vinden zouden zijn. Een externe verteller kan zichzelf noemen, door gebruik te maken van het persoonlijk voornaamwoord en andere aanduidingen van de eerste persoon."

Van Gorp (1984:32) onderskei weer tussen die ouktoriële en die personale verteller. Hy verduidelik ouktoriële verteller as "... een alwetende en alomtegenwoordige verteller in het verhaal ... De verteller staat hier buiten en boven de verhaalde geschiedenis en laat zijn subjectieve instelling duidelijk merken."

Onder die personale vertelsituasie verstaan hy "... een hij-verhaalvorm waarbij de gebeurtenissen rechtstreeks aan de lezer gepresenteerd worden door een of meer personages. De vertelinstantie is hier ogenschijnlijk afwezig: er is geen waarneembaar 'verteller' zoals bij de auctoriële vertelsituatie, zodat de lezer de illusie heeft ... rechtstreeks door te dringen in het bewustzijn van het personage" (Van Gorp, 1984:33).

In Etienne Leroux se roman 18-44 kry die teks juis sy oortuigingskrag deur die personale verteller, soos Kannemeyer (1988:282) poneer "... die knolskrywer wat as die ek-verteller direk as eksegeet optree en probeer om homself al skrywende met 'die wonderlikheid van die lewe' te versoen, tot 'n geheel te

herskep of 'n sekere harmonieuse betekenis in lewe en dood te vind".

In die poësie kry ons 'n voorbeeld van die personale spreker in 'n gedig soos "Ecclesia" van Cussons (1979b:70).

Brooks en Warren (1950:12) onderskei twee soorte karakterisering, naamlik die direkte en indirekte metode. Direkte karakterisering behels die verteller se kommentaar oor 'n karakter, hy verduidelik hoe 'n karakter optree en hy kan selfs oordeel oor die karakter. Die derdepersoonverteller in Magersfontein, o Magersfontein (Leroux, 1976:13-14) sê die volgende oor een van die karakters: "Mr. Shipmaster is naby aftreeleef tyd, maar nog steeds bly elke onderneming sy erns." Die verteller lewer dus op direkte wyse kommentaar op 'n karakter.

Die indirekte metode distansieer die verteller van die karakters. Die karakters openbaar hulleself dus deur woorde, dae en denke. Forster (1960:17-42) onderskei tussen "vol" en "vlak" karakters. Volgens Kannemeyer (1965:49) is 'n vlak karakter dié karakter wat help om die agtergrond van 'n verhaal te vul. Hulle is ondergeskikte karakters wat gewoonlik nie in krisis-situasies optree of definitiewe keuses moet maak nie. Hierteenoor is die "vol" karakter veel kompleks en ingewikkelder. Die direkte metode van karakterisering sal dus 'n "vlak" karakter as resultaat hê, aangesien die karakter slegs ekstern beskryf word, terwyl die indirekte karakteriseringsmetode tot 'n "vol" karakter sal lei, aangesien die karakter self sy dae en denke blootlê en motiveer.

Vertellersperspektief is 'n verdere belangrike aspek van die literatuur. Cohen (1973:22) sê die volgende oor perspektief in die poësie: "The real difficulty with perspective in poetry comes in those numerous poems which seem to communicate directly from the poet to the reader without the intrusion of a narrator, monologist, or characters in dramatic situations. *Lyric poetry, for example, generally expresses intense personal*

emotions which are most often interpreted to be the feelings of the author. This assumption, however, limits the poet's range. John Keats used the term negative capability to describe the poet's capacity to withhold himself so that, through his creative imagination, he can assume any guise."

Volgens Tomaševskij (1965:75) word daar twee soorte vertellers in die narratologie onderskei, naamlik 'n objektiewe verteller wat 'n neutrale verslag van die gebeure gee en 'n subjektiewe of betrokke verteller wat deel van die gebeure is en as karakter deel van die verhaalwerklikheid is. Verder onderskei Tomaševskij twee vertelwyses, naamlik die alwetende en die beperkte vertelwyse.

Die alwetende verteller, oftewel ook die ouktoriële verteller, is ook gewoonlik die objektiewe verteller soos ons dit enersyds vind in 'n Ander land van Karel Schoeman. Die beperkte vertelwyse impliseer dat inligting deur 'n bepaalde verteller vanuit 'n beperkte visie waargeneem word, aangesien hy deel is van die verhaalgebeure. 'n Voorbeeld van hierdie vertelwyse is Na die geliefde land van Karel Schoeman, waar die verteller ook die hoofkarakter is wat met beperkte visie die verhaal aan die leser voorlê.

Ook in die poësie speel die vertellersperspektief 'n baie belangrike rol, soos Van Luxemburg et al. (1983:224) dit duidelik stel: "Een poëtische tekst is monologisch, dat wil zeggen er is sprake van één instantie die de woorden van de tekst uit. In narratieve teksten noemen we de woordvoerder de verteller. In poëzie noemen we deze het lyrisch subject." Hieroor later meer.

In die dramateks is daar natuurlik geen verteller nie – altans nie in die gewone sin van die woord nie. Gebeurtenisse uit die verlede of op ander plekke kan egter deur 'n karakter aan ander karakters of aan die gehoor meegedeel word. Soos Van Luxemburg (1983:216) egter tereg opmerk: "Wanneer teveel wordt verteld,

wordt het moeilijker de aandacht van het publiek vast te houden ...".

Barthes (1977:111) sê dat vertelling as kode van die verteller, personaal of apersonaal kan wees. Elkeen se plek is bepaalbaar slegs op grond van sy funksie in die teks. "... today, writing is not telling but saying that one is telling and assigning all the referent ('what one says') to this act of locution; which is why part of contemporary literature is no longer descriptive but transitive, striving to accomplish so pure a present in its language that the whole of the discourse is identified with the act of its delivery ..." (Barthes, 1977:114).

Karakterisering vind volgens Smuts (1975:27-32) op die volgende wyses plaas:

- Direkte beskrywing van voorkoms, maniere, aard, ensovoorts van die karakter.
- Wat ander persone van hom sê of hoe hulle teenoor hom optree.
- Wat die persoon self sê en doen.
- Die leser kan ook deur die alomteenwoordige verteller agterkom wat die persoon dink en sodoende deel word van sy bewussynstroom.
- Toeligting deur sinvolle uitbeelding van tyd, ruimte en atmosfeer waarin die persoon leef.
- Karakterisering deur naamgewing.

Die verteller is die bemiddelaar tussen die fiktiewe wêreld van die teks en die reële wêreld van die leser. Alle gebeure word vanuit 'n bepaalde visie weergegee. Van Luxemburg (1983:175)

sê: "Waarneming is echter een proces, dat sterk afhankelijk is van de positie van de waarnemende persoon; een klein kind kijkt heel anders tegen de dingen dan volwassenen, alleen al wat de afmetingen betreft."

Fokalisasie moet onderskei word van die vertellerperspektief. Fokalisasie kan berus by 'n karakter of by die verteller. Vertelling bring altyd fokalisasie mee, aangesien mens net iets kan vertel as jy 'n visie daarop het. As die fokalisator saamval met 'n karakter sal dit vir daardie karakter tot voordeel wees ten opsigte van die ander karakters. Die leser kyk saam met die fokalisator en sal dus geneig wees om die siening van die fokalisator te aanvaar. Dit lei egter soms tot 'n partydigheid en beperking van visie, soos wel gebeur in die roman Na die geliefde land van Karel Schoeman, waar die hoofkarakter ook die fokalisator is en dus sy beperkte visie en insig ook aan die leser oordra.

Stanzel (1978:249) stel karakter, perspektief en modus as die drie belangrikste elemente van die vertelsituasie. Karakter het te doen met die identiteit of non-identiteit van die fiktiewe karakters óf anders gestel, die eerste en derdepersoonvertelling. Perspektief kan ekstern of intern wees, na gelang 'n karakter van buite of van binne die teks beskryf word. Modus het te doen met die manier waarop die verteller optree – as vertellerkarakter of as reflekerende karakter.

Elkeen van die drie basiese vertelsituasies word primêr deur een van die pole van die binêre opposisies oorheers. By die eerste-persoonsverteller is die spreker en die karakters beide binne dieselfde fiktiewe werklikheid. Die personale verteller is 'n reflekerende karakter binne die verhaalwerklikheid.

In die poësie het die liriese subjek "een zeer belangrijke functie, omdat het niet, of slechts bij uitzondering, het woord afstaat, zoals de verteller in narratieve teksten dat doet" (Van

Luxemburg, et al., 1983:224). Ek sal in 2.2.4 aandag gee aan die poësieteorie ten opsigte van die personering en vertellersperspektief.

2.2.3 KARAKTERISERING IN DIE DRAMA

Karakterisering in die drama toon ooreenkomste met die verhaalkuns maar met duidelike onderskeibare dramakenmerke. Van Kesteren (1979:60) stel dit so: "Mijn uitgangspunt is een van de uitspraken van Aristoteles: actie en personage zijn onscheidbaar in het drama. Dat betekent dat als ik het dramapersonage wil definiëren, ik dat zonder twijfel het beste kan doen met behulp van het begrip 'actie', te meer omdat dat begrip inmiddels zeer wel aangeschreven is in genoemde actiologica." Die verhaaltteks gaan oor die geskiedenis, die drama- teks is die geskiedenis en in die poësie is die gebeurtenisse "van secundair belang en komt de uitdrukking en opwekking van meningen, stemmingen, indrukken en gevoelens op de voorgrond te staan" (Van Luxemburg, et al., 1983:224).

Die Griekse woord "drama" beteken dan ook handeling. Van Gorp (1984:83) sê die volgende: "Algemeen verstaat men onder dramatiek alle, meestal dialogische vormen van literatuur bestemd om gespeeld te worden op het toneel ... door één of meerdere dramatis personae." Die dramatis personae is dan die benaming vir die karakters wat in 'n toneelstuk optree. "Overdrachtelijk geldt de term ook buiten de toneelwêreld voor alle personen die b.v. in een verhaal handelend optreden." (Van Gorp, 1984:83.)

Die verskil tussen die narratologiese en die dramatiese hanteling van karakterisering is ook juis geleë in die monologiese aard van die verhaal teenoor die dialogiese aard van die drama (Veltruský, 1977). In die verhaal vertel die verteller wat en waarom en met wie dit gebeur. In die drama vind die gebeure voor die oë van die gehoor plaas en die karakters is lyflik

besig om die handeling uit te voer. In die verhaalkuns word vertel van 'n reeds afgelope handeling, terwyl die drama oor die hier en die nou handel.

In die verhaal is daar soveel kontekste as wat daar vertellers is, terwyl in die drama daar geen verteller is nie. Elke karakter skep sy eie konteks. Hierdie kontekste kom in dramatiese opposisie met mekaar in aanraking en staan in interaksie tot mekaar.

In die drama praat ons van karakters wanneer na die individuele eienskappe van die akteurs verwys word. Akteurs is die term vir die handelende en sprekende instansies op die verhoog en hulle verhouding tot die dramagebeure. Vir die karakterisering van personasies geld beperkinge wat deur die afwesigheid van 'n kommentator meegebring word. Karakterisering vind byna soortgelyk aan die roman plaas, soos Van Luxemburg (1983:219) dit stel: "De acteursanalyse, waarin de relaties tussen acteurs en geschiedenis worden blootgelegd, kan helemaal op dezelfde manier verlopen as bij narratieve teksten."

'n Belangrike deel van die drama is die neweteks of ook genoem die toneelaanwysings. In die neweteks word daar wel soms aanwysings in verband met die karakters gegee. Dit kan varieer van die aanduiding van ouderdom, kostumering en ruimte tot 'n volledige karakterskets wat die interpretasie deur die regisseur en leser kan kompleter.

Van Kesteren (1979:70) gee die volgende definisie van dramakarakters: "... een onveranderlijke en statiesche entiteit in een hier en nu situatie, die voorkomt in het drama, die mogelijkerwijs, onmogelijkerwijs dan wel noodzakelijkerwijs al of geen actie verricht, waaraan het verplicht, verboden of wel toegestaan is actie te verrichten, en die in alternante, concomitante

en/of dominante relasie - of niet - staat met een der andere soortgelyke entiteite in dat drama in dezelde situasie".

2.2.4 KARAKTERISERING IN DIE POËSIE

In teenstelling met die narratologie of die dramakuns, waar die karakters uitgebeeld of lyflik voorgestel word en ontwikkeling in die loop van die verhaal getoon kan word, is die verwagtingshorison van die leser in die poësie nie op personasiebeelding ingestel nie. Poësie is 'n intens persoonlike belewing van 'n sekere oomblik deur 'n digter van 'n sekere persoon, van die natuur, 'n kunstenaar of kunswerk, soos 'n skildery of gedig, ensovoorts. Die personasie in die gedig verskyn dus as 'n kompakte alternatief vir 'n hele lewe (Van Assche, 1979:111). 'n Goeie voorbeeld waar so 'n hele lewe in 'n gedig ingebed is, kom voor in "Bergpaadjie":

Jy sê: lees jou gedig vir my
 maar hoe kan ek wat skrywende
 in klippe opgebreek het
 en 'n antieke geheue en 'n gebreekte pot
 hoe kan ek wat skrywende
 die wilde tiemie geword het
 wat geur in die wind
 en ongeletterd soos God.

(Cussons, 1978a:4.)

In hierdie gedig met sy duratiewe werkwoorde, byvoorbeeld "skrywende", teleskopeer die digter 'n hele aardse bestaan van antieke tye, die kollektiewe onbewuste en die aardse mens se strewe tot 'n "opgeur" na God.

In die poësie is daar ook sprake van die "ek" in verhouding tot iemand of iets. Die mees algemene personasie is egter die liriese "ek". A.P. Grové (1982:34) beskryf die ek-figuur soos volg: "Om te voorkom dat die eerste persoon enk. in 'n gedig of vertelling geredelik met die skrywer verbind word, word die term

ek-figuur of ek-verteller gebruik. So word die "ek" 'n spreker in die gedig, 'n medespreker in die verhaal. As dit duidelik word dat die skrywer tog deur so 'n figuur praat, en dat dit 'n soort masker word, word soms van 'n 'persona' gepraat wat byvoorbeeld as verteller in 'n verhaal optree."

Die digter bied 'n bepaalde gebeure of persoon aan in 'n unieke situasie, maar byna altyd is daar ook 'n universele ondertoon in die poësie aanwesig. As Totius die wag-'n-bietjie-boom verwoord, lê daar tog duidelik ook die universele onbegrip aangaande God se onverstaanbare skeppingsplan in die dieptestruktuur van die gedig.

Cloete skryf in "Ou man in park" (Jukstaposisie) oor sy persoonlike ervaring van pyn, lyding, sy belewenis van God en sy Genade, maar dit word ook op universele vlak voltrek as algemeen menslike ervaring:

die ou man loop deur die park
elke dag hy trap met sy blink skoene
hoog versigtig hy staan en sondeer die seisoene
en kyk hoe die tuinier die blare bymekaarhark

ons ken die dag van die week aan sy drag
swart vir Sondag vir Maandag blou
ensovoort hy moet daarmee rekening hou
dat die dood van ons waardigheid verwag

(Cloete, 1982a:84.)

In hierdie gedig word die ou man beskryf as wagtende om soos herfsblare deur die groot Tuinier bymekaar gehark te word. In die eerste strofe word daar na "hy" en "hom" verwys, maar dit verbreed tot "ons" in strofe twee. Die geobjektiveerde "hy" moet daarmee rekening hou "dat die dood van ons waardigheid verwag".

Enige taaluiting, ook in die poësie, veronderstel 'n spreker en hoorder. Volgens Brink (1985b:164) moet 'n mens duidelik onderskei tussen perspektief van die spreker in 'n teks en die

fokalisering deur 'n kyker, hoorder of waarnemer. Selfs wanneer dié twee funksies saamval, behoort hulle tot verskillende ordes of dimensies in die teks: perspektief tot die vertellende instansie, fokalisering tot wat narratoloë soos Genette die 'modus' van die teks noem. In "Die vlakte" van Jan Cilliers is daar 'n duidelike onderskeid tussen die spreker in die gedig en die fokalisator, wat in hierdie geval die vlakte is.

Die verhouding van die spreker en/of waarnemer ten opsigte van die wêreld van die teks word eerstens bepaal deur die afstand van die realiteit tussen die twee. In die gedig "Stad in die mis" (Opperman, 1945:16) is die spreker en fokalisator in een persoon saamgevat:

Met gespanne spier
loop ek deur die mis
want om my sluip 'n dier
onder wit duisternis,
...

Daarteenoor skep Eybers 'n afstand tussen spreker en fokalisator in "Wes-Transvaal":

Die baas leun lusteloos teen die skewe hek,
sy kin gestut op hande ru soos grond,
sy oë sag en glansloos, stroef sy mond.
Hy sug, om dan met dieper asemtek

weer oor die naakte vlakte heen te skou
...

(Eybers, 1936:4.)

Die liriese "ek" is kenmerkend van die personering soos dit in die poësie voorkom. Van Gorp (1984:184) stel dit so: "Op grond van die verhouding ik-werkelijkheid word anderzijds vaak ook een onderskeid gemaak tussen direkte lyriek, als het ware de rechtstreekse stem van het hart ... en indirecte lyriek, waarin het ik zich verschuilt achter symbolen."

Oor die sprekersrol laat Van Coller et al. (1983:102) hom soos volg uit: "... die spreker(s) in die literêre werk eis al die aandag op - in 'n sekere sin selfsugtig, selfgesentreerd. Dié sprekersgesentreerdheid kom veral na vore in poësie - 'n taalhandelingsmatige manifestasie van die liriese aard van poësie".

In die poësie kom personering op die volgende wyses tot stand:

- deur dialoog;
- deur die ek-spreker wat in die gedigruimte figureer;
- deur objektivering;
- personasie as identifikasiemodel vir die digter;
- selfobjektivering;
- personele spreker.

Vervolgens sal elkeen van hierdie tegnieke in oënskou geneem word.

2.2.4.1 Personering deur dialoog

Van Gorp (1984:77) sê die volgende oor dialoog: "Het dialogisch principe, zoals dat door de Russische taalfilosoof Mikhail Bakhtin omschreven werd, houdt een ontkenning in van de traditionele 'monologische' woordopvatting. Elke woord, elke uiting is zowel reactie als anticipatie op het woord van de andere. Het woord heeft de eisen van receptie en communicatie geïnterioriseerd; andere stemmen en contexten klinken er in door en verschillende ideologische posities komen er met elkaar in conflict."

Volgens Cloete (1985:174) het die digter "in die skep van figure of gestaltes in die poësie in sommige opsigte groter moontlikhede tot effektiewe vergestaltung as die dramaturg of die prosaïs ...". As voorbeeld noem Cloete dan "hoe Van Wyk Louw God direk aanspreek in sy gedigte soos 'Paniese ang'", ensovoorts.

Personering deur dialoog kan op verskillende maniere tot stand kom. Soms kan afwisselende stemme gebruik word om 'n dialoog te voer, soos in "Gesprek van die dooie siele" (Alleenspraak) van Van Wyk Louw (1978:16). In so 'n geval word elke stem gekarakteriseer nie net volgens sy eie spreekvorm nie, maar ook uit wat die teenspreker oor hom sê.

Personering deur dialoog vind ons veral in ballades. In die gedig "Ballade van die bloeddorstige jagter" van G.A. Watermeyer (Sekel en Simbaal) kry ons 'n uitstekende voorbeeld van gestaltegewing deur dialoog:

Wildekanarie: Ek kelk die sonlig in my keel
 en rym die rondebessie ryp;
 met kinderhand het hy, het hy
 die fluite uit ons bors gegryp.

(Watermeyer, 1948:3.)

Nog 'n voorbeeld kom voor in "Ballade van die krygsgevangene" van Uys Krige, waarin die ek-spreker en die wag in gesprek is:

'Hoe ver lê Brindisí van hier?'
 vra ek vir die wag.
 'Hoe ver, signore, hoe ver ...' Die vraag
 het hy blykbaar nie verwag.

(Uys Krige, 1949:3.)

'n Opvallende kenmerk van die poësie is die intieme verhouding tussen die gespreksgenote. Die ek-spreker staan in 'n bepaalde verhouding tot 'n "jy" of 'n "U". Breytenbach se poësie gee reeds 'n visie op hierdie noue verhouding tussen spreker en hoorder, soos dit in sy gedig "die hand vol vere" manifesteer:

mammie
 ek het gedog
 as ek eendag huis toe kom
 sal dit onverwags so teen skemerdag wees
 met jare se opgegaarde rykdom
 op rûe van ysterkoeie
 ...

(Breytenbach, 1969:67.)

Enige taaluiting veronderstel 'n spreker so wel as 'n hoorder. Brink (1985b:165) stel dit soos volg: "Waar die taaluiting, veral in die gedaante van die literatuur en by name nou die poësie, as 'n komplekse en subtiële vorm van kommunikasie benader word, impliseer die funksie van 'n stem ook die bestaan van 'n toehoorder of ontvanger (onder meer volgens Jakobson (1960) se bekende model), en word ook die afstand en die verhouding tussen spreker en toehoorder in die begrip perspektief betrek."

In Cussons se poësie is dit 'n opvallende tendens dat die ek-spreker voortdurend in gesprek is met God of Christus.

Jy sal my ook al hoe meer wen, glimlaggende
skerts-oog, blink-oog Christus wat my vervaarde jare
op jou afstand gade geslaan het: ...

(Cussons, 1978a:81).

Die gebruik van die persoonlike voornaamwoord "Jy" in plaas van die eervolle "U" dui op 'n baie intieme en innige verhouding tussen die ek-spreker en Christus.

Cloete skryf 'n gedig as hulde ("hommage") aan C.M. van den Heever:

Hommage à CM vd Heever

- al is dit min

beste CM ek weet alte goed min mense lees
nog jou gedigte in die lig van die sekel- en volmaan
van die literêre modes het die angswekkende mooi hees
geskreeu van jou wildeganse inderdaad verlore gegaan

hier waar jy en jou eerder ontslape
mooi Indoena lank gelede eenmaal was
hier wei nou snotneuslammerskape
'n hele kudde in die kortgras

(Cussons, 1982:21.)

Die krag van die poëtiese woord lê daarin dat grense deurdring word "... tussen ek en jy, ek en ander, ek en God en so word 'n nuwe ewewig tot stand gebring" (Roodt, 1983:83).

Van Luxemburg (1983:222) beskryf poësie as: "... monologiese teksten, waarvan de inhoud niet primair een geschiedenis is". Hierdie monologiese taalsituasie kom tot uiting deur die liriese ek wat hom rig op 'n toehoorder - 'n geliefde, die natuur, 'n emosie, 'n digter of 'n ander kunstenaar of dan die leser self. Die begrip monoloog impliseer een spreker wat uiting gee aan stemminge, indrukke, emosies, wense, herinneringe, ensovoorts. Soms is die liriese subjek duidelik aanwesig, soms bly hy op die agtergrond.

Een van die eerste vrae wat by poësie-analise beantwoord moet word, is: Wie is die spreker? Sommige digters skryf baie persoonlike of selfs outobiografiese poësie en soms kan hy/sy in die gedig geïdentifiseer word.

Link (1976) ondersoek die literatuur vanuit die kommunikasieteorie en sy beweer aangaande die abstrakte outeur: " Diese Gestalt, die wir als den Urheber sämtlicher Verfahren und Eigenheiten des Textes aus diesem erschließen können, nennen wir den impliziten oder den abstrakten Autor. Implizit - weil er, anders als der fiktive Erzähler, im Text nie ausdrücklich auftritt, sondern nur indirekt (aber durchgehend!) anwesend ist. Abstrakt - weil er, als aus dem Text erschlossenes Bewusstsein, nie die konkrete Individualität einer textexternen historischen Person haben kann."

Breytenbach noem homself reeds in "Bedreiging van die siekes" (1963:3) "die lang maer man met die groen trui". Opperman (1979:65) identifiseer homself deur eienaam en siektetoestand te noem:

Tygerberg

Diederik Johannes Opperman
 ↓
 pype, kabels, drade, naalde, strale
 ↓
 hart, skedel, niere, lewe, long
 oë, ore, neus, blaas, sternum
 ↓
 wysernaalde, grafieke, plate, distillate
 ↙ ↓ ↘
 kenner elk op sy gebied
 . . .
 kenner der kenners
 ↓
 ,Hy sterf'

...

Verder noem hy ook in "Glaukus klim uit die water" sy adres en telefoonnommer:

...
 ,hier wil ek woon':
 Thibaultstr. 3
 3340 jou telefoon
 ...

(Opperman, 1979:88).

2.2.4.2 Die ek-spreker binne die gedigruimte

Poësie waarin die ek-spreker binne die gedigruimte figureer, kom algemeen voor in die Afrikaanse digkuns na Sestig. Musarra (1983:5) beskryf dit soos volg: "De ik-figuur handelt, maar kan tegelyk ook optreden as fokalisator, (zie Bal, 1978:106) het punt van waaruit de gebeurtenissen gezien worden, en als subject van taaluitingen van replieken en gedachten." 'n Goeie voorbeeld van die ek-spreker wat in die gedig figureer en ook as fokalisator dien, kry ons in "familiefigure as beeldmateriaal" (Krog, 1981:45):

van agter my lessenaar deur die diefweringruit
sien ek hulle drietjies huis toe kom:

my jongste: lappop-slapkop-blou-oog een
haartjies regop soos wortellowwe in die 'lug
armpies maai 'n rooiwang windlawaaai

...
die pen kletter uit my hand
klad strofes 2,3,4, en 6
in my eie handskrif onherkenbaar
tot gemenebes.

Cloete (1985:174) beweer verder: "Die ek-verteller verkonkreti-
seer die gediggebeure omdat die ek altyd vanuit 'n hier en nou
praat. Die karakter of personasie in die gedig is baie meer
omvattend as die ek-verteller. Die digter objektiveer homself
dikwels in die poësie. Hy skep gestaltes of personasies waaron-
der kan voorkom menslike gestaltes, diere, insekte en selfs
God."

2.2.4.3 Personering deur objektivering

Deur middel van objektivering - 'n losmaak van 'n aspek van die
"ek" - vind die objektiveringsproses plaas. Shaw (1972:259)
sien objektivering soos volg: "Objectivity. A dealing with
outward things; reality as it is, or seems to be, apart from
one's thoughts and feelings; intentness on objects external to
the mind."

Kuipers (1918:927) spreek hom oor objektivering soos volg uit:
"Objektiveren is objektief maken, (datgene wat alleen als
voorstelling of gedachte bestaat) buiten ons plaatsen,
verwezenlijken, tot werkelijkmaken." Uit hierdie beskrywings
kan ons dus aflei dat objektivering iets, 'n saak tot voorwerp
of objek wil maak. Dit is 'n visuele konkrete gestalte wat tot
'n gedig getransformeer word. Die waargenome gestalte word dus
as't ware woordgestalte.

By objektivering distansieer die digter homself dus doelbewus van betrokke emosies en skep so 'n gestalte waarby hy tog implisiet betrokke is. Die digter wil 'n bepaalde idee aan die leser oordra en dit is geleë in die konfigurasie van elemente in die gedig. Deur die skepping van gestaltes of "objective correlatives" word hierdie idee dan in die poësie oorgedra. Die skrywer soek dus na 'n korrelaat as 'n soort kanaal waardeur hy sy emosies in sy kuns tot uiting kan laat kom sonder om ekkerig of ooremosioneel te wees. Eybers bewys haar bedrewenheid in die kuns van objektivering in "Hagar":

Daar is geen laafnis vir die ander dors,
my seun, my seun. Want trane het gegly
terwyl ek jou gevoed het aan my bors
en hulle sout sal altyd in jou bly.

...

(Eybers, 1978:84.)

Die digter identifiseer hom/haarself dus met iets of iemand – 'n leeu, 'n gewigopteller, 'n Hera, 'n Teresa van Avila. So vind Marlene van Niekerk 'n objektiewe korrelaat in "dood van 'n vensterwasser":

huishoog gespalk bly ek ontheemd
deur elke ruit in raaisels kyk
tot, na die laaste asem
en smeersels opgedroogde spoeg,
die eindelose aai van dooiwoorde oor glas,
die ondeursigtigheid van ys en wasem
langsaam voor my vingers wyk
en die wêreld stadig
uit die windsels van die winter draai.
ek val en hoor die lug
agter die hoë nokke kraak

....

(Van Niekerk, 1983:24.)

Deur objektivering bekyk die digter homself en dit bring perspektief op persoonlike problematiek. In "Huis oordag" (Cloete, 1982a:29) skryf Cloete oor die dood wat skuil in elke huis, maar daardeur verwerk hy eintlik ook die persoonlike problematiek van 'n eie lewe van siekte en die doodsgedagte as meeloper:

ek het om my te vestig in vreugde 'n huis gebou
vir stoeiende seuns vlinderige dogters verwek
in ekstase en 'n geliefde teer gekwete vrou

vir baie vriende om nes te maak
'n plek vir swaels hangplek
vir baie skilderye wat bewaak

moet word boeke rak op rak om huis te hou
vir die groot stilte wat skrikgewek
aardebewend in die dak in die stene en die fondament kraak

(Cloete, 1982a:29.)

Die samespel van die "ek" met al die ander kommunikatiewe elemente van die gedig bring 'n transformasie van die problematiek waaruit 'n nuwe struktuur, naamlik 'n unieke gedig tot stand kom wat op unieke wyse kommunikeer.

Dit is egter vir die digter onmoontlik om homself totaal los te maak van sy werk. Maatjie (1974:34) beweer: "De som van zijn kennis, de som van zijn persoonlike belevenissen en ervaringen, de som van zijn overgeërfde eigenschappen vormden de trias waarop het literaire werk berustte, waaruit het was voortgekomen."

Die sprekende ek kan ook die belewende ek wees en sodoende word 'n persoonlike ervaring gerekonstrueer tot 'n universeel geldende konsep. Opperman (1979:88) objektiveer maar identifiseer ook met Glaukus wat uit die water klim:

Hy skud die skubbe en die druppels af
en lig hom teen 'n vin
dié vaste wêreld in.

En uit vier knoppe van die selekant
knop
 voet na voet
 hand na hand
kruip en waggel ek orent
langs die eersterivier
deur bos en tussen oorblare en die olifant
oor 'n wankelplank ...
,hier wil ek woon':
Thibaultstr. 3
3340 jou telefoon
identiteitsdokument ...?

(Opperman, 1979:88.)

Die digter maak nie net van mensgestaltes gebruik nie maar ook van diere, bomenslike of mitiese figure, byvoorbeeld Lucifer, Hera, ensovoorts. So kan baie ryk geskakeerde figure gebruik word, wat Opperman dan ook doen as hy Marco Polo as medereisiger kies in "High Roads' Robbery":

Gemasker
 soos die kroeks by Kimberley
 diamante van die poskoets steel,
 reis ons in High Roads' Readers saam
 met daardie drie:
 Ou Niek, sy seun Marco en sy oom
 na die domeine van die Koeblai Khan.

(Opperman, 1979:22.)

Van Heerden is bekend vir sy sportgestaltes wat hy as "objective correlatives" gebruik soos in "Die gewigopteller":

Die taai klou van die grond
 vermenigvuldig elke pond,

 die ruie vlegsels van die spier
 is - triomfantelik! - 'n dier

 wat met één kap blitssnel
 die swaartepunt verstel.

Die digter kan 'n groot, ryk geskakeerde gestalte skep, soos in Van Wyk Louw se gedig "Die Profeet" of hy kan 'n gewone, eenvoudige persoon gebruik soos I.D. du Plessis in sy "Kaalvoet Klonkie".

Die digter kan ook aan 'n gewone mens 'n buitengewone byna mistieke dimensie toedig, soos Opperman gedoen het in "Ou Non". Die poësie is nie net geskik vir die buitengewone, dramatiese, grootse of heroïese figuur nie maar ook vir die gewone, alledaagse klein mensies "wat getrou en enkeld bitter dinge doen" (Louw, 1938). Cussons, wat as digter van die alledaagse bekend is en as transfigureerder van die aardse na die boordse, kombineer 'n besondere aardse menslikheid met 'n intensiewe geestelike kontemplasie in "Glimp":

'n Insig glim
 wat as ek let, ontwyk:
 dat as dié wêreld,
 dié glorie waarna ek kyk,
 van 'n Ander slegs
 die floue afskynsel is
 dan sien ek dié aarde aan
 met iets soos skrik.

(Cussons, 1980:31.)

2.2.4.4 Selfobjektivering

Selfobjektivering is daarin geleë dat die digter hom bewustelik van die self wil distansieer; gevolglik skep hy 'n geobjektiveerde gestalte waarby hy tog implisiet betrokke is.

Selfobjektivering is die strewe van die "ek" om in 'n sekere sin buitekant homself te staan: "Wacht tot ge vrij zult zijn, wacht tot ge een vreemdeling voor uzelf zijt geworden, tot gij als het ware een dubbel leven gaat voeren. Er komt voor ieder een tijd dat een mens zichzelf ziet wegwandelen uit zijn eigen leven." (Nijhoff, 1961:1074.) Nijhoff vind die proses van selfobjektivering 'n ontstellende ervaring: "Ik herkende hem: de korte breedgeschouderde gestalte in het zee-blauw pyjama-jasje, het was ik, die daar zat." (Nijhoff, 1961:1077.) Hy kom tot insig en besef: "... laat, laat in het leven, wandelt een mens weg uit zichzelf ..." (Nijhoff, 1961:1078). Die digter is slegs as abstrakte outeur teenwoordig.

Malan (1983:xxv) sê die volgende aangaande die abstrakte outeur: "Die skepper van al die handeling, struktuur, ensovoorts, van die teks, dus die beplanner van dit wat aan die leser voorgehou word, maar iemand wat nie in die teks self teenwoordig is nie." Die self van die historiese outeur is dus implisiet in die teks teenwoordig en kan deur die leser geïdentifiseer word. Opperman (1959:55) sê die volgende oor die biografiese outeur: "... tog is hy 'n bepaalde persoonlikheid en selfs by die skynbare uitskakeling daarvan, bly sy persoonlikheid nog aanwesig, bepaal dit sy waarneming, inlewing, sy omskepping van die feitekeuse ...".

Opperman (1978b:6-7) sê in 'n uiters boeiende lesing: "Die voordeel van hierdie wegs kryf van jouself af is: jy bekijk jouself klinies en selfs sinies, in elk geval objektief. Dit bring behouding en perspektief en die siening van alles in betreklikheid. En die allerbelangrikste nog: jy kan rustig werk en oordeel oor die finale vormgewing."

By selfobjektivering het mens te doen met wat Roodt (1983:72) noem "die rekonstruksie van 'n ervaring: 'n ingrypende ervaring wat ekstasies en pynlik eerlik" uitgesê word. Die "ek" in die selfobjektiverende gedig word van buite bekijk. "Dit is die kunstenaar wat nou afkyk op die mens." (Roodt, 1983:74.)

Van Rooyen (1985:51) sê die volgende aangaande selfobjektivering: "Die skrywer wat poog om uiting te gee aan die eie belewinge, vrae, onsekerhede, emosies, denke en gedagtes skep dikwels konkrete gestaltepoësie wat dien as 'n plaasvervangende medium waarlangs hy sy diepste innerlike kan blootlê of juis vergestalt. Kortliks gesien, die digter maak gebruik van gestaltes en maskers om homself as onherkenbare voor te doen in die oë van die leser." Marthinus Nijhoff (1961:1073) beweer: "De mond zingt slechts waar het hart van vol is, maar iedere fluit is een toverfluit en zingt het ledige hart van andere mensen vol -" en verder "ten bate van jezelf, ontwikkel die hartstocht, maak je hem bewust, en denk en leef in andermans gevoel. Zo alleen kom je van jezelf vrij, dat is het doel." Met ander woorde om waarlik digter te wees, moet hy vry raak van homself; hy moet nie fluit met sy lippe nie maar met 'n fluit. Dus, wat ope belydenis was, moet *gestalte* aanneem in die gedig.

In Eybers se oeuvre kom talle gedigte voor wat handel oor die aard en wese van vrouwees; die belewinge as jong meisie, vrou, minnares, moeder en bejaarde en sieklike vrou. Deur die skep van verskillende gestaltes wil sy wegstroom van die "ek" en 'n soort universele taal kommunikeer. Eybers (1978:10) bevestig dat in elke gestalte die eie aard en geestesingesteldheid van die biografiese outeur na vore kom: "Soms dramatiseer 'n gedig

'n denkbeeldige situasie in die eerste persoon, bied dit aan as 'n brokkie belydenis. Of soms verhaal dit in die derde persoon en in 'n objektiewe trant 'n eie ervaring ... elke gedig word op een of ander manier uit die digter se ondervinding gefiltreer."

Cloete (1981:93) sê oor selfobjektivering: "Om van aangesig tot aangesig teenoor jou eie-ek te staan te kom, is 'n verskynsel van ons poësie sedert die Dertigers." Hy brei verder uit: "Vir Van den Heever hou dié bekyk van die eie-ek 'n onpeilbare geheim in, vir Van Heerden lei dit tot 'n konflik, soos ook in 'n minder mate vir Pretorius." Die Dictionary of philosophy and psychology, d1.II se verklaring vir die term 'self' is soos volg: "In reflective consciousness the self is not only subject - the subject-self - but it is also object of its own reflection-object-self. The object-self, however, when thus made object, is at the same time identified with the subject-self, which it is said to reflect." (Baldwin, 1960:507.)

Die 'ek' of die 'self' word dus 'n objek buite die 'ek', dus 'n naakte aanskouing van die 'ek' van homself. Roodt (1983a:70) stel dit so: "Die voordeel van hierdie wegstryf van jouself af is: jy bekyk jouself klinies, selfs sinies, in elk geval objektief. Dit bring verhouding en perspektief en die siening van alles in betreklikheid." Die digter is dus hier besig met 'n eerlike spel, selfs 'n bieg jeens homself. Dit is 'n proses van volkome blootlegging van die 'self'.

Van Rooyen (1985:51) vat dit goed saam as sy sê: "Samevattend kan daar dus onder andere geredeneer word dat die digter gestaltes skep wat namens hom praat. Dit op sigself bring 'n mens by die sogenaamde kwesbaarheid van die digter-as-mens uit. Deur gebruik te maak van gestaltegewing, te wete algemene gestaltes soos hierbo genoem, openbaar die digter bekende menslike verskynsels sowel as intiem persoonlike dinge of sake rakende die 'ek'."

2.2.4.5 Personering en die personele spreker

Van Gorp (1984:33) sê die volgende oor die personele spreker: "Onder personele of personele vertelsituatie (Dts. personale Erzählsituation) verstaat Stanzel een hij-verhaalvorm waarbij de gebeurtenissen rechtstreeks aan de lezer gepresenteerd worden door een of meer personages. De vertelinstantie is in het bewustzijn van het personage (zie stream of consciousness)." Die personele spreker is dus die personasie wat self praat en subjektief betrokke is by die gebeure. Die vertellende personasie omlin sy eie lewenservaring deur introspeksie.

Die term "stream of consciousness" is gebruik deur William James in sy boek Principles of Psychology (1890) om die ononderbroke vloei van gedagtes en bewuswording in die brein te beskryf. Abrams (1988:180) sê: "Some critics use 'stream of consciousness' interchangeably with the term interior monologue. It is useful, however, to employ the former as the inclusive term, denoting all the diverse techniques employed by authors to describe or to represent the overall state and process of consciousness in a character."

Cloete is by uitstek die digter wat die tegniek van die personele spreker beoefen. In talle van sy gedigte vind ons 'n reflekerende personasie aan die woord wat 'n spesifieke persoonlike problematiek belig, byvoorbeeld in die gedig "Eiewysheid":

ek groei aarde toe krom ek hel lewendig
skuins hoe meer jare ek haal
hoe neer raak my kinkels bestendig
ek moet my vertikaal

handhaaf ek moet sekondegetrou
onthou om asem te haal
om koppig uit te hou

en te beweeg kropskeef
en aaphinkende ek moet uitputtend aanhou
oefen om deur die nag te leef

ek moet vratig bly drink
 en eet en sweet
 en hondhyg ek moet vermoeiend bly dink
 in teen die groot vergeet

(Cloete, 1982a:56.)

In die gedig kry ons die personale spreker se stryd teen 'n liggaamlike gebrek waarteen hy hom moet handhaaf, waarteen hy koppig moet "uithou" en "vermoeiend" moet bly dink.

Ook in Cussons se poësie, byvoorbeeld in "Eggenoot" kom die personale spreker telkens voor:

En jy dink: jy ken hom nie na twintig jaar,
 hy is geheimer nou vir jou as in die begin
 maar dit het julle gemeen: dié eensaamheid,
 dié vae verbaasdheid asof julle êrens
 in iets gefop is: minder word
 julle woorde vir mekaar, ...

(Cussons, 1978a:75.)

In hierdie gedig het ons te make met 'n reflekkerende spreker wat oor die eensaamheid en die afstand tussen mens en mens, tussen man en vrou besin.

2.2.5 SAMEVATTING

In die voorafgaande gedeelte van hierdie hoofstuk is daar gepoog om 'n kort oorsig te gee van die karakteriseringstegieke soos dit in die literatuur manifesteer. Deur die bespreking van al drie genres van die letterkunde, het ek probeer om verbande te trek tussen die karakterisering in die drama en roman en die personering in die poësie.

Ek het 'n teoretiese raamwerk probeer daarstel waarin die vrouepersonering soos dit by Cussons voorkom, bespreek kan word. Ek het probeer om 'n onderskeid te tref tussen die terme karakterisering by die narratologie en die drama en dan personering by

die poësie en ek het gemotiveer waarom ek die term personering gebruik as die poësie ter sprake kom.

In die volgende afdeling gaan dit oor die individuasieteorie van Jung en word probeer om 'n verband te lê tussen Cussons se vrouepersonering en Jung se teorieë oor argetipes en die kollektiewe onbewuste.

2.3 DIE INDIVIDUASIETEORIE VAN C.G. JUNG

2.3.1 INLEIDING

Aangesien Cussons haar besig hou met die primordiale strukture uit die mens se psige en sy hierdie beelde of argetipes in haar poësie ontgin, is dit belangrik om stil te staan by die teorieë van Carl Gustav Jung, om die moontlike verbande aan te dui. Jung, 'n Switserse psigo-analitikus, het beweer dat die mens se sinvolle bestaan herlei kan word tot psigiese prosesse. Kennis van die psige is dus noodsaaklik om lig te werp op die geheime nisse van die menslike bestaan. Hy beskou die mitologie as die openbaring van psigiese gebeure. As Cussons dus in "Kombuis van Hera" (Cussons, 1978a:30) soek na die resep vir "die koek geler as goud", is dit 'n aanduiding van 'n strewe na die volkome kennis van die self, 'n "wholeness" waarin die bewuste en onderbewuste een word. Aangesien Cussons so 'n veelheid van mitologiese gegewens in haar poësie gebruik, is dit dus noodsaaklik dat daar indringend gekyk word na Jung se teorieë in verband met individuasie, argetipes en simbole. Die feit dat sy so 'n verskeidenheid mitologiese vrouefigure gebruik, dui op 'n argetipiese bewussyn, so wel as die duidelike strewe na 'n absolute kennis van die self, die wêreld en van God. In die gedig "Onder die huid uit" kry ons die versugting na hierdie absolute kennis:

Laat ek my kén dan, verlos my van die momding dan, hiér,
 in dié staat nog, dat ek kan spring uit smartlike voorlophede
 in Ú in plótseling, vervulde, geheiligde verselwing in. uit

(Cussons, 1990:74.)

2.3.2 DIE BEWUSTE EN DIE KOLLEKTIEWE ONBEWUSTE

Jung beweer dat "... the conscious mind grows out of an unconscious psyche which is older than it, and which goes on functioning together with it or even in spite of it" (Fordham, 1973:16). Jung onderskei dus twee vlakke van die psige, naamlik die bewuste en die onbewuste. Laasgenoemde word weer verdeel in die persoonlike onbewuste en die kollektiewe onbewuste.

Jung sien die onbewuste as die matriks van die bewuste en daarin is die kiem tot nuwe moontlikhede van lewe ingebed. As Cussons dus in die gedig "Die werf" terugkyk op 'n kindertyd en die "heelheid" van die kind se siening weergee, maar terselfdertyd nie kan verstaan hoe 'n ouma en 'n ma dan nie daardie ongeskonde "bewussyn" het wat eie is aan die kind nie, sien ons reeds haar vermoë om die onbewuste op te diep en te ver-woord:

...
 Terug in die huis:
 Liewe Vader mens kan dit nie hou nie
 het Ouma vroom oor die hitte geklae
 en, hel maar dis warm, onomwonde
 van my effens meer wêreldse ma:
 hoe sou hulle verstaan dat die bloedige dag
 en die varkhok
 vir my 'n hemel was, 'n sprokie sonder weerga -
 ...

(Cussons, 1978a:14.)

Die persoonlike onbewuste word soos volg beskryf: "These subliminal perceptions together with the repressed or forgotten memories, make a kind of shadowland stretching between the ego and the unconscious which could - in fact should - belong to the ego." (Fordham, 1973:21.)

Die persoonlike onbewuste word gevorm deur die individu se onderdrukte impulse, wense en tallose vergete ervarings. Die persoonlike onbewuste kan herroep word, alhoewel soms nie uit vrye wil nie. Soms verskyn dit as drome, fantasieë of in kunswerke. Freeman beweer (1964:88): "Yet it seems that what we call the unconscious has preserved primitive characteristics that formed part of the original mind. It is to these characteristics that the symbols of dreams constantly refer, as if the unconscious sought to bring back all the old things from which the mind forced itself as it evolved - illusions, fantasies, archaic thought forms, fundamental instincts, and so on."

2.3.3 ARGETIPES

Volgens Jung is die argetipe 'n primordiale beeld en 'n transendentale vorm uit die kollektiewe onbewuste. Hy beweer verder: "There is an a priori factor in all human activities, namely the inborn, preconscious and unconscious individual structure of the psyche." (Jung, 1959:77.)

Hierdie "struktuur" word ook genoem die argetipes, die primordiale beelde of denke wat alle psigiese prosesse bepaal. Hierdie argetipes het ontstaan gedurende die duisende jare toe die menslike brein en bewussyn in 'n ontwikkelingstydperk was. Jung (1960:137-138) sê verder: "Archetypes are typical modes of apprehension, and wherever we meet with uniform and regularly recurring modes of apprehension we are dealing with an argetype no matter whether its mythological character is recognized or not."

Die sosiale samelewing verwag van elke mens om op 'n spesifieke manier op te tree, en so ontstaan die masker waarmee meeste mense leef. Fordham (1990:47) stel dit so: "The process of civilizing the human being leads to a compromise between himself and society as to what he should appear to be, and to the formation of the mask behind which most people live." Die

volgende argetipes word dus onderskei: die persona (die masker), die skaduwee, die anima en animus, die ou wyse man, die oermoeder en dan die Self. Jung definieer argetipes as die prekonfiguratiewe patrone van denke of gedrag of motiewe. Argetipes is nie rasonale vorms nie maar vorms van verbeelding. Alle godsdienste is ook ryk aan argetipiese beelde: "What we properly call instincts are psychological urges, and are perceived by the senses. But at the same time, they also manifest themselves in fantasies and often reveal their presence only by symbolic images. These manifestations are what I call archetypes." (Jung, 1978 & 1964:58.)

'n Verdere interessante stelling is dat argetipes die beeldvórm, dit is nie die beeld self nie. Argetipiese inhoud word indirek uitgedruk as metafore (Jung, 1959:157). As ons nou die poësie van Cussons in oënskou neem en kyk na die ryk geskakeerde metafore in haar werk, dan kan ons nie anders as om die argetipiese ingesteldheid duidelik waar te neem nie. In die gedig "Antieke wandeling" verwys sy spesifiek na die "donker bronne onder die denke" waar die Graeae gevind word. Die Graeae is "frightening old shrews who among them had but one tooth and one eye which all three used in turn" (Graves, 1959:183). Die verwysing na die Graeae hou weer verband met die anima wat deel is van die Self:

Totdat die wind my weer dwing om te luister
na wat die grasse fluister om die knikdans
van dissels - Dan hoe swerm die ou geheime
weer terug, hoe róér die donker bronne
onder die denke waar die potige Graeae hou
en Aphrodite die wit mossel:
hoe tuur die gate in die grond en die grotte
en die geel oog van 'n skielike bok.

(Cussons, 1978a:29.)

Oor die anima sê Fordham (1953:54): "The anima carries spiritual values, and so her image is projected not only on to pagan goddesses, but on to the Virgin herself, but she is also near to nature and charged with emotion. She is 'chaotic urge

to life', she is a seductress, she is 'my Lady Soul', ..." Ons het dus in die blote gebruik van die Graeae reeds 'n komplekse vrouebeeld wat beide godsdiens en mitologie ten nouste betrek.

Jung verwys na die anima as: "... this female element in every male ..." (Jung, 1964:17). Van die animus sê hy: "The male personification of the unconscious in woman - the animus - exhibits both good and bad aspects, as does the anima in man." (Jung, 1964:198.)

Die self is nie net die komplekse kern van die mens nie, maar die hele omtrek wat beide die bewuste en die onbewuste insluit; die self is die kern van hierdie totaliteit net soos die ego die kern van die bewussyn is. M.L. von Franz, soos deur Fordham (1974:240) aangehaal, verduidelik die sirkel as simbool van die Self: "It expresses the totality of the psyche in all its aspects, including the relationship between man and the whole of nature." In Cussons se poësie kom ons telkens die simbool van die sirkel teë, wat weer eens dui op die strewe tot 'n geïntegreerde self, 'n "wholeness" wat ontwykend is en daarom 'n ewigduurende soektog in die vooruitsig stel. Die gedig "Die geel kombuis" bevat 'n aantal sirkelsimbole:

...
 het 'n ronde wit marmertafel en bruin erdewerk
 en blomme
 en 'n roomwit bord met 'n singende voël daarop -
 ...

(Cussons, 1978a:17).

Soos die sirkel die simbool van die self is, is die vierkant (of driehoek) die simbool van die aardsgebondenheid, die liggaam en aardse werklikheid (Fordham, 1974:249). In "Kombuis van Hera" woon die ma in 'n baksteen (Cussons, 1978a:31) wat onder andere die aardsgebondenheid van die ouer uitbeeld. In "Stillewe" (1978a:59) is die vierkant die aangesprokene:

Vierkant, wat ons altyd gou teken
 óm die ontwykende en om die sfeer
 te beredeneer, toon kleure en volumes
 in verhouding tot mekaar, komposisie
 op 'n vlak wat gaan lyk na 'n ruimte.
 En woorde staan op 'n vlak
 wat 'n ruimte gaan word en nie gaan stil
 leef nie maar kwellend.

Jung beweer dat die ervarings van die self as argetipiese beelde, onder andere in drome weerspieël word. "Archetypal images occur in dreams, fantasies, psychotic hallucinations and delusion, also myths and fairy tale." (Jung, 1959:153.) Hierdie bewus-wees van die argetipes van die self word geïllustreer in die mitiese gedig "Pandora":

Jy verwyder die donker
 as kinders bang is
 bondel dit in die hangkas
 en sluit die deur toe
 sit by die bed tot
 angste wegswymel in slaap
 en jy nie meer langer
 die beswerende priesteres
 hoef te speel nie
 maar eerlik en magteloos
 die donker in die oog kan kyk.

(Cussons, 1979a:15.)

Pandora word in die Griekse mitologie beskryf as die eerste vrou. Zeus "... ordered Hephaestus to fashion clay and water into a body, to give it vital force and human voice, and to make therefrom a virgin whose dazzling beauty would equal that of the immortal goddesses. All the divinities heaped their special gifts on this new creature, who received the name of Pandora." (Graves, 1959:93.) Pandora het egter 'n groot vaas by haar gehad en toe sy dit oopmaak, het verskriklike beproewinge oor die wêreld heen versprei. Weer eens het ons dus 'n vrouepersonasie wat die dualisme van goedheid en boosheid in haar omdra. Volgens Jungiaanse teorie is daar dus sprake van die ego se bewus-wees van die skaduwee: "The shadow coincides with the personal unconscious, and is personified in all the aspects of a

person that he refuses to acknowledge inferior traits and incompatibilities." (Jung, 1959:285-286.)

Ons sien hier dus Cussons se bewus wees van die skadukant van die self: "The dark side of the self is the most dangerous thing of all, precisely because the self is the greatest power of the psyche ..." (Fordham, 1974:216). Alhoewel die skadu egter die onaanvaarbare deel van die self is, is dit geensins "... the whole of the unconscious personality. It represents unknown or little known attributes and qualities of the ego ..." (Fordham, 1974:168).

Die kind is dikwels simbool van die Self, soms 'n magiese of heilige kind, soms 'n gewone alledaagse kind. In die lig hiervan kan die personasie as kind, soos dit in Cussons se poësie manifesteer, weer eens dui op 'n strewe na "heelheid" van die self; 'n individuasieproses. In "Kombuis van Hera" (1978a:30) noem die ek-spreker haarself "neutvars kind met die voorskootklere" en verder praat sy van "die sikloopkind" en sê: "... dis eintlik sy wat sin maak van die resepsie".

Jungiaans gesien, is dit dus 'n verklaring van die Self as die sinmaker van die lewe en die sin-maker, dus die digter. As ons in ag neem dat die kind-personasie opvallend in haar poësie voorkom, kan ons dus aflei dat daar by haar 'n drang is na die volkome eenwording van die bewuste en onbewuste. Sy soek gedurig na dit wat "sin" kan maak. Sy bevestig hierdie siening in "Die werf" waar die kind tyd en ruimte transendeer en in die werf kan sy dus:

...
... die hele Ou Testament
in jou vind, en die Griekse legendes en Andersen

(Cussons, 1978a:14).

Die Self kan ontwikkel van 'n dier of eier en word gevind in die hermafroditiese personasie, wat 'n simbool van volkommenheid is.

Dit word ook gevind in die beeld van 'n edelsteen - "the treasure hard to attain". Die edelsteen is veral die diamant of die pêrel, 'n blom, 'n goue bal of 'n Nagmaalsbeker. As ons dan kyk na die gedig "Glo ek ...", kry ons die beeld van die pêrel:

... dat dit in in ons sit
 (soos die pêrel)
 ...

(Cussons, 1978a:10).

In die gedig "Herinneringe en bespiegeling" (1978a:80) noem sy die sel "... daardie ligte eierdop van wit kalk ...", dus weer eens 'n uitsê van haar drang tot samesmelting van die bewuste en die kollektiewe onbewuste.

Die soeke na volkomenheid "wholeness" kan ook geformuleer word as 'n soeke na God. Hierdie staat van eenwording met God kan slegs bereik word deur lyding en die ervaring van pyn. In "Ses op 'n tema" sê die ek-spreker:

Jy het veel soorte wonde
 aan die self gely
 sommiges aan die liggaam
 en die letsels bly -
 die ander, daar is mense
 wat jou dié soort sal beny.

(Cussons, 1978a:69.)

Hierdie eenwordings- of heelwordingsproses ontwikkel stadig en min mense kan ooit al die dele van die persoonlikheid ten volle integreer. Fordham (1974:77-78) stel dit so: "The individual person, on the other hand, through his acceptance of the unconscious has, while remaining aware of his unique personality, realized his brotherhood with all living things, even with inorganic matter and the cosmos itself."

Die eenwordings- of individuasierproses kan vergelyk word met 'n psigologiese reis vol pyn. Die reisiger moes eers sy skaduwee ontmoet en leer om saam te leef met hierdie soms angswekkende

aspek van homself. Daar kan geen heelheid wees sonder erkenning van gebrokenheid nie. Jung se siening is dat die individuasië-proses eers werklik kan begin as 'n persoon die vooroordeel van negatiewe projeksies van die buitewêreld onttrek en die skaduwee ook in die persoonlikheid integreer. "If we could see our shadow (the dark side of our nature), we should be immune to any moral and mental infection and insinuation." (Fordham, 1974:85.)

Die ervaring van 'n gevoel van heelheid, "completeness" kan slegs bereik word deur 'n samesmelting van die bewuste en die kollektiewe onbewuste. "Out of this union arises what Jung called 'the transcendent function of the psyche', by which a man can achieve his highest goal: the full realization of the potential of his individual Self." (Fordham, 1974:149.) Cussons het by herhaalde geleenthede haar toewyding aan haar kuns - skryf- en skilderkuns - verwoord asook haar strewe om ook in haar kuns, net soos in haar godsdiens, volkommenheid of volmaakt-hheid te bereik. Botha (1985:84) beskryf hierdie "eenwees" soos volg: "By haar is daar geen skeidslyne waar die digter begin en die mens ophou nie. Sheila lééf haar werk en haar werk adem haar." Sy gaan voort deur te wys op Cussons se strewe tot diensbaa-
rheid (1985:86): "Sy skryf nie omdat sy as digter of kunstenaar gevier wil word nie - sy wil bloot diensmaagd wees. Eerbe-tonings per se is nie vir haar belangrik nie. Dit is soms vreemd skokkend hoe ongeërg sy is oor enige verwysings na haar as 'gevierde, bekroonde digter'. Sy is, wat haarself betref, net Sheila - Sheila wat skryf."

Ek dig vir hulle wat kom
en kom hulle nie, dan dig ek,
dig ek alles weer golwend vry,
dig ek alles weer stromend terug
tot in daardie Onstuimigheid
wat Is voor Abraham was.

(Cussons, 1988:55.)

Sy is altoos bewus van haar tekortkominge soos sy dit verwoord in "Twee" deur die frases "dowwe glimpe" en "struikelend":

Dit honger in my, ongedurig:
sal daar nog wel 'n einde kom
aan almal met eenderse dowwe glimpe?

...

Here, Here, hoe swaar
die geduld wat U van my vra:
dat ek struikelend intussen
myself as my eie kruis moet dra.

(Cussons, 1990:33.)

Ten spyte van die menslike tekortkominge is daar die ewigdurende strewe na 'n verering van God deur haar poësie wat duidelik blyk in "Triomf" (Die knetterende woord):

Slegs een obsessie ding met U mee
en dit deurdring van U: die poësie:

...

En waarmee U my al hoe meer, al hoe veelduidiger-dig Dig:
'n vang, en los in woorde, 'n speletjie van wegduikel
en vindmekaar in steeds my-verrassender getaalde Sin-
En Wie gee aan Wié die glorie
uit dié duielsing se Heerlike Ironie-?
Dié van nooit nee nêrens ooit
die Een die Ander kan uitoorlê, kán ontvlug nie!

(Cussons, 1990:59.)

Individuasie impliseer dat 'n persoon ontvanklik sal wees vir die onbewuste maar ook dat hy die betekenis van die argetipiese inhoude op 'n kognitiewe vlak sal verstaan sodat hy dit in 'n bewuste verwysingsraamwerk kan integreer. Volgens Jung (1960) sal aktualisering van die Self slegs moontlik wees as 'n persoon die onbewuste inhoud in die intellek integreer.

Die verskil tussen die bewuste en die kollektiewe onbewuste lê daarin dat die bewuste (ego) al die psigiese inhoude bevat waarvan ons op 'n gegewe oomblik bewus is. Dit sluit in alle denke, motiverings, bewuste emosies so wel as alle ander bewuste faktore wat 'n invloed het op ons gedrag. In die bewussyn

ervaar ons die beperkinge van tyd en ruimte en gedrag word beïnvloed deur die bewuste wil (Jung, 1960). Die kollektiewe onbewuste het 'n outonome bestaan en is saamgestel uit argetipiese vorms wat in die bewussyn ontspring het (Jung, 1959). Die onbewuste beïnvloed denke en gedrag maar dit kan nie beheer word deur die bewuste wil nie (Shelbourne, 1988). In verband hiermee sê Jung (1959:42): "Unlike the personal unconscious, the collective unconscious was never conscious. Personal unconscious consists of complexes, while the collective unconscious consists of archetypes."

Op die vlak van die kollektiewe onbewuste is daar geen beperkinge van tyd en ruimte nie en verlede, hede en toekoms is alles potensiele hede (Jung, 1960). By Cussons vind ons hierdie bewussynstroom waarin tye en ruimtes saamvloei soos dit uitgebeeld word in "Man met 'n vlieër":

Hy staan eenkant, enkeld, alleen,
 dwingend vertikaal, 'n vlagpaal, 'n mas,
 'n altaar, 'n stapel geheime wat deur sy bloed
 terugreik na watter verlede, volkere,
 hartstogte, drome, visioene
 en far-off unhappy things ...

(Cussons, 1978a:25.)

Die kollektiewe onbewuste word verdeel in instinkte en argetipes. Die instinkte is die ingebore patrone of neigings wat verantwoordelik is vir die biologiese regulering van die liggaam, terwyl die argetipes potensiele vorms is wat die basis is vir beelde en idees. Argetipes het geen inhoud nie maar kan manifesteer in die vorm van mites, simboliese motiewe, beelde en religieuse idees. Jung (1978:68) noem dit "forms of imagination" as hy beweer: "Archetypes are not forms of reason, but more forms of imagination, and are typical images. All religions contain a rich variety of archetypal images."

As ons nou die feit in ag neem dat Cussons 'n religieuse digter is wat die Rooms-Katolieke rituele en beelde sterk in

haar werk laat realiseer, dan is dit duidelik dat sy in noue kontak is met die argetipiese beelde van die kollektiewe onbewuste. In "Beelde" sê sy:

...
 Ek weet ek sal bly wees, ek weet ek sal
 heeltemal anders wees; verlig, vol lig,
 in ligte vonke saai en sak in al die plekke in
 waar ek nooit kon kom nie, nie toe ek
 ék was nie, te enkel en te ek in net een plek.

...
 Sluit opnuut die vinger van God,
 Sixtyns, om Adam se vinger: God wat die Boom
 weer waag, Adam die swaarde van vuur - én om
 van te lag en te huil, die vlug in beelde in.

(Cussons, 1981:12.)

Fordham (1974:153) verwys na die boom soos volg: "We know from many examples that an ancient tree or plant represents symbolically the growth and development of psychic life."

As Cussons dan haar drang na "sien" verwoord in "Die dooie bome" kry ons weer eens die strewe na 'n "wholeness" wat dui op 'n eenwording tussen ego en self, tussen mens en God:

... Alles ís, is besig
 met die besigheid van wees
 en hierheid en nou, sonder
 steur aan hulle verbysterende
 eldersheid. Ek wil hulle sien,
 ek wil hulle skerp sien, 'n wete
 aan hulle ontruk, maar ek
 frons en ek kan nie: hulle is té
 nêrens nie meer hier nie.

(Cussons, 1980:23.)

Die kollektiewe onbewuste transendeer tyd en ruimte: "The unconscious helps us by communicating things to us, or making figurative allusions." (Jung, 1983a:333.) Reële kennis word gekommunikeer deur simbole wat dan verstaanbaar word die oomblik as die intellek die betekenis geassimileer het. Om 'n onbewuste boodskap te verstaan, moet die bewuste ego in interaksie tree met die onbewuste (Jaffé, 1971).

Oor simbole sê Jung (1964:20) die volgende: "What we call a symbol is a term, a name, or even a picture that may be familiar in daily life, yet that possesses specific connotations in addition to its conventional and obvious meaning." 'n Woord of beeld is dus simbolies as dit meer impliseer as die alledaagse betekenis. Dit het 'n wyer, "onbewuste" aspek wat nie presies gedefinieer of volledig verduidelik kan word nie.

Woorde het vir elke individu 'n unieke betekenis wat soms slegs 'n nuanseverskil impliseer, al het individue ook dieselfde kulturele agtergrond.

Cussons se omgang met die taal dui op haar kundigheid en kreatiwiteit. Sy is veral bekend vir haar neologismes en die aantal teenwoordige deelwoorde wat dui op 'n kontinuïteit in die handeling. Vir Cussons is die taal 'n houer en dra "die belofte van 'n self / wat hy in die woord sal vind" (Cussons, 1978a:62). Cussons se taal is in sy geheel in diens van God. Sy maak dikwels gebruik van intensivering en dit neem die vorm aan van neologistiese woordgebruik, soos ons dit kry in "Erfenis":

... - ontwar
jy op jou velle wit papier tot laat in die nag
eensaam die spraak en weerspraak in jou bloed

(Cussons, 1978a:55).

Cussons dui in "Selfs ..." aan wat die taal vir haar beteken en wat sy daarmee wil doen:

Taal, jy moet alles kan aankeer,
die tergendste dinge van die gees,
tot deur sy lus die vangriem kan adder
om selfs die skof van die melkwit Bees.

(Cussons, 1990:14.)

Simbole kom veral voor in religie en mitologie; beide manifesteer sterk in Cussons se poësie wat dui op 'n individuasieproses wat aktief besig is om volvoer te word. Jung beweer ook dat

"... myths of a religious nature can be interpreted as a sort of mental therapy for the sufferings and anxieties of mankind in general - hunger, war, disease, old age and death" (Jung, 1964:79). Die totale integrasie van mitologiese en religieuse simbole dui op 'n aktiewe poging om die bewuste en onbewuste tot 'n heelheid, 'n eenheid, 'n totaliteit te integreer.

As ons die poësie van Cussons, veral ook ten opsigte van haar vrouepersonasies in diepte beskou, dan vind ons daarin 'n strewe tot totale integrasie van mitologie, godsdiens en werklikheid. Haar strewe tot "heelheid" (wholeness) blyk pertinent uit die gedig "Die woedende brood":

Hulle wat brood eet, nie brood metafories
 nie, maar brood met olie en sout op,
 is nooit soos dan so dan so heel nie, volkome,
 soos die vingers wat die brok hou,
 ...
 ...; Jesus met net
 so 'n mond, sulke hande, geneem uit Maria,
 en al wat Hom van hulle onderskei, is in
 sy Hart en sy Hart in die Vader, die Gloed
 waarin alles ontstaan het: die korrel
 koring, die aarde, die brood, die honger
 eens heerlik, tot verhongering vermink,
 en die Furie en die oorvloedige Bloed.

(Cussons, 1981:19.)

2.3.4 SAMEVATTING

In hierdie afdeling is daar kortliks ingegaan op Jung se individuasieteorie en daar is ook verwys na die argetipes en simbole wat gebruik word om inhoud aan die argetipiese vorms te gee. Daar is gepoog om 'n verband aan te toon tussen die vrouepersonasies soos dit in Cussons se poësie voorkom, en die argetipes van die kollektiewe onbewuste. Ek het probeer om 'n verband te lê tussen die keuse van haar gestaltes en haar strewe na 'n eenwording tussen die ego en die onbewuste.

In die volgende afdeling sal daar gekonsentreer word op die rol wat die Rooms-Katolieke lewensbeskouing speel in die vroue-gestaltes en ek sal probeer om 'n verband te lê tussen religie en die Jungiaanse teorieë. Fordham (1957:82) stel dit so: "The psyche and the cosmos are related to each other like the inner and outer worlds. Therefore man participates by nature in all cosmic events, and is inwardly as well as outwardly interwoven with them."

2.4 ROOMS-KATOLIEKE BEÏNVLOEDING BY DIE SELEKSIE VAN VROUEFIGURE IN DIE POËSIE VAN SHEILA CUSSENS

2.4.1 INLEIDING

Die feit is reeds gestel dat Cussons binne die raamwerk van die Christelike godsdiensaanvaarding dig en wel vanuit 'n Rooms-Katolieke lewensbeskouing. Sy sê self in 'n onderhoud met Phil du Plessis (1985:6-8): "Ek het altyd 'n sterk God-bewussyn gehad, maar jy weet, ek het nie as kind(sic), is ek nie gedwing om 'n formele godsdiens te aanvaar nie." Verder verduidelik sy: "... aanvanklik was ek sterk panteïsties, jy weet, in my uitkyk op dinge, selfs as kind. Ek het alles gepersonifieer of in alles het ek God gesien ... Maar dit is nie noodwendig panteïsties nie, dit is eenvoudig 'n waarheid en ek het vanuit hierdie soort van natuurlike mistisisme of panteïsme, teosentriese soort bewustheid van die skepping as deurstraal van die bo-natuur, nie waar nie? - het ek gegroei tot wat ek kan noem 'n, an orthodoxy."

Ten einde die invloed vas te stel wat die Rooms-Katolieke lewens-ingesteldheid gehad het op die keuse van uitbeelding van die vrouepersonasies, moet ons eers enkele aspekte van die leerstellings van die Rooms-Katolieke Kerk in oënskou neem. Aangesien slegs vrouepersonasies in hierdie studie ondersoek gaan word, sal die ondersoek slegs strek sover dit betrekking het op die

vrou se rol in die Rooms-Katolieke kerk, die mitologie, die kuns, die geskiedenis en in die hedendaagse samelewing.

Verskeie aspekte van die Rooms-Katolisisme en die invloed en manifestasie daarvan in Cussons se poësie is reeds ondersoek. Ek het in die bibliografie 'n volledige lys gegee van artikels en verhandelinge in hierdie verband.

Weens die wye verskeidenheid aspekte van die Rooms-Katolisisme wat reeds bestudeer is, sal ek slegs kortliks die kern van die leerstellinge van dié kerk bespreek in vergelyking met die Protestantisme. Hierdie inligting sal net strek sover dit betrekking het op Cussons se poësie. Ek sal daarna spesifiek konsentreer op die Maria-figuur se rol in die Katolieke dogma en hoe dit dan manifesteer in Cussons se vrouepersonering.

2.4.2 ROOMS-KATOLISISME IN VERGELYKING MET PROTESTANTISME

In die Protestantse kerke word God bely as die enigste ware God. Die Christen leef in geloof, vertroue en afhanklikheid van God en glo in Jesus Christus as Seun van God wat na die wêreld gestuur is om die straf vir alle menslike sondes te dra. Die Christen glo dat alle mense in Adam gesondig het en hulle dus verdoem is tot ewige skuld en dood. Daarom leer die apostel: "... die hele wêreld is strafwaardig voor God" (Rom. 3:19). In Rom. 6:23 word gepraat van "Die loon wat die sonde gee, is die dood ..."

Die liefde van God vir die mens word geopenbaar deurdat Hy sy enigste Seun gestuur het om vir die mens se sondes te kom sterf en sodoende vir ons verlossing en die ewige lewe te verseker, "... sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê" (Joh. 3:16).

Die Apostoliese Geloofsbelydenis is 'n kort opsomming van wat die twaalf apostels geglo en geleer het en dit is dan ook vandag nog die samevatting van die Christelike leer soos dit deur die Protestantse kerke bely word. "Sulke belydenisse is gewoonlik geëis van persone wat in die kerk opgeneem wou word. Voordat hulle gedoop kon word, moes hulle belydenis van hulle geloof aflê. Om hulle hierin te help is die hoofpunte van die Christelike leer volgens die Woord van God in 'n geloofsbelydenis saamgevat." (Van Wyk et al., 1969:18.)

Oor die term dogma moet daar ook uitsluitel gegee word. Berkouwer en Toornvliet (1949:10) sê oor die woord "dogma" die volgende: "het dogma is een stelling, waarin de kerk de inhoud van haar geloof belijdt, welke stelling zij met gezag voordraagt. De dogma's met elkaar vormen 'de leer' der kerk ...".

Die leerstellings van die Protestantisme is gegrond op die Woord van God. Dugmore (1979:359) sê: "Christianity is a way of life, embodied in a corporate society or fellowship and centred on the worship of the One God revealed to men through Jesus of Nazareth, who lived as a human being for about thirty years in Palestine and was crucified by the Romans at Jerusalem between AD 29 and 33." Die Christelike Kerk is nie gebaseer op 'n gestorwe Jesus nie, maar op die "resurrection and glorification of Jesus on Easter Day" (Dugmore, 1979:361). Paulus som die Christelike geloof baie duidelik op in 1 Kor. 15:3-8 en beklemtoon die sentrale verlossingsgedagte van Christus se lyding, sy sterwe maar ook sy opstanding daarna en die feit dat Hy vir ons sondes gesterf het, sodat ons verlos kan wees en die Ewige Lewe kan hê.

Die mens in homself is dus tot niks goeds in staat nie en kan dus nie uitgaan van die gedagte dat hyself sy eie heil kan bewerkstellig nie. Christelike geloof berus juis op die erkenning van totale afhanklikheid van die genade van God en in dankbaarheid dat God sy enigste Seun, Jesus Christus gestuur het

om vir ons sondes te kom sterf. Die resultaat van hierdie verlossingservaring is dan die wedergebore mens wat deur sy daedegeden sal word. "Van doringstruik pluk 'n mens mos nie vye nie, en van 'n doringbos oes jy ook nie druiwe nie. Die goeie mens bring die goeie te voorskyn uit die oervloed goeie dinge in sy hart, en die slegte mens bring die slegte te voorskyn ..." (Lukas 6:43-45.)

Die Bybel word as die besondere openbaring van God gesien, soos Polman (1958:45) dit stel: "Onze Bijbel is het boek van Gods bijzondere openbaring. Dit neemt echter niet weg, dat daarin tegelijk het ware licht opgaat over Gods openbaring in de weken van schepping, onderhouding en regering der gehele wereld."

Die Vatikaanse Konsilie van 1870 het die volgende uitspraak gemaak: "Dezelfde heilige moederkerk houdt en leert dat God, beginsel en einddoel van alle dingen, door het natuurlijk licht der menselijke rede uit het geschapene met zekerheid kan worden gekend, ..." (Polman, 1958:53). Daarmee saam word Rom. 1:20 aangehaal en dan word die volgende stelling bygevoeg: "Zo iemand beweert dat de ene, ware God, onze Schepper en Heer, uit het geschapene door het natuurlijk licht van de menselijke rede niet met zekerheid kan worden gekend, dan zij hij in de ban."

Hierdie uitspraak impliseer dat daar 'n onderskeid gemaak word tussen bonatuurlike waarhede (byvoorbeeld die Drie-eenheid) wat deur "het natuurlike licht der rede" nooit vanself begryp kan word nie, en die natuurlike waarhede, wat wel deur die rede verstaan kan word. Polman (1958:53) poneer: "Door de zonde gaat dit ontdekken wel moeilijker, maar de mogelijkheid daartoe is volstrekt niet uitgesloten." Die Rooms-Katolieke siening dui dus op 'n natuurlike rede wat uit eie krag 'n natuurlike teologie opbou, waarin die openbaring van God prakties gesproke geen rol speel nie. "En het resultaat is een leeg Godsbegrip, dat alle Bijbelse trekken verloren heeft." (Polman, 1958:54.)

Die grondslag waarop die Rooms-Katolieke kerk hulle leerstellings gebou het, kom voor in Matt. 16:13-19 waarin die oppermag van die Pous toegeskryf word aan die feit dat hy die direkte opvolger van Petrus sou wees. "En Ek sê vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my kerk bou, en die magte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie." (Matt. 16:13-19.)

Hierdie teks sou dan aan die Pous die mag gee om enigiets te doen - wette of dekrete uit te vaardig, die leerstellinge van die kerk te bepaal, mense hulle sondes te vergewe, en so meer. Tesame met die Nuwe Testament word daar ook sterk gesteun op die apokriewe boeke.

Die woord "apokrief" beteken letterlik "verborge" en hierdie boeke word nie in Protestantse kerke aanvaar nie: "Alle kundige exegeten onder de kerkvaders stonden op het standpunt, dat deze geschriften wel nuttig waren om te lezen, niet alleen persoonlijk, maar ook in kerkelijke samenkomsten, omdat zij voor de levenspraktijk goede lessen gaven. Daarentegen mochten zij niet gebruikt worden om daarmee kerkelijke leerstellingen te bevestigen, omdat de leer alleen op de heilige en canonieke geschriften van het Oude en Nieuwe Testament gefundeerd mocht worden." (Polman, 1958:119.)

In teenstelling met die Protestantse beskouing, kom die leerstellings oor die vagevuur, die gebede vir die afgestorwenes en die aanbidding of "aanroeping" van heiliges, alles uit die apokriewe boek Makkabeër, 15:12-14 (Müller, 1976).

Verder speel die konsilies en pouslike dekrete 'n baie belangrike rol. Waar die Protestantisme glo in Godsopenbaring soos dit in die Bybel vir ons opgeteken is, is daar by die Rooms-Katolisisme 'n geloof in die Goddelike openbaring soos dit uit eie persoonlike getuienis blyk.

Die Vatikaanse Konsilie bepaal: "Door het goddelijk en katholiek geloof moet alles geloofd worden, wat in het geschreven en

overgeleeverde Woord Gods gevonden word en deur de kerk hetzij deur een plechtig oordeel hetzij deur het gewone en algemene leerambt als van God geopenbaard word voorgesteld." (Polman, 1958:136.) Hier word dus op die kerklike leergesag klem gelê en dit word gelyk gestel aan die gesag van Christus.

Aangesien die Pous as onfeilbaar beskou word, word die pouslike uitsprake as bindend vir die Rooms-Katolieke beskou. Hierdie pouslike uitsprake berus nie altyd op die Bybel nie, maar dit is 'n belangrike deel van die Rooms-Katolieke geloofsuiting. Die Vatikaanse Konsilie verklaar die volgende: "De Roomse Paus is, wanneer hy ex cathedra (vanaf de leerstoel) spreekt, dat is, wanneer hij in de uitoefening van zijn ambt als herder en leraar van alle Christenen krachtens de hoogste apostolische autoriteit een leer vaststelt over geloof en zeden door de universele kerk te houden, door de goddelijk bijstand hem in de zalige Petrus beloofd, met de onfeilbaarheid uitgerust, waarmee de goddelijke Verlosser zijn kerk in het bepalen van de leer omtrent geloof en zeden heeft willen voorzien; en derhalve zijn dergelijke bepalingen van de Roomse Paus krachtens zichzelf, niet krachtens de toestemming der kerk, onhervormbaar." (Polman, 1958:136-137.)

Die Rooms-Katolieke kerk het ook 'n unieke siening aangaande sonde - daar is twee soorte sonde, naamlik doodsonde wat nie vergewe kan word nie, en die minder ernstige sonde waarvoor mens deur by die priester te bieg, vergifnis kan kry (Heyns, 1978:194-197). In teenstelling hiermee glo die Protestantisme in die mens as sondige wese wat slegs deur die genade van God en deur die versoeningsdaad van Jesus Christus van sonde kwytskeld kan word: "Ons weet tog dat die sondige mens wat ons was, saam met Christus gekruisig is sodat ons sondige bestaan beëindig kan word. Ons is dus nie langer slawe van die sonde nie. Iemand wat gesterf het, is immers vry van die mag van die sonde. Ons het saam met Christus gesterwe; daarom glo ons dat ons ook saam met Hom sal lewe." (Rom. 6:6-8.)

Polman (1958:243) sê die volgende oor die sondeval na aanleiding van 'n artikel uit die geloofsbelydenis: "Hij heeft daardoor, zegt dit artikel, zijn gehele natuur verdorven, waardoor hij zich schuldig gemaakt heeft des lichamelijken en geestelijken doods." Deur moedswillige ongehoorsaamheid het die mens dus teen God in opstand gekom en met die duiwel, God se aartsvyand, 'n verbond gesluit. Om gered te word van hierdie sonde is slegs een ding noodsaaklik, soos Johannes 8:34-36 dit vir ons leer: "Jesus sê toe vir hulle: 'Dit verseker Ek julle: Elkeen wat sonde doen, is 'n slaaf van die sonde. 'n Slaaf bly nie vir altyd by 'n huisgesin nie; 'n seun bly vir altyd. Eers as die Seun julle vry maak, sal julle werklik vry wees'."

Die mens kan dus niks aan sy sondigheid doen nie, behalwe om Christus as Verlosser te aanvaar en sodoende te deel in die genadegawe van vergifnis.

Nog 'n verskil tussen Protestantisme en Rooms-Katolisisme is die siening van die lewe na die dood. Die leer van die Protestantisme kry sy grondslag uit die Woord van God waar daar gepraat word van die hiernamaals as "paradys", "In die huis van my Vader is daar baie wonings" (Joh. 14:2), die "Nuwe Jerusalem" (Op. 21:2-4) en ook "die koninkryk van die hemel" (Mat. 3:2) waarin "... Hy op sy koninklike troon gaan sit" (Mat. 25:31).

Die Rooms-Katolieke leerstellings, soos verkry uit Makkabeërs 15:12-14, dui 'n stadium na die dood aan wat die vagevuur genoem word. Dijk (1949:565) sê die volgende aangaande die leer oor die vagevuur: "Deze leer is ontstaan uit voorstellingen bij kerkvaders als Irenaeus en Augustinus, dat de zielen der vromen bij hun dood niet terstond in de hemel kwamen, maar in een onzichtbare verblijfplaats: alleen de martelaren en zij, die bijzonder goede werken gedaan hadden, werden terstond in de hemel opgenomen; de anderen moesten (vooral naar de opvatting van Origenes) eerst gelouterd worden, en deze loutering hangt ten nauwste samen met de leer van de verdienstelijkheid van de goede werken." Daar word dus klem gelê op goeie werke en die

mens se eie vermoë. Die genade en verlossing van Jesus word dus negeer. Die Katolisisme beroep hulle vir hierdie siening op Matt. 5:22 en 1 Kor. 3:13 en 15 waar daar van die oordeelsvuur gepraat word, maar beslis nie van 'n vagevuur nie: "... elkeen se werk sal aan die lig kom. Die dag wanneer Christus kom, sal dit duidelik word. Die dag kom met vuur, en die vuur sal die gehalte van elkeen se werk toets." (1 Kor. 3:13.)

Cussons verwys telkens in haar poësie na die vuur wat suiwer en ook pynig. In "Behoud" sê sy:

O vuur, jy is my sêlf,
jy wat onuitdooflik brand
en nie verteer nie – jy voel
so fyn deur alle dinge heen –
en wat alleen die weiering van Hom
kan perverteer tot iets wat
onuitdooflik gruwelik
nie verteer nie: selfhaat, hel.
...

(Cussons, 1979a:46.)

Die gedig "Vagevuur" gee die totale siening van die Rooms-Katolieke aangaande lewe na die dood:

Hierdie suiwering
dit is soet o
dit is hard
dit is soet

O Heer, ek skaam my
my skande is 'n vuur
dan is dít die vuur, Heer

van só begeer: U
van só wegdu: U
kyk ek is vuil

O hoe beletterd
genadeloos spel
my elke letter
die jammer verskil

maar U roep my
in elke vesel
brand u fluistering

en U wys my
my skoon beeltnis
Heer, en dis U

om hierdie hoop
waarmee U my vul
waarmee U ondraaglik
waarmee U my vul

adoreer ek U
O laat my pyn om U
O laat my brand na U
spaar geen greintjie

ek aanbid U.

(Cussons, 1979b:42-43.)

Volgens die Katolieke leerstelling kan die siel in die vagevuur slegs verlos word deur die gebede van die lewendes asook met betaling van vergoeding ingevolge die gebruik van die aflaat – die verlore siel kan losgekoop word deur sy agtergeblewenes. Na aanleiding van die Konsilies van Florence (1439) en Trente (1563, 25e sessie) sê Dijk (1949:565): "Daar (in het vagevuur) moeten zij aanvullen wat zij hier tekort kwamen (met name in het dragen van de tijdelijke straffen), waarbij zij door de voorbeden der Christenen op aarde kunnen geholpen worden. ..."

Die Rooms-Katolieke kerk verwag totale gehoorsaamheid van sy lidmate en ook totale gehoorsaamheid aan die Pous, as die hoogste gesag van die kerk. Volgens die Protestantse leerstellinge is die Christen totale gehoorsaamheid verskuldig slegs aan God, "die Alfa en die Omega, die Eerste en die Laaste, die Begin en die Einde" (Op. 22:13).

'n Duidelike verskil tussen Rooms-Katolisisme en Protestantisme lê in die sakramente, waarvan die Rooms-Katolieke sewe het, naamlik:

- die nagmaal of mis, slegs vir priesters;
- die doop;
- die belydenisaflegging;
- die Eucharistie of hoogmis waar die lidmate meedoen;

- die laaste sakrament of oliesel;
- die huweliksbevestiging, en
- die ordening van kerklike amptenare.

Cussons noem verskeie van die sakramente in haar gedigte. In "Hostie" word die ervaring by die gebruik van die Nagmaal verwoord:

Nie te wit nie, soos
 wit wat ver gereis het
 smelt die klein skyf
 op my tong, hoe klein!
 Bietjie, effens soet.
 'n Smaak so skugter,
 so gering, opdat mysélf my
 nie moet bedroef nie -
 Trane spring:
 My Here, my God.

(Cussons, 1980:20.)

Die Protestantisme beskou slegs die Nagmaal en die Doop as sakramente. Duvenage (1969:156) sê: "Die sakramente is bykomstig by die Woord en dien alleen tot versterking van die geloof ... Die sakramente staan nie naas of bo die Woord nie, maar onder. Daarom mag die sakramente nie sonder die Woord bedien word nie."

Daar is nog heelwat leerstellinge van die Rooms-Katolieke kerk wat vreemd is aan die Protestantisme, soos die vastye, selfkastydiging, heiliging van alles deur die seën van die priester, die gebruik van die hand om die teken van die kruis te maak by gebed of as geloofsbelydenis, die selibatêre eis vir priesters, die verering van heiliges, veral Maria as die Heilige Maagd.

2.4.3 MARIA-VERERING

Die Maria-verering vorm 'n sterk element binne die Rooms-Katolisisme. In die Protestantse leerstelling word Jesus aanvaar as die enigste Middelaar: "Daar is immers net een God, en daar is

net een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus wat Homself as 'n losprys vir almal gegee het ..." (1 Tim. 2:5).

Die Rooms-Katolieke Kerk glo dat al die heiliges asook die Maagd Maria, bemiddelaars tussen die mens en Christus is. Op 8 Desember 1854 proklameer die Pous die onbevleete ontvangenis van die Heilige Maagd Maria as 'n leerstelling van die Kerk (Zaehner, 1959:142).

Volgens die Protestantse leerstellinge is Maria, as die aardse moeder van Jesus, slegs 'n "geseënde vrou" maar steeds gewone mens wat op geen verering aanspraak kan maak nie. Jesus gee self die uitspraak: "My moeder en my broers is dié wat na die woord van God luister en daarvolgens handel." (Lukas 8:21.) Die klem val nie op Jesus as seun van 'n aardse moeder nie, maar wel op Jesus as Seun van God. Maria speel eintlik 'n geringe rol in die heilsgeskiedenis.

Die volgende siening word gegee aangaande die plek wat Maria in Jesus se lewe ingeneem het (Anon, 1962:292): "The priority of the spiritual over the physical relationship to him is similarly emphasized in his response to the woman of the crowd who eulogized his mother: 'Blessed rather are those who hear the word of God and keep it!' (Luke 11:27-28.) When all allowance is made for the dramatic element in his teaching technique, it still must be said that his family according to the flesh, and even to a degree his mother, seem somewhat removed from him (John 7:1-9)."

Die Rooms-Katolieke kerk het 'n totaal ander siening aangaande die verhouding tussen Jesus en Maria. Vir hulle is Maria ook 'n heilige wat selfs, soos Jesus, opgevaar het na die hemel. Die leer van die hemelvaart van Maria word reeds vanaf die vyfde eeu in die Katolisisme verkondig: "A bill issued November 1, 1950, by Pope Pius XII declared that it is a 'revealed dogma' that 'the Virgin Mary, the Immaculate Mother of God, when the course

of her life was finished, was taken up, body and soul, into the glory of heaven'. Roman Catholic theology has increasingly ascribed to Mary many of the miraculous features associated with the birth, life, resurrection, and ascension of Jesus in die N.T." (Anon. 1962:293.)

Die Maria-verering het verskillende stadia van ontwikkeling deur-gegaan. Daar is navorsers wat beweer dat die oorsprong van die Maria-verering teruggaan na heidense gebruike (Anon. 1988:132). Daar is geglo dat die aanbidding van Artemis (Diana) op Maria oorgedra is. Artemis was die maagdelike jagter en godin van die woude en van jag. Graves sê aangaande haar (1959:110): "... she could be benevolent towards those who honoured her ...". Sy was ook die godin van die maanlig en van geboorte (Graves, 1959:120-123). 'n Verdere siening dui op 'n Egiptiese oorsprong: "Baie mense het Maria ook verbind met Isis, die Egiptiese godin wie se kultus wyd verspreid in die Romeinse Ryk voorgekom het. Deur die verspreiding van haar kultus is Isis met baie ander godinne, insluitend Artemis, vereenselwig en sy het die 'universele moeder' van die latere heidense godsdiens geword. Die volgelingen van Isis, wat ook 'die Groot Maagd' en 'Moeder van God' genoem is, het hulle heel natuurlik tot Maria aangetrokke gevoel vir vertroosting toe die heidendom in die Romeinse Ryk verbied en hul tempels aan die einde van die 4de eeu verwoes is. Party beeltenisse van Isis wat behoue gebly het, toon haar met die kind Horus, en haar hele houding stem merkwaardig baie met dié van party vroeë Christelike madonnas ooreen." (Anon. 1988:132.)

In die geloof van die gewone lekelidmate van die twaalfde eeu n.C. het Maria 'n baie groot rol gespeel. Sy het die "Almoeder" geword, die groot tussenganger tussen die mens en Christus, selfs soms byna sy mededinger (Anon. 1977:296). Hierdie gesag is verhoog met die uitvaardiging van die pouslike dekreet dat Maria opgevaar het na die hemel net soos Jesus. In die Middeleeue is sterk klem gelê op die menslikheid van Christus en in hierdie opsig het sy moeder dan 'n sentrale figuur geword.

"Maria se aantrekkingskrag het gelê in haar rol van geliefde moeder en die beskermmer van alle mense." (Visser, 1988:296.)

Verskeie gebede word spesifiek tot Maria gerig, byvoorbeeld die "Ave Maria" en die reeks gebede van die rosekrans wat bestaan uit 15 "Onse Vaders", 15 "Glorias" en 150 "Ave Marias". Sedert 1969 word 1 Januarie ook as spesiale dag afgesonder as die "Solemnity of Holy Mary, the Mother of God" (Cross, 1957:883).

Die huidige siening van die Rooms-Katolieke kerk aangaande die Maagd Maria is dat sy "the supreme achievement of God (is), after and through the Incarnation, in the order of nature and grace. It is as though the Church, having completed the working out of a theology of the Incarnation and Redemption, now wishes to show what, in the ideal case, Redemption means ... Thus, in believing the doctrine of the Immaculate Conception, the Catholic holds that at no stage of her earthly existence was the Virgin Mary ever anything but completely subordinated to the purpose of God. At no stage was she even under the influence of any power that might alienate her in any degree from that manifestations of perfect goodness and truth which is man's assimilation of God." (Zaehner, 1959:143.)

Die Rooms-Katolieke kerk ontken ten sterkste dat daar enigsins Maria-verering plaasvind in die moderne tyd maar vir die gewone lekelidmaat is die dogma sover dit Maria aangaan, baie verwarrend en die feit bly dat die meeste Rooms-Katolieke lidmate se aanbidding direk aan Maria gerig word en dat sy beskou word as die groot bemiddelaar tussen die mens en God. Boettner (1972:149-150) wys daarop dat die gebede aan Maria in die praktyk tog maar soortgelyk is as die gebede aan God, ook dat die meeste gebede knielend uitgevoer word voor die beeld van Maria.

Wat vir hierdie studie van belang is, is die feit dat Maria klaarblyklik 'n geweldige groot rol speel in die godsdiens-beoefening van die Rooms-Katolieke en dat sy as almoeder van

alle mense beskou word. Die eienskappe wat aan haar toegedig word, is beskerming, reinheid, gesag in die hemel, heiligheid, geestelike sensitiwiteit, geloof, gehoorsaamheid aan God se wil, lojaliteit teenoor Jesus en haar nabyheid aan Jesus as haar seun (Anon, 1962).

Dit is juis die eienskap van een-wees met God wat aanleiding gee tot die mistiek soos dit beoefen word in die Rooms-Katolieke kerk.

Mistiek word simplisties gedefinieer as: "strewe na die innige vereniging van die siel met God, geheimsinnig, verborge" terwyl mistisisme gesien word as: "Die geloof in 'n aanraking tussen mens en God." (Odendal, 1988:705.)

Aangaande die mistiek word die volgende siening gegee deur Balke (1982:55): "Mysticism taught that the human soul unites itself with God through a strong emotional force. God therefore becomes known through a personal, emotionally loaded experience."

Olivier (1985:75-82) vat die kodes van mistiek soos volg saam:

- * Dis 'n ervaring van eenheid of eenwording.
- * Dit word gekenmerk deur 'n sekere tydloosheid.
- * Passiwiteit: die mens speel 'n passiewe rol.
- * Dis 'n uitreiking bo die gewone.
- * Dis 'n vlugtige, vervlietende ervaring wat skielik, onverwags plaasvind.
- * Die oorheersende ervaring is dié van onmiddellike kontak met God.
- * Dit veroorsaak absolute vreugde en ekstase, 'n gevoel van selfgenoegsaamheid en selfvervulling.
- * 'n Gevoel van tyd- en ruimteloosheid word ervaar.
- * Alhoewel dit slegs 'n oomblik duur, is daardie oogwink soos 'n ewigheid en die ervaring het 'n bestendigende uitwerking op die lewe van die mistikus.

- * Die ervaring strek by intellektualiteit verby.
- * Die mistieke ervaring oorskry normale sintuiglike kenprosesse en omdat taal op die sintuie steun, is dit baie moeilik om die ervaring te verwoord. Om daarin te slaag, moet hy by die normale woordgrense verby kom. Hy voel genoodsaak om te vertel, maar kan slegs stamel.
- * Hier is sprake van twee werklikhede wat met mekaar versoen moet word, alhoewel ruimte in die ervaring self opgehef word.
- * Daar is geen sprake van maatskaplike betrokkenheid nie.
- * Opvallend is die rol wat vuur en alle paradigmas van lig in veral die beskrywing van die mistieke ervaring speel. Simbolies word daar vanuit die duister in die lig beweeg.

Kannemeyer (1973:166) sê dat die mistiek gesien kan word as "gemeenskap met God waardeur hy die aardse dinge sien as simbole in 'n bo-wêreldse glans". Inge (1921:237) sluit hierby aan: "Mysticism is the habit of the mind which discerns the spiritual in common things."

Die mistiek het reeds vanaf die Middeleeue in die Rooms-Katolieke kloosters sy beslag gekry. Volgens Morse (1957:4905) was dit veral die Franciskaanse, die Dominikaanse en die Trappiste-kloosterordes wat aktief 'n rol gespeel het in die beoefening van mistiek, terwyl dit die Jesuïte was wat by uitstek bekend was vir hulle beoefening van meditasie en vir hulle asketiese bestaanswyse.

Die grondslag van die nastrewe na mistieke vereniging met God is geleë in die feit dat God die mens liefhet en uitnoodi, toelaat om met Hom te verenig.

Teresa van Avila (1515-1582) het in 1536 by die Karmelitiese kloosterorde aangesluit en sy was by uitstek bekend vir haar geskrifte, byvoorbeeld: Het innerlijk kasteel, wat handel oor die mistieke eenheidservaring in liefde met God. Selfs in die Lutherse teologie het daar 'n mistieke literatuur ontstaan na

aanleiding van boeke geskryf deur Johann Arndt (1555-1621) wat, net soos die Jesuïte-kloosterorde, die klem laat val het op die bekering deur selfverloning en heiligmaking en wat die "unio mystica" as die hoogste vlak van geloof beskou het (De Jong, 1980:228).

In die mistiek val die klem op totale asketisme, 'n vroom en toegewyde lewenshouding, gereelde meditasie en oordenking van die liefde van God en sy Alomteenwoordigheid. Olivier (1985:71) wys ook op die feit dat volgens Katolieke geloof die mens hom moet onttrek uit die alledaagse wêreld en hom moet toelê op die geestelike wêreld, waarin hy homself dan moet afsterf om sodoende met God verenig te word. Johannes van het Kruis (1542-1591) het dit in sy gedigte beskryf as "de weg van die Ziel tot God, langs reiniging, verlichting en vereniging" (De Jong, 1980:199).

Die mis word deur die Rooms-Katolieke kerk beskou as die belangrikste "goddelijke mysterie van de Christelijke liturgie". Die brood en wyn verander volgens die Katolieke leerstellings, in die ware liggaam en bloed van Christus. Die uiterlike voorkoms wat betref kleur, vorm en smaak bly dieselfde, maar die wese van die brood en wyn verander na die ware en werklike liggaam van Christus. Ridderbos (1949:547) sê "... het is deze lichamelijke tegenwoordigheid, dit veranderen van brood en wijn in het lichaam en bloed van Christus, dat aan het offer en het genademiddel van de heilige eucharistie zijn kracht verleent en dat ook degenen, die aan de communie deelnemen de mededeling der genade garandeert".

Hierdie leerstelling word ook genoem die transsubstansiasieleer van die Rooms-Katolieke kerk. Heyns (1978:350) gee 'n volledige uiteensetting van dié leerstelling en sê verder: "Die misoffer wil as kultiese handeling die dood van Christus opnuut, maar dan simbolies reël afbeeld. Dit is dus nie 'n blote lof- of dankoffer nie, maar op 'n onbloedige wyse word dit 'n versoenende offerande waarin Christus, die Hoëpriester, dieselfde doen as

wat Hy eenmaal aan die kruis gedoen het. Een verskil is egter aanwesig: hier word die kerk 'n aktiewe plek gegee in die offer van Christus - trouens, dit is die kerk wat die offer bring." Vir die Protestantisme is die leerstelling onaanvaarbaar, aangesien "dit gaan om verdieping en verinniging, voortsetting en versterking van 'n verhouding wat reeds bestaan; om die groei van 'n lewe wat alreeds begin het" (Heyns, 1978:351).

Die mistieke ervaring by die gebruik van die mis word telkens in Cussons se poësie verwoord. In "Na die heilige Mis" word Christus die "transfigurerende kragveld" genoem:

U het my gevul
met die brood van blydschap.
Kyk hoe leef ek en leef my omgewing!
Alles bespring my aandag
om U te begroet en omgee van te wees:
transfigurerende kragveld, Jesus.
Talm, ek bid U, 'n uur, nee ure,
deurgloei elke sel en molekuul
want so was dit van nature eenmaal,
sal dit weer wees u triomfantlike wil.

(Cussons, 1988:52.)

Die mistiek speel 'n baie belangrike rol in die poësie van Cussons. Die strewe na eenwording met God, die uitreiking van die aardse skepsel na 'n hoëre wese, na God, word telkens verwoord in haar gedigte. In haar poësie word gepoog om die hoogste vorm van die syn te bereik; 'n soort dubbelvisie sodat die onsienlike ook gesien kan word. Hierdeur word die band wat deur die sonde verbreek is, weer met God gebind en is die mens weereens gedurig bewus van God se teenwoordigheid.

Sy poog deur haar hele digkuns om die eenheid, die eenwording met God te bewerkstellig. Om hierdie eenwording te kan ervaar, moet die mens eers afstand doen van sy sondige bestaan, hy moet gelouter word deur pyn en selfkastyding sodat hy ook die lyding van Christus kan ervaar en meemaak en dan deur gebed en meditasie is daar die vooruitsig van uiteindelijke mistieke eenwording.

Cussons verwoord hierdie strewe na eenwording in "Verheerliking" soos volg:

...
 ons drie bewus van ons vuil voor sy verblindende wit -
 Selfs Hý het Hom grys gehou met 'n wolk vermom
 en vir Moses en Elia koesterend gevou in Hom, en met 'n stem
 gesprek in in ons bof begrip -

...
, maar nou
 wanneer hy praat weet ons hoe sonder nate is sy woord
 en dat hy self 'n wit vuur naatloos een is met sy heelal.

(Cussons, 1978a:82.)

Ook in haar vrouebeelding kry ons hierdie begeerte na eenwording met God en na 'n naby-wees aan God soos sy dit verwoord in "Karmeliet in haar sel":

...
 O maar dit lók my
 soos 'n verre vuur
 en o ek kóm, heilige geweld
 teen my natuur.

(Cussons, 1978a:64.)

Die Rooms-Katolieke leerstelling aangaande die hemelvaart van Maria, vind neerslag in die gedig "Hemelvaart":

...., en sonder doodsnik
 bloedwarm en heel glip sy oor die grens
 wat tyd en ewigheid skei, rustig na haar
 verheerliking in die Seun van die mens.

(Cussons, 1978a:67).

Behalwe vir die verering van Maria, kry ons ook nog die verering van heiliges soos die Heilige Franciskus, die Heilige Ignatius, ensovoorts, in die Rooms-Katolieke kerk. Veral die Heilige Teresa van Avila kom 'n aantal kere in Cussons se gedigte na vore:

....: nie meer vir haar, lank
 nie meer die Tuinier wat die akker van die siel
 natlei met milde genade en mededoë nie
 maar nou 'n steil en brandende weg op in 'n ysvlug op
 na die sneeue, die siërras van Sy guns -

(Cussons, 1978b:1).

In die poësie van Cussons word daar naas Maria, ook melding gemaak van verskeie ander vroue uit die Ou en Nuwe Testament. Elkeen van hierdie vroue het in een of ander besondere verhouding tot God gestaan, wat 'n aanklank vind by die digteres soos in "Die Magdaleen voor Jesus":

Meester U is skoon
 Meester iets verniel my
 Meester en U is skoon:
 Onversoek-versoek: Soeke van my siel.

(Cussons, 1990:44.)

Die ek-spreker in "Martha" verwoord die identifiseringsproses met die vrouefiguur soos volg:

My lewe lank wou ek hom ken
 soos sy, wat lui beweeg het
 en nooit by hom verleë
 was - ...

(Cussons, 1970:29.)

Die vrou vertrou met en gelouter deur vuur, wat deur die visie van die mistikus deel het aan die lyding van Christus, en 'n mistieke eenwording met God nastreef, is die vrouefiguur wat Cussons se hele oeuvre oorheers. Sy lê klem op die intellektualiteit van die vrou en bring dit na vore in "die fyn net van die woord" soos ons dit in "Digter" vind:

Ek dig vir hulle wat kom
 en kom hulle nie, dan dig ek,
 dig ek alles weer golwend vry,
 dig ek alles weer stromend terug
 tot in daardie Onstuimigheid
 wat Is voor Abraham was.

(Cussons, 1988:55.)

2.4.4 ANDER HEILIGES

Nie alleen het die Rooms-Katolieke kerk, die Maagd Maria as heilig verklaar nie, maar daar is ook talle ander mense wat as gevolg van een of ander uitstaande kenmerk of gebeurtenis as heiliges aanvaar is. Veral martelaars is vereer en kapelle en selfs kerke is oor hulle grafte gebou wat dan selfs 'n invloed op die kerkboukuns gehad het. Mense het gewedywer om die stoflike oorskot van hierdie martelaars te bekom en weldra het dit gelei tot 'n handel in relikwieë. Hierdie kultusse het onder die gewone mense ontstaan maar is goedgekeur deur sommige groot Christelike leiers soos Hiëronimus, Ambrosius en Augustinus (Anon. 1977:132).

Die vroeë Christen-historikus Theodoretus het selfs met trots daarop gewys dat hierdie heiliges die plek ingeneem het van heidense gode en dat die kerke wat vir hierdie heiliges opgerig is op dieselfde plekke gestaan het as die heidense kerke.

Al het die kerk nooit die aanbidding van hierdie heiliges as leerstelling gehad nie, is die gedagte beslis aangemoedig dat hulle 'n spesiale posisie voor God beklee en dat hulle gebede kan aanhoor wat hulle dan direk aan God sou kon oordra.

Marshall (1977:296) sê die volgende: "Die gewone Christen het nog baie van sy heidense erfenis behou en dit net in Christelike terme omgesit. Die ou tempels vir geeste en heidense feeste het die nuwe heilige plekke en dae geword. Gesofistikeerde teoloë het die hemelsbreë verskil tussen die heiliges van die kerk en die Godheid verstaan, maar dit is te betwyfel of die meeste leke veel daarvan begryp het. Ten einde massa-bekering tydens die kerstening van Europa makliker te maak, het die kerk geredelik gebruik gemaak van feeste van heidense oorsprong. Dit was ook maklik om die sterk karaktertrekke van die heidense gode op Christelike heiliges oor te dra, en die heidense tempels het dikwels Christelike kerke geword."

Hierdie aanbidding van die heiliges het eintlik berus op die mense se besef van hulle sondigheid en hulle onwaardigheid om direk met God te praat. Hieruit het die mistisisme voortgevloei, wat 'n poging was om "na die hemel op te klim" (Anon., 1977:364).

Die Hervormers het 'n ander standpunt gehandhaaf, naamlik dat "die gelowige in 'n regstreekse verhouding kom met en een word met Christus, as die een en enigste en volmaakte bron van genade. Sy genade is beskikbaar aan die berouvolle gelowige, danksy die krag van die Heilige Gees, deur die prediking van die Woord van God. Dit het die rol van die Maagd Maria as bemiddelaar uitgeskakel, asook dié van die geestelikes as priesters en die gestorwe heiliges as tussengangers" (Anon., 1977:364).

Aangesien die heiliges so 'n belangrike rol speel in die Rooms-Katolisisme, het dit dan ook 'n neerslag gevind in Cussons se poësie. Die mistieke belewenis van heiliges soos Teresa van Avila en Julian van Norwick vind ook weerklank in haar eie mistieke strewe en sy verwoord dit in "Karmeliet in haar sel":

... maar iets du
my boontoe, weg van jou
én dit lok my én ek gru.
...

(Cussons, 1978a:64.)

2.4.5 SAMEVATTING

Karakterisering in die verskillende genres is in hierdie hoofstuk onder die loep geneem, met spesiale klem op personering soos dit in die poësie manifesteer. Daar is aandag gegee aan die proses van objektivering en selfobjektivering soos dit voorkom by D.J. Opperman en T.T. Cloete. Daar is ook gekyk na die personale spreker in die gedig en na die outobiografiese gedig. Verder het die ondersoek aan die lig gebring dat Jung se

individuasiëteorieë wel in Cussons se poësie 'n neerslag vind. Die siening dat die mens 'n drang in hom het om die bewuste en die onbewuste te verenig tot 'n volkome heelheid (wholeness) wat die Self genoem word, word duidelik weerspieël in Cussons se drang na volmaaktheid, deur haar noue band met die mitologie en die religie. Volgens Jung is mites en religie "the link between the conscious and the collective unconscious" (Jung, 1959:154).

Uit die navorsing oor die Rooms-Katolisisme, veral in soverre dit die Maagd Maria en ander heiliges raak, het ek probeer om 'n basis te vind vir Cussons se keuse van Maria as die prominentste vrouefiguur in haar poësie. In verdere hoofstukke sal daar gekyk word na die kategorisering van die vrouefigure en na vrouebeelding as 'n verwikkelde tendens by Cussons.

"The poet ... seeks to create a perfect system on its own, out of time and space - that emptiness and silence which shall be the final beauty." (Sewell, 1951:86.) Dit is na daardie "final beauty" waarna indringend gekyk sal word om die verwikkeldheid van die vrouebeelding te ondersoek.

HOOFSTUK 3

KATEGORISERING VAN DIE VROUEPERSONASIES IN DIE POËSIE VAN SHEILA CUSSONS

...
 As jy luister sal jy hoor
 hoe alle dinge bid tot Hom.
 ...

(Cussons, 1988:38.)

3.1 INLEIDING

Reeds vanaf haar eerste bundel is Cussons se metafisiese en Goddelike ingesteldheid, haar Rooms-Katolieke lewensbeskouing en haar strewe na volmaaktheid as digter en as mens, haar drang na 'n eenwording of heelwording in haar mensheid van die opvallendste kenmerke van haar oeuvre. Gilfillan (1984:9) maak die volgende stelling oor haar poësie: "Want in wese gaan dit in die werk van Sheila Cussons om 'n dubbelvisie, om sien en die onsienlike sien."

Met hierdie dubbelvisie poog die digter om die mens as Goddelike wese in al die aspekte van sy menswees binne 'n Goddelike geskape kosmos uit te beeld. Deur 'n spel met teenstelling, paradoks, metafoor en simbool skep sy by herhaling motiewe uit die Rooms-Katolisisme (kruis, Maria-beeld, sakramente, ens.) die mitologie (Hera, die gans, lig teenoor donker, ens.) en die algemeen Christelike lewenservaring (die slang as verleier, die ewige vrou, Eva, die maagdelike vrou, die kombuis, resepte ens.). Sy spreek haar "doel as mens" treffend uit in 'Die dief en die digter' (Cussons, 1981:28):

...
 O Meester,
 ek weet, ek digter, going it alone, met my voete
 gebind en my kop in 'n sak: 'die doel van die mens
 is die volste ontplooiing van sy vermoëns in
 vereniging met God.' En Heer, ek sál 'n heilige
 wees, as U dié enkel aardse begeerte wat kleef
 soos 'n neet aan sy liefste objek, genadig sal duld.

Ek is geen waaghals nie, ek wat krampagtig klou
aan my pen, kreatuurlik bevrees: ás albei ons wille
net saam sou kon geskied ...

(Cussons, '1981:28.)

In die poësie van Cussons het ons met 'n lewenservaring, 'n Christelike lewensiening, 'n totale mens-wees wat gerepresenteer word te doen. Roodt (1983:73) merk tereg op: "... die kunstenaar moet, hoewel die proses pynlik is, dit in die gedig tot gestalte bring".

3.2 KATEGORISERING

In hierdie hoofstuk wil ek die soorte vrouegestaltes kategoriseer wat in hierdie poësie vergestalt word. In die tekstuele navorsing het die volgende kategorieë vrouegestaltes na vore gekom:

- Bybelse vrouegestaltes
- Mitologiese vrouepersonasies
- Historiese vrouefigure
- Kunstenaarsgestaltes
- Kontemporêre vrouepersonasies.

Gesien vanuit Cussons se sterk Christelik-religieuse lewensinstelling, is Maria, soos reeds in die vorige hoofstuk aangetoon, die prototipe van die volmaakte vrou en staan sy dan ook sentraal in dié poësie as vrouepersonasie. Die Maria-figuur word in teenstelling met die Eva-personasie gestel. Lombard (1986:5) wys op die "ideologiserende funksie" wat die "tuinverhaal" gehad het op die "standaard Christelike onderwaardering van die vrou".

Eva word gevestig as die voorste sondebokfiguur in die wêreld-literatuur. Lombard (1986:10) wys daarop dat die Griekse dualisme waarvolgens die liggaam ondergeskik is aan die siel, aansluit by die "oerduiding van alle Evas". Augustinus word

genoem as die eksponent van hierdie siening binne die Christelike tradisie: "Hy identifiseer naamlik die man met gees, orde en lig en die vrou met materie, duisternis en chaos." (Lombard, 1986:10.)

Cussons vergestalt die vrou wat vertrou met pyn en lyding en gelouter deur vuur is, wat deur die visie van die mistikus deel het aan die lyding van Christus en 'n eenwording met God beleef. Die digter herstel die vrou in ere deur klem te lê op haar intellektualiteit en nie op haar seksualiteit nie. Die intense sensuele, anti-seksuele ingesteldheid van Cussons word in al haar vrouepersonasies aangetref. 'n Sensualis word gedefinieer as: "iemand wat vir die sinne leef" (HAT, 1988:955). Hiermee word bedoel Cussons se sintuiglike ingesteldheid teenoor die werklikheid. Ek wil my argument aansluit by 'n uitspraak van Spies (1989:63): "Die sensuele mens is die een wat hipersintuiglik reageer op die werklikheid. Alhoewel seksualiteit en sensualiteit intiem met mekaar verband hou, moet hulle van mekaar onderskei word." Sy gaan verder en stateer: "Wanneer ek die woord 'sensueel' in verband bring met die poësie van Sheila Cussons, bedoel ek dit in die sin wat Lowen dit gebruik (1967:175), naamlik as sintuiglike ervaring, deur middel van verskillende sintuie, wat as buitengewoon bevredigend beleef word."

In haar "Portret van M.E.R." beklemtoon sy die kop van die vrou wat die groot verstand huisves:

...
 of liever, die kop van 'n vrou, want
 dít is wat dwing:: die kop, verstand,
 ...

(Cussons, 1978a:45).

In Cussons se poësie kom die vroulike ek-spreker by herhaling aan die woord as die sensuele vrou, die gewoon-alledaagse vrou wat 'n mistieke eenwording met Christus nastreef en beleef.

Hierdie personale spreker rig haar tot God en sy totale geskape kosmos - méns, dier en natuur.

Die gewone vrou se strewe na transfigurasie word verwoord in "Gebed van 'n wêreldling":

...
Straal in my in dan, dat elke pols se spring
en struikel u verwonde heerlijkheid vertel,
tot ek net mateloos klink en blink en klokkies
aan u laarse, Heer - en my trane aan u wang.

(Cussons, 1984:31.)

Die ek-spreker word ook die objek waarna objektief gekyk word, emosies deurgrond word en ervarings en menslike angste verwoord word. In die gedig "Tale" word dit treffend verwoord:

Tale ooreis jy om taal te omvat
wat klink in klank van tong en voet
voet ingedagte gedagte begeleidend
op gedroomde plaveisel van ou stede
agter herinnering herinnering vooruit
tong ingedagte gedagte begeleidend
tot spits skrik se altyd-geweet
- betrapte bedrog van was en sal wees! -
in springende talende talende springende
eie omhelsende Is-heid ontmoet.

(Cussons, 1990:43.)

Haar keuse van vrouegestaltenes word in hierdie gedig gemotiveer deur die klem wat geplaas word op "gedroomde plaveisel van ou stede", waarin die Jungiaanse teorie van die kollektiewe onbewuste weerklank vind, met die Bybelse en mitologiese gestaltenes as argetipes. Verder kry ons die historiese perspektief van "was en sal wees" wat die "omhelsende Is-heid ontmoet".

Cussons se poësie bevat gestaltenes uit die verlede en die hede en omsluit die allesomvattende bestaanswerklikheid van die skepping. Haar poësie is gerig op die mens, die ander, en die Absolute Andere. Christus beklee vir die digter die middelpunt van totale menswees, soos sy dit bely in "Essens":

...
 dié moeilike hóé moeilik totdat dit maklik word
 tot lééf, verby tevore se wat erbaar is
 en woorde verby en ryk aan woorde en wat erbaar is
 verkort tot een gebod, een woord, een essens,
 een oneindig verbreidende Jy, Jy, Jy.

(Cussons, 1990:47).

Met Maria as prototipe word die karakter van die Christenvrou
 verwoord in "Aankondiging":

...
 'Hier is die diensmaagd van die Here.
 Laat dit met my gaan volgens u woord.'
 ...

(Cussons, 1988:39.)

Daar is 'n duidelike verskil tussen Cussons se
 vrouevergestalting en dié van ander vroulike digters. Spies
 (1971:61-66) sê in die verband: "Wat by Sheila Cussons dadelik
 tref, is nou juis die byna volledige afwesigheid van die tipies
 vroulike moment. Sy stel haar teen die werklikheid op nie in
 eerste instansie as vrou nie, maar as waarnemer wat net sowel
 man as vrou kan wees. ... By Sheila Cussons ontstaan die gedig
 deur 'n skerp intense kyk op die werklikheid wat 'n ekstatiëse
 ervaring word waardeur ook God Hom kenbaar kan maak - nie
 noodwendig kenbaar maak nie."

Ons kry ook in haar poësie 'n verlange na God, 'n religieuse
 soeke na eenwording met God, soos verwoord in "Vuurloop deur 'n
 flessie":

...
 want daardie dag het ek besef - skoon
 swartflou eers - hoe God wil hê dat ons leef:
 agteloos, voluit, eenvoudig, absoluut, soos vuur.

(Cussons, 1984:37).

By ander vrouedigters word die klem baie sterk gelê op die vrou-
 like ervaring van die werklikheid - haar liggaam, haar geliefdes

(man, kinders) haar huishoudelike gevangenskap weens diensbaarheid aan haar gesin, ensovoorts. Andersom beteken dit dat die vrou geëtiketteer is deur die tradisionele siening van eggenoot, moeder en opofferende gemeenskapdienares. Waar ander digters, soos Antjie Krog, in verzet kom teen hierdie tradisionele rolverdeling, word dit totaal negeer deur Cussons. In Krog se bundel Lady Anne (1989) identifiseer die digter met Lady Anne in haar stryd teen manlike dominansie en anonimiteit van vrouwees (Conradie, 1989). Die dilemma van vrouwees kom neer op sosiale kondisionering, soos verwoord in "given line: macho-mans gee my die creeps":

...; manlik: soos dit
'n man betaam (nogal) fluks, moedig, dapper
wat is vroulik? bevallighede, lis,

handwerk, sag, beskroomd, vies blaai my
stywe vinger na sjoo-wi-nis: dweepsiek
bewonderaar van sy eie mense en vaderland
die handwoordeboek is grensbedons

(Krog, 1989:67).

In teenstelling met digters soos Krog, Eybers en Spies, wat hoofsaaklik vrouegestaltenes verwoord, kry ons in Cussons se poësie sowel manlike as vrouefigure. In Eybers se bundel Dryfsand (1985) word die manlike figuur slegs sewe keer genoem; in Spies se bundel Oorstaanson (1982) word daar 'n gesprek gevoer met 'n verlore geliefde, maar manlike gestaltegewing is afwesig. In Cussons se bundel Die skitterende wond (1979) is daar agtien gedigte waarin die man vergestalt word.

Die volgende frekwensietabel gee 'n aanduiding van die voorkoms en belangrikheid van die verskillende vrouegestaltenes soos dit in al Cussons se bundels voorkom:

• Bybelse vrouegestaltenes

Maria	16
Eva	4

Martha	2
Magdalena	1
Sarai (Sarah)	1
Hagar	1
Debora	1
Jael	1
Lot se vrou	1
Anna	1
Elisabeth	1
Rebekka	1

• Mitologiese vrouegestalten

Hera	4
Juno	2
Aphrodite	2
Leda	2
Gaeae	2
Venus	1
Io	1
Istar	1
Pandora	1
Diana	1
Helena	1
Circe	1
Graeae	1
Athena	1
Medusa	1
Lorelei	1

• Historiese vrouefigure

Teresa van Avila	3
Heloïse	2
Teresa van Lisieux	1
Moeder Theresa	1
St Ursula	1

St Francesca	1
St Julian van Norwich	1
St Veronica	1
Lady Anne Barnard	1

• Kunstenaarsfigure

Emily Dickenson	1
M.E.R.	1
Ella Macleod	1
Anna Karenina	1
Emily Brontë	1
Sappho	1

• Kontemporêre vrouefigure

Digteres se moeder	5
Ouma	3
Non	3
Bediendes	2
Jong meisies	5
Verskillende vrouefigure	9
Weduwee	1
Boervroue	1
Johanna	1
Verpleegster	1
Iraanse vrouesoldaat	1
Henriëtte	1
Lugwaardinne	1
Singende meisie	1
Brown girl	1
Marta, Josefina, Angelita	1
Prostitute	2

3.3 BYBELSE VROUEPERSONASIES

Poësie is 'n sosiale uiting van die individu wat verwoord word binne 'n bepaalde werklikheidskonsep en vanuit 'n bepaalde lewensbeskouing en ervaringswêreld. Senekal (1986:iii) stel dit so: "Hieruit het dit duidelik geword dat literatuur as 'n vorm van geestelike produksie sosiale verhoudings insluit, dat dit in 'n besondere verhouding tot die realiteit staan." In die lig hiervan word die keuse van die talle Bybelse vrouefigure in Cussons se poësie gemotiveer uit haar Christelik-religieuse lewensbeskouing.

3.3.1 OU-TESTAMENTIESE VROUEGESTALTES

Die belangrikste vrouegestalte uit die Ou Testament is Eva en naas haar kry ons verwysings na Rebekka, Sarai, Hagar, Debora, Jael en Lot se vrou. As ons na die gedigte kyk waarin hierdie vroue figureer, kom ooreenkomstige kenmerke na vore. Die vrouegestalties word verbeeld in hulle vreugde, leed en hulle soeke na geluk en hunkering na 'n verlore paradys. Eva word vergestalt as die volmaak geskape vrou in die gedig "Eva":

...
 En somer en wind saam is
 'n fluisterende-as-ek-luister-terugstreel, straal,
 ver na waar ek kaal en heel en sonder naam
 uit my begin geloop het verend die wêreld in,
 so goedgeefs soos die somer, so aarselloos soos wind.

(Cussons, 1983:16.)

Daarna kom die sondeval en die volmaakte word vernietig soos in "'n Dadel val":

...
 Verwese windvlae ruk die verlate lower,
 en 'n dadel val bot. Geen lag, geen blye noem.
 Daar is geen spoor van haar, geen spoor van hom.

(Cussons, 1984:54.)

Die godverlatenheid word beklemtoon deur die vooropplasing van die adjektief "verwese" en die keuse van die objektiewe "verlate" en "bot". Ook die herhaling van "geen" beklemtoon die intensiteit van die menslike afvalligheid.

Die woord "noem" in "'n Dadel val" (1984:54) word deur herhaling en agterplasing uitgelig as 'n dinamiese spreekhandeling wat "uitreik" na volvoering. Daar is ook die teenstelling van "Op, met die knieë, die dye, die lente, op tot in hulle krone ..." teenoor die val van die dadel – simbool van die sondeval.

Eva word volgens die Bybel as die eerste vrou gesien. Sy was dus die oermoeder (Gen. 3:22 & 23) maar sy was ook die een wat in sonde verval het (Gen. 3:6 & 7) deur die verleiding van die slang.

Cussons bring die slang se verleiding van Eva reeds in verband met die geboorte van Jesus Christus in "Openbaring":

...
 en die slang wat tussen haar borste gekrul was
 het koploos doodgeval aan haar voet

(Cussons, 1978a:67).

Daar was dus reeds by die sondeval die implikasie van die verlossingsdaad van Jesus aan die kruis.

Cussons lê in haar vrouegestaltes klem op die sensualiteit en intellektualiteit van die vrou, waardeur haar seksualiteit dan getransendeer word en die enigste alternatief vir die gevalle Eva, is die maagd Maria. Maria staan binne die verloop van die geskiedenis van die mens in die plek van Eva; sy oorwin die slang wat Eva verlei het. In "Retabel" (Cussons, 1978a:66-67) "skilder" Cussons die verloop van hierdie geskiedenis soos dit voorkom in die "Oer-evangelie van Jakobus" hoofstuk 1-5 (Müller, 1976:1-3). In die slotvers van die sikliese gedig, getitel "Openbaring" word Eva in ere herstel en vereenselwig met Maria,

deur die aankondiging van Maria se geboorte en die slang word vernietig:

Eva het uit haar lang beswyming opgestaan
 reeds toe by die hek Anna vir Joachim groet,
 en die slang wat tussen haar borste gekrul was
 het koploos doodgeval aan haar voet.

(Cussons, 1978a:67.)

Deur die skerp en intense ervaring van die aardse werklikheid word die mens gerig tot 'n soeke na God se teenwoordigheid. In die gedig "Sarai" word Sarai vergestalt as die onvrugbare vrou vol vrese, verlange maar ook koppige hoop:

... dat God
 nog self sou sê:
 Ek sal jou meer as die sterre en sandkorrels maak.

(Cussons, 1990:25.)

Net soos daar in Eva die tweeledigheid van volmaaktheid en sondigheid belig is, word Sarai eers vergestalt as 'n radelose vrou wat tob oor haar onvrugbaarheid en later as "formidabel Sarai" wat Hagar wegstuur in die woestyn.

Hagar se persoonlikheid word ook geken aan 'n dualisme, naamlik dié van onderdanige slavin en die honende oorwinnaar oor haar meesteres. Belangrik is die feit dat sy nie deur God verlaat word nie, ten spyte van haar sonde:

...
 En agter Hagar en Ismael aan het God gestuur
 die engel van sy geregtigheid.

(Cussons, 1990:25.)

In die vergestaltung van hierdie vrouefigure word God en sy genade deurentyd beklemtoon. Deur naamsverandering bevestig God sy getrouheid en regverdigheid:

...
Sarai word toe Sara; Abram: Abraham.

(Cussons, 1990:25.)

In hierdie eiename word die verbondsgedagte saamgevat soos gegee in Gen. 17:2: "Ek sal my verbond met jou sluit en baie, baie mense uit jou laat voortkom." Verder sê die Here: "... jy sal nie meer Abram genoem word nie, jou naam sal Abraham wees, want Ek maak jou die vader van baie nasies" (Gen. 17:5).

3.3.2 NUWE-TESTAMENTIESE VROUEFIGURE

Eerstens wil ek verwys na die mindere vrouefigure, naamlik Martha, Magdalena, Anna en Elisabeth. Daarna sal die belangrikste vrou, naamlik die Maagd Maria bespreek word en sal daar 'n verband aangetoon word tussen haar en al die ander vroue van die Nuwe Testament.

Opmerklik is dit dat al die Nuwe-Testamentiese vrouefigure in Cussons se poësie in 'n besondere verhouding tot Christus gestaan het. Martha was die hardwerkende, die daadwerklike bediener in teenstelling met haar suster, Maria Magdalena. Sy was die vrou wat Jesus se voete gesalf het (Luk. 8:2 en Joh. 11:2) en wat daarna verkies het om altyd aan sy voete te sit en na sy prediking te luister. Die vroue was dan ook die eerstes wat Hom na sy opstanding gesien het: "Maria Magdalena het toe vir die dissipels gaan sê: 'Ek het die Here gesien!' En sy het ook vertel wat Hy vir haar gesê het." (Joh. 20:18.)

Daar kan dus veronderstel word dat hierdie noue verwantskap tussen die vroue en Jesus, Cussons gemotiveer het om haar vrouepersonasies daarop te baseer. Cussons se strawe na heiliging, na eenwording met God, na 'n mistieke ontmoeting met God word deur hierdie "objective correlative" verbeeld, soos dit duidelik blyk in die gedig "Martha":

My lewe lank wou ek hom ken
 soos sy, wat lui beweeg het
 en nooit by hom verleë
 was - nié net aan my tafel ete gee,
 maar aan sy voete aandagtig sit
 soos sy - maar nee.
 Ek had te weinig 'nood' miskien:
 ek ook kon gee, (vergeef my trots.)
 Hy was U wakker Water-self ... en God,
 ek toe te min ... te min benarde rots!

(Cussons, 1970:29.)

In hierdie gedig word 'n hunkering uitgespreek na 'n intieme kennis van God, na 'n totale genoegsaamheid in die nabyheid van God. Martha word geteken as intieme gespreksgenoot van God, nooit verleë by Hom nie, altyd die dienende, die vrou wat in haar sondigheid tog naby aan Hom kon kom.

Die ek-spreker besin hier oor die sonde en bely 'n gebrek aan "nood". In die H.A.T. (1988:738) word 'nood' verduidelik as: "Gevaarlike, haglike toestand, kommer, ellende, gebrek." Die ek-spreker in hierdie gedig is by implikasie nie bewus van haar eie haglike sondetoestand nie. Sy dink dat sy in staat is om ook 'n bydrae te lewer tot hierdie intieme verhouding, vandaar haar aanspraak: "ek ook kan gee, (vergeef my trots)".

In die gedig "Ecclesia" (Cussons, 1979b:70) word hierdie hunkering dan vervul en word die mistieke verhouding voltrek tussen die "huisvrou" en "die timmerman". Hierdie verhouding het tot gevolg dat "geen taak, nie eens die geringste, ooit weer waardeloos (kan) wees nie". Cussons lê klem op die feit dat selfs in die geringste take die mees gewone en alledaagse mens die sekerheid het dat God se genade vir almal gegee is:

Vandat Martha byna die skottels
 laat val het in haar hart getref
 deur haar gereïtereerde naam
 het handeling 'n rigting,
 omvat die mure van haar kombuis
 die wêreld en kan geen taak
 nie eens die geringste, ooit weer
 waardeloos wees nie. So sommer so-

die hennē het woordeloos bly skrop-
so weerlig-gewoon het Kerk gebeur:

...

(Cussons, '1979b:70.)

Martha word as gevange, beperkte mens geteken, aardsgebonde en "besorg en bekommerd oor baie dinge" (Luk. 10:41). Daarmee word die knellende bande van die aardse bestaan en die wesenlike eensaamheid van die mens verwoord in teenstelling met die heerlikheid van die gemeenskap met God. In "Ecclesia" (Ecclesia is die Griekse woord vir gemeenskap) word hierdie gemeenskap "weerlig-gewoon" voltrek - bly dit vurig, kragtig en verhelderend: - "'n verbintenis tussen hemel en aarde" (Gilfillan, 1984:97).

Die vrouepersonasies word dus verbeeld om daarin die liriese ek se tekortkominge aan die man te bring en om weer eens die mistieke verlange van die personale spreker na Goddelike nabyheid en volkommenheid te verwoord.

Saam met Martha en Maria Magdalena word die belangrikste vrou, naamlik Maria uitgebeeld. Maria word in die Bybel slegs genoem in haar hoedanigheid as moeder van Jesus (Luk. 1:26-38) en as gelowige vrou wat saam met die ander vroue vir Jesus gevolg het en by was by die kruisiging, begrafnis en opstanding (Luk. 24:1 en 10).

As Rooms-Katolieke digter lê Cussons egter spesiale klem op die personasie van Maria as die Heilige Maagd wat as tussenganger dien tussen die sondige aardse mense en Christus: "Maria se aantrekkingskrag het gelê in haar rol as geliefde moeder en beskermmer van alle mense. Geen sonde was so verskriklik, geen oortreding so groot dat sy nie hartstogtelik namens die sondaar by haar Seun daaroor sou kon pleit nie." (Marshall, 1977:296.)

Maria speel só 'n belangrike rol in die Rooms-Katolisisme en dus ook in Cussons se poësie, dat daar selfs van haar ouers melding

gemaak word - lank voor Maria gebore is in "Openbaring" (Cussons, 1978a:67).

In hierdie gedig word geïmpliseer dat die slang, simbool van die sondige natuur van die mens, gesterf het reeds by die ontmoeting tussen Anna en Joachim, die ouers van Maria (Müller, 1976:1-3). Dus word daar aan Maria reeds sondeloosheid toegeskryf en word van háár geboorte reeds 'n "heilige" gebeurtenis maak.

Cussons beeld die Maagd Maria op verskillende wyses uit; soms in haar aardsheid en soms in haar geheiligde staat soos in die pragtige gedig "15 Augustus: Maria-hemelvaart":

Ek praat gedurig met jou oor al die klein, baie,
angstige dinge waaruit ek bestaan, wat my
onderskei van, sê, 'n engel of 'n orkaan.
Want jy het ook in jou hart bewaar en oorpeins,
die hart wat fladder en wonder en onseker is:
Dogter van aarde, onwete, pyn en geloof.
En die woorde stort want jy is my soort.
Só, weet ek, wil jy my hê, déshabillé
in my menslikheid sonder sy kerkhoed op.
En as ek kan, met iets van die eerbied wat jy het
vir al daardie goud en stywe sy-brokaat
aan poppe wat hoog bo altare staan en wat hande
gemaak het om ontoereikende dankies aan te vul.
En die popgesigte wat heilig wou gelyk het
het byna almal dieselfde sweem van 'n glimlag
om die mond, en miskien is dit al wat raak is:
jy wat niks verlang, behalwe dat ons besin op
die woorde: "Vrou, dáár is u seun" - En geen
mag sal ons afdryf nie, solank ons ryp in jou Hart.

(Cussons, 1981:22.)

In hierdie gedig word die metafisies Goddelike veraards om die persoon van Maria makliker toeganklik vir die gewone, aardse, sondige mens te maak: "Dogter van aarde, onwete, pyn en geloof."

Die aardse Maria word vergelyk met die "poppe wat hoog bo altare staan" en daardeur word haar verhewenheid beklemtoon. Omdat sy egter aards so wel as heilig is, word sy ook gesien as dié vrou vol begrip vir alle ander vroue:

...
 SÓ, weet ek, wil jy my hê, déshabillé
 in my menslikheid, sonder sy kerkhoed op.
 ...

(Cussons, 1981:22.)

Cussons se drang na mistieke eenwording met God, na suiwerheid en loutering word in hierdie gedig byna 'n geloofsbelydenis:

... - En geen
 mag sal ons afdryf nie, solank ons ryp in jou Hart.

(Cussons, 1981:22.)

Die aardse toeganklikheid van Maria word ook uitgebeeld in "Aankondiging":

'Gabriël, waarom straal jy so?'
 'Omdat ek die Koningin van die Hemel
 gesien het in 'n meisie.'

Haar oë is blink en haar vel soos ivoor
 en haar hare hang in 'n vlegsel.
 Toe sy my sien en my boodskap hoor
 het sy verstyf van die vrees van die vlees
 en 'n ysere wil om die vrees te bedwing
 tot sy kon antwoord in sagte sillabes:
 'Hier is die diensmaagd van die Here.
 Laat dit met my gaan volgens u woord.'
 Toe het die Gees oor haar gekom,
 en iets soos 'n slaap, oor haar gelaat.
 Reeds was sy onbewus van my,
 verenig met Hom in haar Begin -
 En lank en verruk het ek haar betrag.
 En, Here, hoe traag het ek haar verlaat.

(Cussons, 1988:39.)

Die engel Gabriël noem die meisie "Koningin van die Hemel" maar in teenstelling daarmee word Maria se aardsgebondenheid uitgebeeld:

...
 het sy verstyf van die vrees van die vlees
 ...

(Cussons, 1988:39.)

Die tipies menslike reaksie van vrees word opgehef deur die Gees-vervuldheid:

...
 Toe het die Gees oor haar gekom,
 en iets soos 'n slaap, oor haar gelaat.

(Cussons, 1988:39.)

Aardsheid word dus vervang met heiligheid deur vereniging met God, en die eenwording word hier verwoord as die begin van 'n nuwe bestaansdimensie:

...
 verenig met Hom in haar Begin -
 ...

(Cussons, 1988:39).

Die koherensie van aardsheid en heiligheid word hier dus bewerkstellig deur die intrede van die Gees van God. Die blye boodskap van Christus se geboorte verander die gewone aardse meisie in die "Koningin van die Hemel". Net so is daar by Cussons verskillende benaderings tot die Maria-personasie. Soms word die aanspreekvorm 'n formele verhewe "u" en ander kere word in die tweedepersoonsvorm "jy" en "jou" gekommunikeer.

In die gedig "15 Augustus: Maria-Hemelvaart" word die informele aanspreekvorm gebruik ter bevestiging van die noue verwantskap, die intieme kennis van mekaar as aardse vroue:

O ek praat gedurig met jou oor al die klein, baie,
 angstige dinge waaruit ek bestaan, wat my
 onderskei van, sê, 'n engel of 'n orkaan.
 Want jy het ook in jou hart bewaar en oorpeins,
 die hart wat fladder en wonder en onseker is:
 ...

(Cussons, 1981:22.)

Daarenteen word in "Ikoon-Lofdig op Maria" die verhewenheid, die heiligheid van die Maagd Maria deur die formele "u" beklemtoon:

Soos 'n leeu, haar pote oor haar welpie,
 beskerm u ons, geil van soort en senu.
 Wat 'n prooi, as hy sou kon bykom,
 vir die Ongedierte, die On.

Maagd, verskriklik in kryg, verhoorder
 van gebede. Prefigurerend toe al so aangeriep
 in naam van fiere Athena.

Vrou geklee met die son, 'n laaste ontsettende
 sonvuur self waarin dit wat kwyl na u jong
 sal verskrompel tot eie niet en nêrens.

Prikkel, ek wil dat u prikkel, soos roosdorings
 aan my, dat ek, vermaer uit melk tot ú ywer
 vir Hom, kan uitjaag onder u uit
 ú vuurblik in, een enkel hongere vlambaan in.

(Cussons, 1984:34.)

In hierdie gedig kom daar nuwe eienskappe van Maria na vore: die beskermingsdrang van die leeu teenoor haar welpie, die Maagd as "verskriklik in kryg" – dus 'n onverskrokke vegter vir haar volgelinge, vergelykbaar met "fiere Athena" wat die Griekse godin van oorlog was en bekend vir haar dapper optrede in die Trojaanse oorlog. 'n Verdere ooreenkoms tussen Maria en Athena is die feit dat Athena ook 'n kuise godin was – 'n maagd – en dat sy later die godin van wysheid geword het, vandaar die embleem wat na haar verwys, naamlik die uil (Graves, 1959:107–109).

Maria se beskermingsdrang teenoor die aardse mense word vergelyk met 'n leeuwyfie se beskermingsdrang teenoor haar welpie. Deur vooropplasing word die eienskap van beskerming sterk beklemtoon in versreël 2. 'n Verdere beklemtoning van die mag van die vrouefiguur word deur die son-metafoor daargestel. Maria word gesien as goddelike ligdraer, as brandende vuur wat die Ongedierte "sal verskrompel tot eie niet en nêrens".

Volgens De Vries (1984:300–302) is leeu simbool van waaksaamheid want hy slaap met sy oë oop. Leeu en son word ook met mekaar in verband gebring; daarom word die leeu dikwels in kunswerke geskets met 'n son vir 'n gesig. Die leeuwyfie is ook simbool

van die aardmoeder. Die voornaamwoorde speel 'n rol in hierdie beskermingsidee - let op die besittlike aard van die voornaamwoorde in reël 1: "u", "ons".

Verder word Maria in hierdie gedig aangespreek as "verhoorder van gebede", "vrou geklee met die son", wat alles laat verskrimpel wat 'n bedreiging vir haar kinders inhou. Die ek-spreker identifiseer met Maria om sodoende nader aan Christus te beweeg:

..., dat ek, vermaer uit melk tot ú ywer
vir Hom, kan uitjaag onder u uit
ú vuurblik in, een enkel hongere vlambaan in

(Cussons, 1984:34).

Hierdie gedig word dus 'n ikoon van die heilige Maagd Maria. Terselfdertyd is dit ook 'n gebed waarin Maria aangespreek word en waarin 'n versugting uitgespreek word:

...
Prikkel, ek wil dat u prikkel, soos roosdorings
aan my, ...

(Cussons, 1984:34).

Die vyf gedigte wat ressorteer onder "Retabel" (Cussons, 1978a:66-67) handel oor Maria se lewensloop: Eerstens "Ontvangenis" wat handel oor geboorte; haar stryd teen sonde soos in "Slang" gemanifesteer; die boodskap van Christus se geboorte in "Verkondiging" en Maria se "Hemelvaart" en dan die slotvers, "Openbaring".

Die H.A.T. (1988:900) definieer retabel soos volg: "Agterstuk van die altaar in 'n kerk, waarop die ligte en blommerangskikkings staan." Hierdie vyf gedigte kan dus gesien word as versierings op die altaarstuk wat aan Maria gewy is. In "Ontvangenis" word Maria reeds uitgebeeld as 'n heilige, 'n uitverkorene: "sy het nog by God gespeel ...", en dan "tuimel neer in die vlees" om 'n aardse taak te kom verrig.

Hierdie tipies Rooms-Katolieke siening aangaande Maria as geheiligde vrou (Anon., 1962:293) word versterk in "Hemelvaart" waar Cussons die hemelvaart van Maria beskryf as 'n rustige oorglip van tyd na ewigheid"

...., en sonder doodsniel
bloedwarm en heel gliip sy oor die grens
wat tyd en ewigheid skei, rustig na haar
verheerliking in die Seun van die mens

(Cussons, 1978a:67).

Opmerklik dat daar in drie van hierdie gedigte van die slang melding gemaak word. Die slang is volgens oordrag die simbool van verleiding: "Toe vra die Here God vir die vrou: 'Wat het jy nou gedoen?' en sy sê: 'Die slang het my mislei, en ek het geëet'. En die Here God sê vir die slang: '... Ek stel vyandskap tussen jou en die vrou, tussen jou nageslag en haar nageslag. Haar nageslag sal jou kop vermorsel en jy sal hom in die hakskeen byt.'" (Gen. 3:13-15.)

Hierdie gegewe word baie effektief ingewerk in "Slang", waar Maria verbeeld word as die sorgsame vrou wat "begaan (is) oor die kinders wat hier speel ...", haar eie vrees oorkom en "beslis/ vergruis sy die kop met haar klein hakskeen". Weer eens word Maria gebeeld vanuit die beskouing van die Rooms-Katolisisme as dié vrou wat bevryding van sonde bied.

Ook in die gedig "Verkondiging" is daar van die slang melding gemaak:

...
maar weer kom die beelde van weerlose
voete wat gaan en skielik 'n slang -
...

(Cussons, 1978a:66).

Maria word hier voorgestel as vrou verknog aan haar gebondenheid - sy is onthuts, sy wil nog stry, sy verlang na haar huis. Maar as sy dan besef "dat 'n wêreld nou op haar woorde wag" dan

aanvaar sy die opdrag van God, soos deur die engel aan haar verkondig:

...., laat dit
wees met my soos dit God behaag.

(Cussons, 1978a:66).

In die uitbeelding van die personasie van Maria is daar 'n besliste dualisme merkbaar – die aardse, menslike vrou teenoor die geheiligde Maagd Maria. As gewone vrou en mens ervaar sy ook emosies soos angs, vertwyfeling, hartseer, weerloosheid, ensovoorts. Haar karakter as Nuwe-Testamentiese vrou word soos volg opgesom: "The Mary of the NT represents all that was finest in Jewish womanhood and motherhood. Her deep spiritual sensitivity; her purity, faith, and obedience to the divine will; her scrupulous attention to the training of her son in the religious traditions of his people; her loyalty to him, as evidenced by her presence at the Cross, even when she did not fully understand him – all mark her as a person of remarkable qualities." (Anon., 1962:293.)

Aan Maria as die Heilige Maagd word toegedig die eienskappe van heiligheid: "Vrou geklee met die son" (1984:34), bemiddelaarskap: "dat u haar nooit iets weier nie/dat sy ons steeds na U toe wink" (1988:28), diensbaarheid: "Hier is die diensmaagd van die Here" (1988:39), geloofsekerheid: "roekeloos seker van haar (u) saak" (1988:28), onbevleetheid: "Gesteente sonder gles ..." (1990:37), vrou van smart "jy kon van smart amper vergaan" (1978a:21), beskermingsbewus: "maar begaan oor kinders wat hier speel" (1978a:66).

Samevattend kan dus gesê word dat hierdie kategorie Bybelse vrouefigure almal verbeeld word in hulle Christelik-religieuse milieu waarin God as middelpunt gesentreer is. 'n Interessante verwikkeldheid wat uit my navorsing na vore gekom het, is dat Cussons die Bybelse vrouefiguur, en dan veral Maria, in verband bring met die mitologiese vrouefigure, soos in "Ikoon-Lofdig op Maria":

... Prefigurerend toe al so aangeriep
in naam van fiere Athena.

...

(Cussons, '1984:34.)

Maria bly egter die sentrale vrouepersonasie wat in hierdie poësie-oeuvre vergestalt word. Sy word uitgebeeld in haar aardse menslikheid maar die klem val op haar heilige krag as Moeder van Jesus, as bemiddelaar en beskermers van die mens, soos dit verwoord word in "Die visioen" (1990:51):

'n Aand in Mei, Moedermaand van die Mensheid en heilig -
En ek was bly
dat ek, kleinkind-alwetend en Moederbehoed
vir die weet voorwêreldlik, ...

3.4 MITOLOGIESE VROUEFIGURE

Die woord "mite" word in die H.A.T. (1988:705) verklaar as: "Oorlewering omtrent gode en godsdienste; godeverhaal." Reeds in hierdie verklaring kry ons die verband tussen religie en die gode. Van Gorp (1984:204) sê: "... Mythos beteken dan 'verhaal van een dichter', ... Nietemin onderskeide men in de oudheid vaak een dubbel niveau in die mythe: enerzijds de idee achter het verhaal en anderzijds de narratiewe inkleding die niet letterlijk begrepen moest worden."

In hierdie studie aangaande die vrouefigure in Cussons se poësie, is dit egter noodsaaklik om die verband tussen religie en mitologie duidelik te begryp. Anon. (1981:724) sê die volgende aangaande mites en religie: "The myths of past ages, however, far from being wild inventions, are vehicles for expressing profound truths. Mythology is closely bound up with religion. Its concern is with matters that shape the lives of men - the creation of the world, the relationships between gods and men, the origin of life and the meaning of death and the battle between good and evil."

Leroux poneer die volgende aangaande die begrip "mite" (Leroux, 1980:11): "Dis belangrik om te konstateer dat 'n mite iets is wat belewe word, dat 'n lewende mite saamgestel is uit 'n patroon van simbole wat sedert die oertyd van die mens se bestaan geskep is, dat dit te voorskyn kom uit die diepste, rudimentêrste laag van die menslike psige, dat dit spontaan gebore word gedurende alle periodes van die menslike psige, dat selfs volgens die kosmologiese opvatting van die mite dit nie die buitenste wêreld van die heelal is wat beskryf word nie, maar die innerlike kosmos van die menslike psige." Hierdie siening val saam met Jung se teorie van die kollektiewe onbewuste. Jung het in sy bestudering van mense se drome gevind dat die simbole wat aanhoudend voorkom uit die onbewuste, oeroud en identies is aan beelde wat in misterie-kultusse van lank gelede voorkom. Hy het ook beweer dat alle vorme van godsdienste van mitiese oorsprong is (Jung, 1960:137).

Jung se individuasieleer is gebaseer op die proses van regressie en progressie en sodoende word ware simbole weereens ontdek en die mite herleef, veral in die skeppende kunste.

Cussons se gebruik van mites en oerbeelde of simbole, dui op haar herontdekking van die argetipes van die onbewuste en haar strewe na individuasie. Leroux (1980:15) stel dit soos volg: "Ten tweede is die integrasie van die persoonlikheid en die wyse waarop die mens deur sy mites en simbole sy geestelike lewe ondergaan, beide 'n vorm van individuasie - dieselfde ondergrond is aanwesig; 'n argetipiese psigiese proses."

Die argetipes van die onbewuste het geen inhoud nie en dus is dit nie die inhoud wat oorgeërf word nie, maar die patroon van simboolvorming. Daarom dat daar ooreenkomste is in die simbool-inhoud van verskeie godsdienste en mites deur die wêreld te alle tye. So verwys Leroux (1980:17) onder andere na "die argetipe van die Skeppende Moeder in die aardgodinne van die Griekse en Romeinse godsdienste en die Vrou of Maagd in baie ander".

Die mitologiese vrouefiguur in Cussons se gedigte, is uiteenlopend. Die mite is die produk van die argetipe wat uit die diepste lae van die onbewuste na die bewuste opkom; daarom kan dit herken word as 'n skakel tussen die individu en die heelal. Leroux (1980:19) stel die belangrikste funksie van die mite soos volg: "... dat dit die mens in staat stel om waar hy nie in staat is om self die gevaarlike proses van individuasie deur te gaan nie, sy toevlug tot mitologiese projeksie te neem omdat die psigiese proses, wat individuasie verteenwoordig, alreeds in die simbool bevat is".

Die skrywer is op soek na die lewende mite, maar om dit te bereik moet hy deur die proses van individuasie gaan, wat 'n pynlike proses van self-bestudering is. Dis 'n regressie na die kollektiewe onbewuste voordat 'n hergeboorte kan plaasvind. Regressie voor hergeboorte is dan ook 'n universele tema in alle mites (Leroux, 1980:20). Cussons se strewe na eenwording, of dan volkomenheid, of ook individuasie is dus die motivering vir haar intensiewe mitologiese personifiëring.

3.4.1 GRIEKSE MITOLOGIESE VROUEPERSONASIES

Die vrouefiguur wat die grootste rol speel in hierdie kategorie is Hera, die Griekse koningin van die gode. Sy was die suster en vrou van Zeus en beskermvrou van die huwelik. Sy was oorspronklik die godin van die Lug, dus die hemelse Maagd (Graves, 1959:105). Sy verloor haar kosmiese karakter en behou slegs die aardse eienskappe. Sy heers oor alle fases van die vroulike bestaan, maar dan veral is sy godin van die huwelik en moederskap.

In hierdie eienskappe sien ons reeds die verband tussen die figuur van Hera en die Maria-personasie – Maria wat ook deur die Rooms-Katolisisme gehuldig word as vrou van alle vroue, heilige Moeder van alle mense. Hera verteenwoordig die animafiguur in die onbewuste. Sy verteenwoordig die volmaaktheid van die

visionêre vermoë (eenooog-kind) die magiese hantering van taal (die gans) die binding tussen hemel en aarde as boodskapper van die gode (die iris), die lewensimbool (die koekoek) en die simbool van totaliteit (die pou).

In die uitbeelding van hierdie vrouefigure sien ons die Jungiaanse drang na "wholeness", na die saamkom van die bewuste en die kollektiewe onbewuste en die strewe na volmaaktheid en suiwerheid om die eenwording met God te bewerk. Een van die sleutelgedigte in Die swart kombuis (1978a) is die gedig "Die kombuis van Hera":

I

Hoe sal die ouvrou ouer as oud
hoe sal die stoof swarter as koud
hoe sal die hande sonder die hout
sonder die suiker sonder die sout
sonder die meel as die meel het drade
sonder die eiers as die eiers is vrot
sonder die skottel as die skottel het gate
hoe die koek bak geler as goud
wie die skuld hê waar die fout?

Roep die pou die pou se vure
roep die iris en die helder ure
roep die gans wat raaisels praat
orakel hy dan het ons raad
en is die koekoek 'n hen-koekoek
bak Hera weer besweringskoek

II

Toe roep my ma om my te stuur
net voor sy wegwring in 'n baksteen
soek jy die grot klim jy die seemuur
en kyk daar raak totdat jy raaksien
- en sit voor hulle neer die skottel en die beker -:
die ouvrou en die eenooog-kind, die gans en die koekoek:
die wysheid en die insig, die raaisel en die wekker -
dan as daar vuur is wys hulle jou hoe bak die gode koek.

Toe met sewe oë
kyk hulle my snaaks aan
waar ek meteens beteuterd
in die seekombuisgrot staan:
ek lees die waarheid in hulle blik
en voel my aardig koud:
wat anders is die suiker en meel
die eiers en melk - vergeet nie die sout! -
as net jouself en jou menslikheid:
en is jy met vuur vertrou?

Maar goedig is die gode, my dom bestanddele
 was in die toorkombuis teen die omtoorvuur bestand
 en met die bykom vind ek hulle het in my ingevlug:
 ouvrou, kind en gans, koekoek, net effens aangebrand ...

O neutvars kind met die voorskootklere
 met die warm wang en die sywurmhare:
 ek is nou met die sikloopkind wonderlik behep
 en weet dis eintlik sy wat sin maak van die resep.

(Cussons, 1978a:30-31.)

Met die vrae wat in die eerste afdeling van die gedig gevra word, word die reddeloosheid en onmag van die aardse kind voorgestel – die onmag om die grondstowwe vir "die koek geler as goud" te bekom en te gebruik. Hera word gebeeld as die "ou vrou ouer as oud" maar met die eienskappe van "die wysheid en die insig, die raaisel en die wekker" wat aan die aardse spreker die resep gee vir die volmaakte "besweringskoek". Hierdie uitbeelding van Hera as die argetipiese vrou hang ten nouste saam met die ander mitologiese vrouepersonasies wat in die oeuvre van Cussons voorkom.

Aangaande poëtiese taalgebruik sê Mukařovský die volgende (in Garvin, 1964:19): "In poetic language foregrounding achieves maximum intensity to the extent of pushing communication into the background as the objective of expression and of being used for its own sake; it is not used in the services of communication, but in order to place into the foreground the act of expression, the act of speech itself."

Volgens Gräbe (1984:2) word sintaktiese vooropstelling in poëtiese taalgebruik gemanifesteer in die volgende: "(a) die oortreding van bepaalde reëls wat in standaard taalgebruik geld vir die konstituering van grammatikale sinne; (b) die eksploitasie van vorme van herhaling, wat lei tot patroonvorming en (c) die verhouding tussen sintaktiese eenhede en tipografiese afbakenings".

Die normale sin volgens Baker (1967:16) bestaan uit 'n subjek, 'n verbum en 'n komplement. Normale sinne kan volgens Fairley (1975) op drie maniere sintaktiese afwykings toon, naamlik verskuiwing, delesie en seleksionele afwyking.

As ons nou kyk na die gedig "Die kombuis van Hera" (Cussons, 1978a:30-31) dan is die herhaling van die vraagwoord "hoe" reeds opvallend in die herhaalde vooropgestelde posisie. Hierdeur word die klem op die ontredde van die ek-spreker geplaas. Ook die ongewone woordorde in versreëls 5, 6 en 7 dui op nuwe betekenisassosiasies tussen die verskuifde konstituente van die betrokke sinne. Die verba wat op die ongewone plekke in die sinne voorkom, dui op die besliste gebrek aan die benodigde grondstowwe vir die koek "geler as goud". Die sin "... as die meel het drade" is baie meer definitief stellend as die sin "... as die meel drade het".

In die tweede deel van hierdie gedig in versreël 4 - "en kyk daar raak totdat jy raaksien" - word deur die herhaling van die woord "raak" 'n intensivering van die kykaksie geïmpliseer.

Daar word verwys na Aphrodite, die Griekse godin van liefde en skoonheid (Cussons, 1978a:29) wat weereens 'n tipiese vroulike karaktertrek beklemtoon. Ook die vergestaltung van Athena hou verband met die gesamentlike karaktertrekke wat al die vrouefigure in mindere of meerdere mate gemeen het. Evans (1981:59) beskryf Athene as: "The patron goddess of Athens and patroness of arts and crafts; the goddess of wisdom and identified with the Roman Minerva." Athena was die Griekse godin van oorlog en later van wysheid. Hierdie veranderinge in die "portefeuljes" van die gode word soos volg verduidelik: "When a god had outlived his relevance his character was altered, or another god became more important." (Anon., 1981:724.) Athena se embleem was die uil en verder was sy ook bekend as beskermers van die vredeskuns (Graves, 1959:107). Die belangrikste eienskap wat aan Athena toegedig word, is haar maagdelikheid. "Athena was a striking exception to Olympian society because of her absolute

chastity." (Graves, 1959:108.) Hier vind ons dus 'n direkte verband tussen die uitbeelding van Maria en Athena. Beide besit wysheid en insig en beide was maagde. 'n Mens kan byna praat van 'n sirkulering van die wesenstrekke van die vrou, vergestalt deur die Maagd Maria, geprefigureer deur al die godepersonasies (Cussons, 1984:34). Die feit dat Athena ook nog die godin van kuns was, dui op 'n verdere verwikkelde identifiseringsproses tussen digter en vrouepersonasies.

Volgens die Griekse mitologie was Pandora die eerste vrou – dus die ekwivalent van Eva uit die Ou-Testamentiese geskiedenis. Hierteenoor is haar rol as die uitstorter van alle ellende en plaë oor die aarde welbekend. Volgens Graves (1959:93) is sy van klei en water gemaak en daarna is sy met 'n doos, wat sy nooit mag oopmaak nie, na Prometheus en Epimetheus gestuur. Sy maak wel, teen die opdrag, die doos oop, en al die ellende en plaë versprei oor die aarde, net hoop bly in die doos agter (Anon., 1981:749). Pandora word beskryf as 'n vrou "whose dazzling beauty would equal that of the immortal goddesses. All the divinities heaped their especial gifts on this new creature ... Hermes, however, put perfidy into Pandora's heart and lies into her mouth" (Graves, 1959:93). Daar word dus dié parallel getrek tussen Eva en Pandora dat met hulle verskyning op aarde hulle ook ellende en hartseer gebring het. Hulle verteenwoordig die destruktiewe rol van die vrou. Brink (1964:38) sê hieroor die volgende: "Sy is die oerkreatiewe wese wat op magiese wyse aan die mensdom geboorte gee. Maar sy is nie net skeppende wese nie. Lilith, of Eva, of Pandora of Ishtar bring ook ellende oor die mensdom en ontketen die destruktiewe magte van die skepping." Eva het dus veroorsaak dat Adam tot 'n val kom en Maria as begenadigde vrou skep weer die moontlikheid van verlossing deur haar Seun, Jesus Christus.

Samevattend kan dus gesê word dat die mitologiese personasies slegs daargestel word om dieselfde basiese eienskappe van die vrou te beklemtoon. Ook word die ineengevlegtheid van die godsdiens en die mitologie deur hierdie vrouefigure beklemtoon.

Daar word nog verder melding gemaak van verskeie ander Griekse vrouepersonasies, maar die onvolledigheid van die uitbeelding maak hulle van mindere belang.

3.4.2 ROMEINSE MITOLOGIESE VROUEPERSONASIES

Die belangrikste Romeinse vrouefiguur is Juno, godin van die hemele en die maangodin. Sy was die suster van Jupiter en die beskermmer van die staat. Haar heilige gans het orakels gespreek en sodoende Rome twee maal van ondergang gered. Haar oudste name of titels was Lucetia en Lucina – Lucina was die anima teenoor Jupiter wat die animus was. Lucina was die godin van geboorte (Anon., 1981:746). Hier kry ons dus die eweknie van Hera, aangesien sy ook 'n rol gespeel het by die huweliksreëlings, die huweliksbevestiging en die geboorte van kinders (Graves; 1959:203). Weereens kry ons 'n verband tussen die godin Juno en die Maagd Maria: "She is also represented with a child in her arms ..." (Graves, 1959:204.) Deur die gebruik van die godin Juno kry ons 'n insig in die universele aard van hierdie argetipe. Aangesien Hera, Juno en Maria almal dinge met mekaar gemeen het, word 'n verband gelê tussen die antieke wêreld en tyd tot en met die vrou van vandag.

Hierdie verwikkelde verbande wat Cussons lê in die keuse en uitbeelding van haar vrouepersonasies, kom duidelik aan die bod in die gedig "Tant Emily van oom Naas":

Tant Emily van Oom Naas
was 'n Juno van 'n vrou:
Rubens kon haar geskilder het –
Sy was wat mens sou mollig noem
maar statig, regop, lank,
en blakend pienk en met 'n goue kop
en altyd in "die ander tyd":
'Dokter het gesê', en 'toe sê dok vir my',
Tant Em was byna onbeskaamd gesond.
En elke kind was 'n seun met wye blóú oë,
ook die enetjie wat in 'n visdam verdrink het.
'Ag jong, dit lyk my dat ek sommer vanself so raak';
sy was dus gou getroos vir die enetjie wat dood is.
'Ag Taffy, ' vir my ma, 'kyk tog die dahlia,

net soos 'n mooi vrou wat uit haar bad uitklim.'
 Oom Naas was maer en goedig en het sy Em verwen
 en sonder klagte haar diëte saamgeëet -
 hy was die sterweling, die uitgekosene,
 en sy die immer-somerse godin.

(Cussons, 1978a:16.)

In hierdie gedig word die universële behoefte aan vervulling by die mens belig. Tant Emily word hier by uitstek in haar aardse vrugbaarheid geteken, vandaar dan haar verbintenis met Juno, die beskermster van alle vroue, vrugbaarheid en die huwelik (Graves, 1959:203).

Cussons beskryf tant Emily as "blakend pienk" (blakend word verklaar as letterlik "brandende"). Sy is dus 'n gloeiende getransfigureerde wese, dus 'n godin, met "'n goue kop" as kroon. Deur die vervulling van haar vroulikheid word sy getransfigureer "in die ander tyd".

As godin van vrugbaarheid word sy voorgestel as onverganklik: "Tant Em was byna onbeskaamd gesond". Die benaming, "tant Em", het die onmiskenbare ooreenkoms met die letter M, soos in Maria. Verder was elke kind nog 'n seun, 'n hemelskind met "wye blóú oë". Tant Emily bely ook self: "Ag jong, dit lyk my dat ek sommer vanself so raak" en daarmee bevestig sy haar verwantskap met Maria, die heilige van alle vroue. Oom Naas word dan die uitverkorene wat sy liefhet, 'n Josef. Tant Emily verenig dus die aardse en hemelse in haar: "en sy die immer-somerse godin".

Daar is reeds in die voorafgaande bespreking melding gemaak van die dualiteit van aardsheid en heiligheid wat aangetref word in die personering van al die vrouefigure in Cussons se poësie. In hierdie gedig word hierdie dualisme verenig in een vrou - die aardse Emily wat dan met die godin Juno en die Heilige Maagd Maria gemetaforiseer word. Cussons se religieuse ingesteldheid en haar Jungiaanse soeke na die argetipes van die kollektiewe onbewuste word duidelik verwoord. Jung (1971:437) beskou die primordiale beeld as die manifestasie van innerlike toestande:

"The image is a condensed expression of the psychic situation as a whole, and not merely, nor even predominantly, of unconscious contents pure and simple." Cussons realiseer die werklikheid in haar poësie deur die gebruik van hierdie primordiale beelde of argetipes wat deur Jung as die boustene van die mite beskryf word.

De Waal (1990:119) beweer: "Fundamenteel is die primordiale beeld die spontane drang om te skep; en hierdie drang is die eerste sprong uit die onbewuste na die werklikheid. In dié sprong, in die primordiale beeld self, is die kosmiese plan teenwoordig."

3.5 HISTORIESE VROUEPERSONASIES

3.5.1 ROOMS-KATOLISISME

'n Hele aantal heiliges uit die geskiedenis van die Rooms-Katolieke kerk, so wel as verskeie personasies van nonne kom in hierdie oeuvre aan die bod. Die vervolging van Christene deur die Romeine het onder andere die ontstaan van die heilige kultus tot gevolg gehad: "One such was the cult of saints which began with the Christian martyrs. Having suffered and died for their faith, the martyrs were believed to be especially close to Christ. The idea of suffering for the faith is deep in Christianity, and did much to encourage the ascetic tradition which first arose in Egypt in the third century." (Anon., 1981:698.)

In Cussons se oeuvre word van verskeie vroulike heiliges melding gemaak: Die Heilige Veronica, die heilige Francesca, Vrou Julian van Norwick, die Heilige Ursula, die Heilige Radegunde, die Heilige Thérèse van Lisieux en die Heilige Teresa van Avila. Laasgenoemde is die belangrikste vrouepersonasies in die kategorie en daar sal in besonder aandag gegee word aan die wyse waarop sy gepersoneer word. As daar gekyk word na dit wat bekend is van elk van hierdie heiliges, is daar opvallende

ooreenkomste in hulle lewensiening en karakters. Van St. Francesca word gesê dat sy getroud was maar altyd die begeerte gehad het om tot die Christelike orde toe te tree. "She was an exemplary wife and mother, at the same time living a life under rule with her husband's brother's wife, Vannozza." (Cross, 1957:529.) Van Vrou Julian van Norwich is slegs bekend dat sy vyftien openbaringe gehad het in 'n ekstatische belewenis van vyf ure. Die volgende dag het sy nog een visioen gehad en twintig jaar later skryf sy 'n boek, The sixteen revelations of Divine Love, na aanleiding van haar meditasies oor die sestien openbaringsvisioene. Hierdie visioene het hoofsaaklik as inhoud gehad "the Passion of the Holy Trinity. The account of these visions is embedded in reflections on the mysteries of the faith, on prayer, and especially on the love of God. In Divine Love lies the clue to all problems of existence, particularly that of evil, ..." (Cross, 1957:766).

Thérèse van Lisieux was reeds as jong meisie bewus van religieuse volmaaktheid (Cross, 1957:1350-1351). Op vyftienjarige ouderdom sluit sy aan by die Karmelitiese kloosterorde, 'n baie streng asketiese orde waar daar klem gelê word op absolute gehoorsaamheid en streng toewyding aan die strewe tot heiliging deur lyding. In opdrag van die owerstes skryf sy haar outobiografie, L'Histoire d'une âme. Sy sterf op 30 September 1897 aan tuberkulose. Die outobiografie word na alle Karmeliete kloosters gestuur en kort daarna kom daar verslae van wondergenesing en profesieë. "Miracles of healing and prophecy were soon reported in sufficient number to realize her promise, : 'Je vais faire tomber un torrent de roses'." (Cross, 1957:1350-1351.)

Die gewone mense buite die kloosterorde het baie sterk aansluiting gevind by haar lewensverhaal, veral die gewone mense van haar eie ouderdom, "to whom her life showed that the attainment of sanctity was practicable, not only through extreme mortification, but through continual renunciation in small matters" (Cross, 1957:1351).

Die Heilige Veronica was 'n vrou uit Jerusalem wat volgens oorlewering haar hoofbedekking, 'n doek, vir Jesus aangebied het om die bloed en sweet van sy gesig af te vee op die pad na Golgota. Daar is verskeie legendes aangaande die doek, waarvan daar gesê word dat Jesus se gesig daarop afgeteken was toe Hy dit teruggee het (Cross, 1957:1433).

As gevolg van haar eie mistieke inslag, vind Cussons 'n besondere aanklank by Teresa van Avila, 'n Spaanse non, ook van die Karmelitiese kloosterorde. Daar is verskeie gedigte waarin van 'n Karmelitiese non sprake is. Teresa sluit in 1535 aan by die Karmeliete maar lei 'n taamlik lui lewe totdat sy in 1555 finaal bekeer word tot 'n lewe van volmaaktheid. Haar eerste mistieke ervaring vind kort hierna plaas met "Divine locutions, her first ecstasy and an intellectual vision of Christ" (Cross, 1956:1350).

Om 'n lewe van groter selfkastyding te ly, begin sy 'n klooster waarin die primitiewe oerreëls streng gehoorsaam moes word. Sy het verskeie boeke geskryf en haar godsdienstige lewe het verdiep totdat sy die staat van 'n "spiritual marriage" in 1572 bereik het (Cross, 1957:1350).

Haar belangrikheid was tweeledig. Sy was 'n vrou met 'n sterk karakter, skerpsinnig en met 'n groot praktiese bekwaamheid. As geestelike skryfster was haar invloed verreikend "because she was the first to point to the existence of states of prayer intermediate between discursive meditation and ecstasy ('quiet' and 'union') and to give a scientific description of the entire life of prayer from meditation to the so-called mystic marriage" (Cross, 1957:1350).

Sy kombineer mistieke ervaring met eindelose aktiwiteit deur haar hervormings en organisasie. Haar lewe is die bewys dat die hoogste kontemplasie of bepeinsing wel kan saamgaan met groot praktiese dade.

Cussons het 'n besondere aansluiting gevind by Teresa van Avila se strewe na kastyding en pyn. Sy het self die pyn aan haar eie liggaam ervaar met die ongeluk waarin 'n ontploffing in haar kombuis veroorsaak dat sy met baie ernstige brandwonde en skending van haar gesig en liggaam in die hospitaal beland het. Sy bring twee jaar in die hospitaal deur en verloor van haar ledemate. Sy sê self in 'n onderhoud met Phil du Plessis (1985:6) "... maar ek dink nie noodwendig aan persoonlike pyn nie, net pyn as verskynsel, as iets wat gepaard gaan met lyding oor die algemeen, loutering". Verder praat sy van die verlossingsverhaal wat gepaard gegaan het met bloed en pyn en gee dan die volgende beskouing (1985:7): "En van elke Christen word verwag dat hy sy kruis sal opneem tot die dood toe en die oorwinning, maar dit impliseer ook: verdra die daaglikse pyne of die pyn van die geloof."

Uit voorafgaande bespreking kan weereens die dualisme van aardsheid teenoor heiligheid waargeneem word óf as mens Jungiaans wil dink, die bewussyn van die ligte en die donker kant van die mens se persoonlikheid. Cussons verwoord dit soos volg in "Onder die huid uit":

Laat ek my kén dan, verlos my van die momding dan, hiér,
in dié staat nog, dat ek kan spríng uit smartlike voorlopighede uit
in ú in plótseling, vervulde, geheiligde verselwing in.

(Cussons, 1990:74.)

Hierdie dualisme vind ook neerslag in "Drie voorbeelde en 'n vertroosting" waarin Teresa van Avila haar praktiese ingesteldheid probeer beklemtoon deur te sê:

...: ons is engele nié,
en Heer, warempel dan leviteer.

(Cussons, 1984:39).

Die klem wat geplaas word op die ontkenningwoord "nie" – beide deur akuutaksent en deur agterplasing – dui die aardsheid en menslikheid van die heilige aan. Hierdie dubbelsien in die

Jungiaanse persoonlikheid bestaan uit die bewuste en die persoonlike onbewuste - die skadukant wat vergestalt word in al die aspekte van die persoon se psige en wat hy weier om te erken (Jung, 1959:285-286). Die skadukant is met ander woorde die minderwaardige eienskappe en onaanpasbaarhede in die menslike karakter, die menslike eienskappe teenoor sy goddelike moontlikhede.

Ook die Heilige Thérèse van Lisieux ondervind die tweespalt tussen menslike swakheid en strewe na goddelikheid in die gedig "Drie voorbeelde en 'n vertroosting":

Steeds as ons sakdoeke by die balie was
moet sý moedswillig vir my natplas.
Ek byt in my lip, want bloedrooi weet ek
hoe U my dophou, waterpas.

(Cussons, 1984:39.)

Die Heilige Veronica word as teenstelling gebruik vir die spreker in "Semana Santa":

Woensdag. As.
Al wat oorbly van my jaar
smeer dit ín in die verwate hoof.

Donderdag. Donker. Dit reent.
Ek was magteloos by sy geseling.
Die pruim en die amandel bloei
wit wonde wat ween in die water.

Ons noem dié Vrydag goed -
Hy kruin in die wind -
magteloos eet en drink ek saam
wit sagte vis en wyn ...
daar is sous aan my servet
aan Veronica se doek
sweet en bloed.

(Cussons, 1978a:35.)

Die ek-spreker bekla haar lot vanuit 'n menslike situasie van "wit wonde wat ween in die water". Die ervaring van "Ash Wednesday", die eerste dag van vastyd voor die begin van Pase,

word vereenselwig met die as van verbrande hout: "Al wat oorbly van my jaar."

Die ontnugtering van die ek-spreker is baie prominent, maar dan kom die besef van die banaliteit van haar klagtes as sy die "sous aan (haar) servet meet", "aan Veronica se doek/sweet en bloed". Hier kry ons dus die aardse sous teenoor die Goddelike bloed en sweet wat die spreker dan weer bewus maak van haar aardsgebondenheid. Maar hierdie insig in haar onvolmaaktheid dui ook op die konsekwente strewe na volmaaktheid, "wholeness". Fordham (1974:224) beweer: "Nearly all religious systems on our planet contains images that symbolize the process of individuation, or at least some stages of it. In Christian countries the Self is projected, as I said before, onto the second Adam: Christ."

Cussons se strewe na eenwording met God, na reinheid en suiwering, gaan dus hand aan hand met die individuasieproses wat sy so duidelik verwoord in "Onder die huis uit":

...

Vóór Jung se taal al, het sy, Teresa van Ávila wat sóú kon getwyfel het of Gód haar laat leviteer ... dieselfde vondste byna op 'n woord na oopgekrap in die gelade rommel van die siel, en dadelik werk daarvan gemaak.

(Cussons 1990:74.)

In Cussons se oeuvre is die soeke na heiligheid en heelheid 'n deurlopende tema, wat dan ook eksplisiet voorkom in haar vroue-personering. Tot dusver was daar telkens die tweeledigheid by die vroue te bespeur, naamlik die aardse (menslikheid) teenoor heiligheid en suiwerheid.

Die dualiteit waarna reeds vroeër verwys is, kom ook te voorskyn in haar uitbeelding van die "heilige" vrouegestalte van Teresa van Avila, van wie onder andere gesê is: "The duality of her nature, half-active, half contemplative, came to disturb any

settled existence, and after thirty-four years of convent life we took to the road, never again to leave it. (She made a series of journeys ... up and down the difficult and uncompromising country." (Sachville-West, 1943:67.)

Opvallend van haar persoonlikheid is die kombinasie van menslike *aardsheid* - humorsin, ongeduld, praatlustigheid, impulsiwiteit - met 'n besonder skerp intelligensie, deurdringende verbeeldingskrag en 'n visionêre geestelike gerigtheid. Sy kombineer dus 'n besonder aktiewe lewe met intensiewe geestelike kontemplasie. Cussons beeld Teresa van Avila uit as 'n visioenêre geestelike met 'n sin vir humor en sterk sakevernuf, maar met 'n sieklike liggaam. Die identifisering van die digter met Teresa van Avila is baie duidelik.

Teresa van Avila het haarself by geleentheid "Teresa de Jesus" genoem, "to signify the closeness of her relation to the heavenly Bridegroom who directed all her actions" (Peers, 1946:41).

Dit sluit aan by Cussons se strewe na 'n intieme samesyn of omgang met God wat so 'n sentrale motief in haar poësie is.

Teresa van Avila word uitgebeeld as die vrou wat in balans lewe tussen die vrome en die onvrome, oftewel die aardse en die hemelse.

In die gedig "H. Teresa van Avila op 'n sending" vind kommunikasie met God deur gebed plaas:

Sy bid en deur die transpartheid van die gebed
sien sy die hooi op die land
en deur die transpartheid van die hooi
en die land sien sy die woorde van haar gebed.

Die ou koets ruk en stamp en die twee nonne
by haar murmel eentonig die rosekrans
met klik van krale: sy sien met die oë
van haar pynende liggaam dat hulle bleek van die hitte
is, en haar gees bejammer hulle, dié gees
wat verbý die rosekrans en deur die transpartheid
van die somerlandskap ver reeds klim in die gloed

van Sy Majesteit: nie meer vir haar, lank
 nie meer die Tuinier wat die akker van die siel
 natlei met milde genade en mededoë nie
 maar nou 'n steil en brandende weg op in 'n yslug op
 na die sneeue, die siërras van Sy guns -
 Hy wat verblindend waai om Jan van die Kruis
 so ook met haar - Maar in die streng vervoering
 roer haar lippe meganies om syfers toe die koetsier,
 'n ruie man, meteens die perde vloek, en sy bereken:
 As ons ons kaarte reg speel, Heer, (U is óók Joods)
 en ons kan daardie skenking kry, kan ek
 maar weer deur die benerige arts gebloei
 en garadbraak word, dus help vandag U sakevrou ...

Die ou koets ruk en stamp: sy weet nie
 hoe wit sy is van pyn - haar swaar lyf in sy swart
 is van homself al jare skaars bewus - die hitte seng ...

hoog oor Sy sneeuende siërras loop sy lenig
 en somme maak en por Hom vrymoedig tot die daad.

(Cussons, 1978b:1.)

In teenstelling met haar fyn sakevernuf word haar stralende eenwording met God uitgebeeld deur "die transpartheid van die gebed". Teresa is tegelykertyd die besorgde non wat haar medereisigers simpatiek aankyk as gevolg van die hitte en vermoëienis, maar sy is ook die heilige "weg op in 'n yslug op/na die sneeue, die siërras van Sy guns-". Haar gees het reeds ver geklim "in die gloed van sy Majesteit" al is haar lyf swaar en kranklik en syself wit van die pyn.

Deur die uitbeelding of gestaltegewing van hierdie vrouefigure, word ons weereens sterk bewus van Cussons se strewe om 'n soortgelyke eenwording met God te belewe. Sy vereenselwig haar met hierdie vroue wat deur lyding en pyn die "ultimate" loutering deurgegaan het en gesuiwer in God se nabyheid verkeer.

3.5.2 HISTORIESE VROUEPERSONASIES

In hierdie kategorie word slegs twee vroue genoem, naamlik Heloïse en Lady Anne Barnard. In die gedig "Lente-aand, Kompanjiestuin" (Cussons, 1984:13) word daar gemymer oor die

verlede en die omstandighede waarin Lady Anne geleef het. Weer het ons in hierdie gedig te doen met Cussons se behepthheid met "ons oudste verlede", 'n soeke na kennis en insig om sodoende reële vrae uit die hier en nou te kan beantwoord. Hierdie behepthheid met die verlede het as teenpool die intense drang om ook dit wat "hierna" kom, te kan ken:

Die parapsigoloë wat wéét hoe is die Hierna -
 en vir my en Aquinas by die alfabet hou -
 ...

(Cussons, 1984:13).

Weer eens het ons ook hier die dualisme van aardsgebondenheid teenoor "die ewige" (reël 15). Die ek-spreker sit in die Kompanjietuin en gewaar "twee fyn skimme" vanuit 'n vervloë tydperk. Die skim van Lady Anne word dan aangespreek asof sy werklik daar teenwoordig is. Die ek-spreker bespiegel dan oor lewe en dood en met verwysing na Lady Anne se persoonlikheid "éternellement jolie", behou die ek-spreker ook hierdie vrolike gemoedstoestand.

Die belangrikste historiese personasie is Heloïse. Die historiese feite is soos volg: "Pierre Abélard (1079-1142), 'n Franse filosoof en teoloog, doen afstand van sy oorgeërfde ridderskap om sy studies in genoemde rigtings voort te sit. In 1115 word hy domheer van die Notre Dame-katedraal. Dis hier waar hy die agtienjarige Heloïse ontmoet en hulle in die geheim trou. 'n Seun is uit die huwelik gebore. Heloïse ontken die huwelik om Abélard se beroep nie te skaad nie. Heloïse se oom, die domheer Fulbert van Parys, huur mense om Abélard te ontman. Daarna word hy monnik in die abdy van St. Denis en oorreed Heloïse om 'n non te word. In opdrag bou hy die kapel en klooster (kluis) wat die Parakleet genoem word, wat hy aan Heloïse en haar nonne gee toe hy as ab van die klooster van St. Gidas de Rhuys aangestel word. Tydens die Konsilie van Sens in 1141 word Abélard skuldig bevind aan kettery. Sy geskifte word verbrand en hy word verban, maar toegelaat om na die klooster

van Cluny te gaan waar hy kort daarna sterf. Heloïse begrawe sy oorskot in die klooster van die Parakleet waar sy die abdis was. Die geliefdes se oorskot is in 1808 saam in Parys begrawe, aldus Morse (1957:13).

In die gedigte oor Heloïse word een van die bekendste liefdes-geskiedenis van die Middeleeue in herinnering geroep. Die verbreking van kommunikasie tussen twee geliefdes word verbeeld maar tog ook die feit dat ten spyte van hulle afsonderlike lewenswyse, hulle liefde steeds sterk bly en dat hulle uiteinde-lik in die dood verenig word as hulle saam in 1808 in Parys begrawe word (Morse, 1957:13). Die "benutting" van hierdie geskiedkundige figure, asook heiliges, kerklikes, ensovoorts vorm die aanknopingspunt vir die soeke van die personale spreker na heel- en eenwording met God.

In die drie gedigte wat handel oor Heloïse se tragiese geskiedenis, word hierdie vrou se pyn en leed korrelaat van die persoonlike ervaring van die personale spreker. Soos in sovele gedigte, vind die digter ook in hierdie omdigting van die geskiedenis, deur 'n oorgawe aan die aardse, die onsienlike terug.

In die gedig "Heloïse" word die eensaamheid van die ouerwordende en stilgeworde vrou beklemtoon deur woordkeuses soos "vergeet", "lê eenkant", "stief", "koud", "vrugloos", "alleen" en "kinds".

Ek het vergeet wat ons gesê het, lief,
 die tyd het oud geword -
 en ek lê eenkant niemand praat
 daar's niemand nie - het stil geword.
 Kind wat my nooit sal ken nie
 nooit en nooit nie - stief grootgeword...
 Nooit weer in die krom van jou lyf
 my lyf as ek slaap nie, o Abelard -
 maar koud en vrugloos en alleen
 in 'n huis in die wind
 vroetel en nie vind nie...
 ou hande in papiere papiere papiere
 het kinds geword.

(Cussons, 1970:33.)

Ons kry ook weer die dualisme van aardsheid teenoor heiligheid, alhoewel laasgenoemde slegs by implikasie teenwoordig is. Heloïse was 'n non wat deur toewyding uiteindelik abdis geword het van die Klooster van die Parakleet wat deur Abélard gebou is (Morse, 1957:13). Sy was dus 'n toegewyde Christen met 'n totale liefde en oorgawe aan God. Hier word sy slegs geteken in haar aardse eensaamheid en word sodoende beelddraer van alle mense wat "oud" word:

...
 die tyd het oud geword -
 en ek lê eenkant niemand praat
 daar's niemand nie - het stil geword.
 ...

(Cussons, 1970:33.)

Die parentese in versreël 3 en 4 beklemtoon die alleenheid en dit word ondersteun deur die leestekengebruik. Die "alleen lê" word dus op semantiese so wel as tipografiese vlak verbeeld. Die eensaamheid van die ouerwordende en stilgeworde vrou word hoorbaar gemaak deur die swak sintaktiese skakels en die herhaling van sinswendinge:

...
 Kind wat my nooit sal ken nie
 nooit en nooit nie - stief grootgeword.
 ...

(Cussons, 1970:33.)

Hierdie pyn en eensaamheid bevat ook die element van skoonheid, soos dit ook in die gedig aan die bod kom. Cussons sê self aan Johan Bruwer (1979:16): "Lyding het nie 'n skone aangesig nie. Pain is grim. Maar tog, as jy jou daaraan oorgee, ontdek jy later dat dit ook 'n sekere skoonheid het. En in daardie skoonheid kry jy 'n betekenis wat jy sonder pyn nie sou begryp nie. Jy word volkome mens."

Die uitbeelding van Heloïse se pyn gaan ook gepaard met 'n skoonheid wat volkommenheid teweegbring, en daarmee voltrek sy

weer eens die individuasiëproses waarvan Jung in die dieptepsigologie praat en waarvan Von Franz (1964:174) die volgende sê: "The actual processes of individuation - the conscious coming-to-terms with one's own inner centre (psychic nucleus) or Self - generally begins with a wounding of the personality and the suffering that accompanies it."

Cussons verklaar haar verwantskap met die Jungiaanse dieptepsigologieteorie in 'n onderhoud met Bruwer (1979:16): "Ons is bang vir pyn. Niemand wil graag ly nie. Maar pyn voltooi ons bestaan ... As jy die hele lewe wil verken, kan jy nie hoop om sy duister aspekte te vermy nie. Hoe kan jy daarsonder die vreugde ken?" Hiermee motiveer sy die omvangrykheid van haar vrouepersonasies so wel as haar totale behepthed met die tweeledigheid van die menslike natuur, wat "naatloos een" word in Christus. Die visuele word deurgaans getransendeer tot die visionêre; die nederige en gewone vrou word deurstraal met ewigheid en heiligheid.

Cussons se vrouefigure is grootliks gerig op psigiese eienskappe wat hulle met mekaar gemeen het en waarmee sy haarself wil identifiseer of waarna sy strewe. Van groot belang is die rampspoedige krisissituasies wat binne die gekose vrouefigure afspeel. Volgens Jung word die mens se persoonlikheid gevorm deur kumulatiewe ondervindings van talle geslagte tot by die onbekende oorsprong van die mens. Die mens is eers 'n volledige en verenigde persoonlikheid as hy al die sisteme waaruit die psige bestaan, met mekaar verenig. Dit is wat Cussons na strewe in haar gestaltegewing van die talle historiese personasies.

3.6 KUNSTENAARSFIGURE

In teenstelling met die groot aantal manlike kunstenaars in Cussons se poësie, is daar min verwysing na vrouekunstenaars. Daar word verwys na Sappho, die Lesbiese digteres uit die antieke tyd, na Emily Brontë, Emily Dickenson en daar is 'n "Portret

van M.E.R." (Cussons, 1978a:45). Gesien in die lig van Cussons se kunstenaarskap as beide woordkunstenaar en skilder, is dit opmerklik dat haar manlike personasies meestal skilders is, terwyl die vrouepersonasies almal uit die literatuurwêreld kom. Na aanleiding van 'n foto van M.E.R. word sy deur Cussons verwoord in "Portret van M.E.R." en die sterk visualiteit beklemtoon die fisiese werklikheid:

Wat sien 'n mens? Die gesig van 'n vrou
 of liever, die kop van 'n vrou, want
 dít is wat dwing: die kop, verstand,
 al haar trekke deur die gees gedissel;
 vlakke veelsinnig wat sluit en wissel
 som 'n lewe saam in die kop van 'n vrou.

(Cussons, 1978a:45.)

In die beklemtoning van die fisiese "kop van die vrou" word die metafisiese van die verstand vooropgestel in "al haar trekke deur die gees gedissel". Die vooropplasing van die woord "dít" so wel as die aksentteken beklemtoon die verstand. Verder word die woord "kop" drie keer herhaal in die gedig en die woorde "gees" en "verstand" kom ook voor – "vlakke veelsinnig wat sluit en wissel/som 'n lewe saam in die kop van 'n vrou".

Die woord "dissel" word verklaar as: "Byl met 'n vlak of hol blad, onder andere gebruik deur kuipers en wamakers." (H.A.T., 1988:159.) Die mens se dualisme – vlees en gees, aardse en heilige – word weereens belig in hierdie vrouepersonasie. Die kop en die verstand "dít is wat dwing". In bogenoemde gedig het ons weer die dubbelbeweging vanaf die woord terug tot 'n voor-kennelike bestaan in die gees. Die strewe na vereenselwiging word ook hier voltrek in die menslike lyding wat deur die gees op die gesig "gedissel" word en wat tot gevolg het "vlakke veelsinnig wat sluit en wissel".

In versreël 4 kry ons die treffende metaforiese konstruksie van "trekke deur die gees gedissel". Die gees word hier metafories verbind met 'n dissel – die kenmerke van skerp, hard, sterk word dus in verband gebring met die verstand (die gees) van die vrou.

Die eerste en laaste versreëls eindig beide met die woord "vrou", die volledige vrou word dus eintlik hier "ingesluit" tussen dié twee versreëls. Die totale vrouwees lê tussen "die gesig van 'n vrou" en "die kop van 'n vrou". Die woord "gesig" hou ook verband met insig, kennis, visie, begrip en wysheid – dus ook verstand op "veelsinnige vlakke".

Die personale spreker tree in 'n groot aantal gedigte na vore en lewer kommentaar op haar digkuns, soos sy in "Digter I" verklaar:

Ek praat nie veel, verkies die dink
en skrywe soms iets neer met ink:
van ek my ken knaag dit in my:
die eelt wat in die oester blink.

(Cussons, 1978a:44.)

In hierdie kwatryn word die denke vooropgestel, net soos in "Portret van M.E.R.". Die klem val op die woord "dink" wat aan die einde van die eerste versreël geplaas is en wat rym met die laaste woord in die kwatryn, naamlik "blink". Deur die rymverbinding ontstaan daar dus 'n semantiese verband tussen hierdie twee woorde en die denke word dus blink soos 'n pêrel in 'n oester, 'n metafoor wat herhaaldelik in Cussons se poësie na vore kom. Sy gebruik nie die woord "pêrel" nie, maar wel "eelt". Die denke is dus vir die ek-spreker hier onvolkome, onvolmaak al "blink" dit ook. Sodoende dui die spreker sy/haar onvermoë aan om met "blink" denke 'n volmaakte "pêrel" te skep. Volgens Levin (1962:30) is sodanige semantiese paradigmas 'n karakteristieke kenmerk van poëtiese taalgebruik: "A poem puts into combination, on the syntagmatic axis, elements which, on the basis of their natural equivalences, constitute equivalence classes of paradigms ..."

Dit is opvallend in Cussons se poësie dat die skryfproses nie maklik of pynloos is nie. Daarvan getuig die woorde "baie dink" teenoor "soms" neerskryf, so wel as die vergelyking van die kuns

met 'n eelt, wat die implikasie van pyn en intensiewe arbeid inhou.

Ook in "Bergpaadjie" word die universele probleem van die digter verwoord wat die mistieke ervaring nie onder woorde kan bring nie:

Jy sê: lees jou gedig vir my
 maar hoe kan ek wat skrywende
 in klippe opgebreek het
 ...

(Cussons, 1978a:4).

Die titel "Bergpaadjie" suggereer reeds 'n moeilike, moeisame tog waaraan die digter toenemend deel het. Dit behels die "ongeletterde" dinge, (dit wat nie aan die letter verbind kan word nie) van die elementêre aardse dinge soos klippe, die antieke geheue (wat die kollektiewe onbewuste aandui) en die kosbare dinge van die verlede (die mitologie, sprokies, ensovoorts). Uiteindelik word die ek-spreker dan die "wilde tiemie", wat getransformeer word tot 'n sintuiglike sensasie van "geur in die wind". Die digproses word dus ook 'n vereenselwigingsproses waardeur sy "ongeletterd soos God" word. God kan ook nie in woorde of letters vasgevang word nie, net soos 'n geur nie "vasgevang" kan word nie.

In "Digter II" vind die vereenselwigingsproses weereens plaas. Net soos in die gedig "Kombuis van Hera" identifiseer die ek-spreker sy/haar in hierdie gedig met die "eenoo-kind" of die "sikloopkind":

Eenoog-kind jy is toe
 niks anders nie as ek
 dit het ek na 'n blinde dwaal
 toe deur jou oog ontdek
 ...

(Cussons, 1978a:62).

In die Griekse mitologie word die sikloop (die eenoog) soos volg beskryf: "A mythological giant, commonly portrayed as having a single eye in the middle of his forehead. This eye does not have the usual symbolism of the 'third' eye, but in this case, appears to symbolize the primary forces of nature." (Cirlot, 1962:75.)

Die "blinde dwaal" in versreël 3 sinspeel op 'n verkenning van die ek, wat weer deur Jung as vereiste gestel word vir die individuasieproses. Von Franz (1964:161) sê die volgende: "Thus our dream life creates a meandering pattern in which individual strands or tendencies become visible, then vanish, then return again. If one watches this meandering design over a long period of time, one can observe a sort of hidden regulating or directing tendency at work, creating a slow, inperceptible process of psychic growth – the process of individuation."

Vir Cussons is die poësie die medium waarin sy haarself kan vind, soos sy dit dan ook stel in "Digter II":

...
 wie dig en in 'n slaap dan
 droom van die sikloopkind
 aanskou die belofte van 'n self
 wat hy in die woord sal vind.

(Cussons, 1978a:62.)

Deur haar poësie probeer sy met ander woorde die individuasieproses voltrek. Dit is 'n pynlike proses waardeur sy dan uiteindelik, soos Christus "naatloos een is met sy heelal" (Cussons, 1978a:82).

3.7 KONTEMPORÊRE VROUEFIGURE

Die dualisme in die vrouepersonasies is by Cussons 'n vooropgestelde werkwyse; net so vind ons dit ook by hierdie laaste kategorie vrouefigure. In hierdie kategorie is die teenstelling

jeug teenoor ouderdom, 'n bindende element wat al hierdie vrouefigure saamsnoer tot 'n universele beeld van vrouwees, waarvan Brink sê (1964:39): "... in hierdie tyd waarin daar werklik geen hiërargie van waardes meer bestaan nie, word die vrou aangegryp as nuwe sentrale simbool. Maar nie as simbool 'van iets anders' nie; sy bly streng gelyk aan haarself, omdat sy absoluut en afgerond lewe. Meer as simbool dus, word sy mite van haarself."

3.7.1 JEUGDIGE VROUEPERSONASIES

Veral die kinderfiguur kom deurgaans in hierdie poësie voor – die digter as kind, die kind as spreker of die kind as teenpool van die bejaarde. Die kind in "Die werf" kon "die hele Ou Testament/in jou vind, en die Griekse legendes en Andersen".

Die vermoë om te verheerlik, setel in die ongerepte verbeelding van die kind en so word die kind trouens in hierdie oeuvre telkens simbool van goddelike skeppingskrag. Die kind is nog sonder die blindheid van konvensie wat die volwassenheid meebring. Die ouma en die ma word verwoord as wêreldse, aardse vasgevangenes vol onvermoë, afkeur en verwerping. Hulle kan nie uitstyg bo die beperkinge van tyd en ruimte nie:

...
hoe sou hulle verstaan dat die bloedige dag
en die varkhok
vir my 'n hemel was, 'n sprokie sonder weerga –
...

(Cussons, 1978a:14).

Ook in "Kombuis van Hera" word die kind na die gode gestuur, want die ma "wring weg in 'n baksteen". Die volwassene kan dus nie loskom van die konvensies van beskawing en aardse vasgevangenskap nie. Dis die kind wat geseënd is met die skeppende vermoë, met die helder "sien":

...
 ek lees die waarheid in hulle blik
 en voel my aardig koud:
 ...

(Cussons, 1978a:31).

As die kind dan deur die "omtoorvuur" gegaan het, is die resultaat 'n "neutvars kind" wat weet wat nou eintlik "sin maak van die resep".

Volgens "Desibel" leef alles "gekramp in 'n eie noodsaak" (1978a:37). Die optrede van die adolessente jongeling "wat luidrugtig" die popmusiek namaak, terwyl die ouma byna blind, passief na die beeldradio staar.

Prins (1983:76) sê die volgende aangaande die gestaltes: "Daar is 'n groep gedigte waarin die ek-sprekers of die gestaltes oor wie die gedigte handel, volkome in die aardse werklikheid opgaan of daarin verstriek raak. Dit is gedigte sonder 'n uitsig op die metafisiese óf gestaltes by wie die sintuig vir die metafisiese óf nie bestaan nie óf bedrieg óf aan bande gelê word." In "Twinkle" (1981:2) is 'n jong meisie wat nie metafisies bestaan nie:

Sulkes soos Twinkle dink nie en skep nie,
 synde self skepping. Merk die verskil:
 nie skepsel nie. Skepsels is so gemaak
 en so gelaat staan om self voort te gaan
 aan hulle eie wording. ...

(Cussons, 1981:2.)

Die verskil tussen skepsel en skepping word in die gedig aangedui deur twee paradigmas - "skepsel" beteken dink, skep, "so gemaak/en so gelaat staan om self voort te gaan/aan hulle eie wording". "Skepping" dui op denkeloosheid - "is foeliewerk en peuterig voltooi en tooi/die dui op sien ..."

Twinkle word eers beskou as skepping totdat sy, "geval uit 'n venster op die veertiende vloer", gereduseer word tot aardsheid

en dan ook beskryf word as "fyn en onthutsend mooi soos 'n laventelblomspinnepkop ...".

In die gedig "Die roos in die glas" (1981:27) word die kind verwoord as dié een wat die grense van die werklikheid oorskry, terwyl die volwassenes as statiese skepping verbeeld word:

Mirakels besoek net kinders en skawagters
grensloos van aard, wat woorde soos feit
en verbeelding nie hoef te spel nie. ...
...

(Cussons, 1981:27).

Jong meisies in verskillende beroepe word aan die orde gestel. In "Thalassa" (1981:15) word die straatvroue beskryf as:

... vroue skuins onder hulle wimpers weet
hoe langs die kaaie en uit die kroë
oerkundige gedagtes hulle ontklee.

(Cussons, 1981:15).

Die gedig "Jan-Smuts-Internasionaal" (1988:21) beskryf die lugwaardinne soos volg:

... pragtige lugwaardinne
wat soepel-selfversekerd in groepies
rondbeweeg, betas deur swart oë
reeds verveeld en kil, ...

(Cussons, 1988:21).

Uit die voorafgaande gedigte sien ons die aardse vasgevangenheid, die menslike emosies van verleiding en sensualiteit, die "doof vir engele wat Ursulas roep" wat so kenmerkend is van die jong mens wat "sinnelek kaalpoot" loop deur die lewe (Cussons, 1979b:28).

Die gedig "Die geskenk van die spieël" beeld die onskuld van die kind uit in teenstelling met die volwassene "ontdaan van beelde".

Toe die kind beurtelings
 op haar mondfluitjie blaas
 en aan 'n koekie knabbel
 sien sy haarself in die hangkasspieël
 en steek verras vas
 en kyk so lank en neem so in
 dat sy skoon buite haarself
 hard in haar mondfluitjie byt
 en wip van pyn

om dit jare later in 'n ou landkerkie
 harigbruik en gladwit binne
 soos 'n klapper
 verwonderd te onthou tussen mure
 ontdaan van beelde om des te beter
 als wat helder verlore is in die oorlewende
 oog terug te straal -
 Toe het die geamuseerde spieël
 uit sy diepte weer die bewaarde kind gehaal.

(Cussons, 1979b:7.)

Die kind word beskryf as iemand wat lank en stip kan kyk en alles kan inneem. Die polisindeton in versreëls 3, 5 en 6 beklemtoon die kontinuë aksie van kyk, sien en inneem, 'n aksie wat ook impliseer dat die waarneming met begrip en insig geskied. Die kind verstaan wat sy sien. Die volwassene het 'n plek nodig "ontdaan van beelde om des te beter/als wat helder verlore is in die oorlewende/oog terug te straal-". Die spieëlbeeld bring vir die volwassene "weer die bewaarde kind" terug en sodoende ook al die vergete visioene en waarnemings.

3.7.2 BEJAARDE VROUEGESTALTES

Die bejaarde vrou word uitgebeeld as aardsgebonde, skynheilig, selfvoldaan, agterdogtig, liggaamlik vervalde, sensueel asook seksueel. Al hierdie wêreldse eienskappe word saamgevat in "Divertimiento":

... Sý klim uit haar skuimbad en skud
 haar hare los - wees gegroet - Die skropvrou in die bus-
 vol genade - voel haar spatare pyn.
 Dié wat slap met lang drankie onder tuinsambrele lê
 lees sporadies of beluister die Sondagpols:

die hittige rustelose dreun van die stad, kindergejil
in die strate, meidegeklets oor heinings uit oop kombuise
...

(Cussons, '1983:5.)

Die vrou in al haar lewensfases en -omstandighede word in hierdie oeuvre vergestalt: die vrou wat aborteer: "Saal C" (1979b:15); die vrou wat vasklou aan die kindertyd: "Vlerkspook" (1979b:72); die ouma in haar skuldige verwardheid en skynheiligheid: "Die witbroodjie" (1979b:6); die eensame vrou: "Verplasing" (1978b:30); die treurende weduwee: "Bedrukte blik op 'n weduwee" (1978b:26) en talle ander.

Die aardsheid van hierdie hedendaagse vroue word duidelik vergestalt in "Die vete":

Pot en besem en rosekrans,
besem, rosekrans en pot,
fluister-met-die-besem, stamp-
met-die-pot; prewel oor
die glippende krale, op smal
stoele voor hulle oop deure
spelonkerig donker binnetoe,
drie skikgodinne in swart:
houtgesig, kerf vir 'n mond,
net die oë in die kasse woel.

Die manne wat hulle tot vrou
geneem het toe hulle bedrieglik
nog vrou gelyk het, het lankal
aan die ontnugtering beswyk.
Sondae in die min kerk
haas die priester hom deur die mis,
want voor en agter en in
die middel, dáár kniel Marta
en Josefina en Angelita,
en God, hy is ook net 'n man.

Die priester droom dat hekse
dans, die heilige krale om elke dy,
en oumanstemme uit die kerkhof-
kluite bewerig die Kyrie sing.
Pot en besem en rosekrans,
besem, rosekrans en pot -
met stamp en prewel en fluistervee
heul wywe met die ewige wyf.

(Cussons, 1981:29.)

Die drie vroue Marta, Josefina en Angelita word vergestalt deur die herhaalde gebruik van woorde soos "pot en besem en rosekrans", "met stamp en prewel en fluistervee", asook "voor en agter en in die middel". Hulle word genoem "drie skikgodinne in swart" en hulle aardsheid is geleë in hulle voorkoms, optrede en die invloed wat hulle het. Hulle voorkoms is "houtgesig, kerf vir 'n mond/net die oë in die kasse woel".

Die vroue ontnugter hulle mans, "wat hulle tot vrou/geneem het toe hulle bedrieglik/nog vroue gelyk het ...". Selfs die priester "haas hom deur die mis" want "hy is ook net 'n man". Die destruktiewe krag van die vrou word dus weer hier beklemtoon in die gestalte van die "wywe" wat "heul met die ewige wyf".

Die drie vroue word vergestalt deur vroulike kodes soos *krake om die dye, fluister, prewel en smal stoele* wat die fyner vroulike figuur suggereer. Die vroulike kodes word deur huiskodes aangevul, naamlik *pot, besem, stoel en deure*. Hierdie kodes dui die stand van die vrou aan, naamlik die hardwerkende vrou wat huis skoonmaak, koskook en godsdiensoefening die huishouding lewend hou. Dit is ook die vrou wat elke Sondag in die mis is en "heul met die ewige wyf".

Die fisiese beskrywing van die drie vroue se gesigte lewer 'n interessante insig: die gesigte is strak - "houtgesig", die monde is slegs 'n "kerf" in die houtgesig (dus is die monde toe) maar die oë woel in die kaste. Die oog word gesien as simbool van intelligensie. Cirlot (1983:99) sê: "Given that the sun is the source of light and that light is symbolic of the intelligence and of the spirit, then the process of seeing represents a spiritual act and symbolizes understanding." Die vroue word dus hier gepersoneer as intelligente persone maar met destruktiewe mag - die manne het lankal van ontnugtering beswyk.

Ook in die gedig "Zwei gnädige Damen" word die aardse onversadigtheid vergestalt, weliswaar speels maar tog baie raak beskryf:

...
 en dan bestel sy op Duits
 van die Spaanse kelnerin tee en koek.
 Dit kom en toegewyd vlug skink
 en sny sy Mammie s'n: Ja? es ist gut,
 es schmeckt, ja? Mammie soos
 'n kat spin net. ...

(Gussons, 1981:1.)

'n Volledige paradigma van gulsigheid word gestel in woorde soos "swaar posture", "straal behaaglik", "toegewyd vlug skink", "hap dat haar kieste bol", "mondvol-moffelend", "vol geluk" en "verenigde boude" - alles dui op die feit dat "sy en Mammie is twee ertjies in 'n dop".

Tereg kan die ek-spreker in "Verwikkelde lyn" (1983:17) nadat die skets van die vrou voltooi is, "wonder wat dit is wat die lyf oorleef -" want al word hierdie vroue almal in hulle aardsheid geteken, is daar nog altyd die ondergrond van die gees, die dink, die heilige in alle mense teenwoordig, "iets te kompleks vir my woord".

3.8 SAMEVATTING

Die vrouepersonasies wat in hierdie hoofstuk bespreek is, is in die genoemde vyf kategorieë onderverdeel. Daar is aangedui wat die digter se motivering was vir die keuse van die geselekteerde vrouefigure en ook hoe daar deur al die gestaltes 'n dualisme uitgebeeld word van aardsheid en aardsgebondenheid teenoor heiligheid of verhewenheid - dus skepsel teenoor skepping.

Verder is aangetoon hoe die digter deur haar gestaltegewing van die verskillende vrouepersonasies, 'n verband gelê het tussen godsdiens en mitologie, historiese en kunstenaarsfigure en dan laastens die kontemporêre vroue wat die meerderheid is maar waarvan hulle belangrikste besit hulle aardsheid is.

Ook die digter se strewe na volmaaktheid of "wholeness" is in verband gebring met Jung se individuasiëteorie. Daar is aangedui dat die digter voortdurend bewustelik trag om die bewuste en die onbewuste met mekaar te verenig deur die opdieping en besinning oor die primordiale beeld of die argetipes.

Met die agtergrondgegewe aangaande die verskillende vrouepersonasies is ook aangetoon dat Cussons 'n sterk historiese so wel as religieuse bewussyn het en dat sy juis daardie gegewe gebruik om 'n "objective correlative" in haar gestaltegewing daar te stel.

Vervolgens sal ek nagaan hoe die beelding van die vrouepersonasies tot stand kom, die verwikkeldheid van die poëtiese proses en die samehang van die vrouepersonasies binne hierdie oeuvre. Daar sal verskeie toepaslike gedigte geselekteer word waarin die verwikkelde vrouebeelding aangedui sal word.